# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

# 3

Kwartaal 1



Onderwysersgids

Funda Wande
Reading for Meaning

3

Kwartaal 1

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis FoundationEndowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Ilustreerders**

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Omslag: **Anja Stoeckigt**

Ander illustrasies is verskaf deur:
**Alex Latimer**: bl. 11, 39, 47, 63 en 72;
**Crazy Cat**: bl. 84, 86 en 96;
**Patrick Latimer**: bl. 13, 33, 37, 51, 85 en 99;
**Jiggs Snaddon-Wood**: bl. 57, 59, 61 en 87;
**Zinelda McDonald**: bl. 60, 62 en 72;
**Rassie Erasmus**: klankwoorde.

---

**Foto-erkennings**

Funda Wande Media-span: alle foto's geneem in skole en klaskamers;
Bladsy 12, 14 en 24: **Matthew Childs** (Springbok-rugbyspan nadat hulle die IRB Wêreldbeker in 2019 gewen het),
Bladsy 9: **Mike Hewitt** (Siya Kolisi wat rugby speel);
Bladsy 13a: **Christiaan Kotze** (Temba Bavuma wat krieket speel);
Bladsy 13b: **Stringer** (Temba Bavuma in sy Protea-klere);
Bladsy 15a: **Sydney Seshibedi** (Amanda Dlamini in haar Banyana Banyana-klere);
Bladsy 15b: **Lefty Shivambu** (Amanda Dlamini wat sokker speel);
Bladsy 17a: **Ezra Shaw** (Caster Semenya met die Suid-Afrikaanse vlag);
Bladsy 17b: **Patrick Smith** (Caster Semenya wat hardloop);
Bladsy 19a: **Patrick Smith** (Wayde van Niekerk met 'n goue medalje);
Bladsy 19b: **Anton Geyser** (Wayde van Niekerk wat hardloop);
Bladsy 21 en 25: **Leon Sadiki** (Pretty Yende wat sing);
Bladsy 23: **Stringer** (Siya Kolisi met `n trofee);
Bladsy 27: **Rich Fury** (Trevor Noah wat praat);
Bladsy 29: **Leon Morris** (Brenda Fassie wat sing);
Bladsy 55: **Sowetan/Antonio Muchave** (danser in tradisionele xibelani-romp);
**iStock**: Bladsy 11f: **GlobalP** (stert van verkleurmannetjie);
Bladsy 41b: **jacoblund** (vrou wat klere van kente-materiaal dra);
Bladsy 43: **siete_vidas** (vroue met klere van tradisionele kanga-materiaal);
Bladsy 51: **Alessandro Biascioli** (vrou in kaftan);
Bladsy 53a: **NEIMUD** (vrou met tradisionele isicholo-hoed);
Bladsy 35: **Leonardo da Vinci** (Mona Lisa);
Bladsy 37: **MiaKora** (kaart van Afrika-materiaal);
**Shutterstock**: Bladsy 39a: **Tayvay** (vrou in tradisionele aso-oke-klere);
Bladsy 39b: **Tayvay** (man in tradisionele aso-oke-klere);
**WikiCommons**: Bladsy 21a: **ZSM** (kente-materiaal);
Bladsy 53b: **Retlaw Snellac Photography** (vrou met tradisionele isicholo-hoed);
Bladsy 103: **Ossewa** (strand in die Oos-Kaap);
Bladsy 59: **Maggie Laubser** (*Basutoland Hills*);
Bladsy 97: **MyAngelG** (olifant);
Bladsy 99: **Northern Cape Tourism** (Kalahariwoestyn).

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: **Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-998960-24-8

Version 2: 2025

**Enigiemand is vry om die materiaal te deel (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of aan te pas (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:**
***Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 3, Kwartaal 1, CC BY 4.0.***

**Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.**

**Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/**

# Inhoud


**Ikone en afkortings** iv

**Oorsig van Funda Wande-materiaal**

- Onderwysersgids: Wat om te onderrig 1
- Metodiekgids: Hoe om te onderrig 1
- Leerderaktiwiteitsboeke: Wat om daarmee te onderrig 1
- Onderrigplan, Kwartaal 1 2
- Weeklikse rooster, Kwartaal 1 4
- Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 1 5

**Week 1** Welkom in Graad 3! 6

**Week 2** Oor myself 8

**Week 3** Oor myself 20

**Week 4** Gevoelens 32

**Week 5** Gevoelens 44

**Week 6** Bly veilig 56

**Week 7** Bly veilig 68

**Week 8** Regte en verantwoordelikhede 80

**Week 9** Regte en verantwoordelikhede 92

**Week 10** Vaslegging en hersiening 104

**Assesseringsplan, Kwartaal 1** 106

**Huistaal Geletterdheid Voorgestelde Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste**

- Luister en Praat 107
- Klanke 108
- Lees en Begrip 109
- Handskrif 110
- Skryf Assessering 111

**Lewensvaardigheid Voorgestelde Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste**

- AK en PSW 112
- Visuele Kunste 113
- Uitvoerende Kunste 114
- Liggaamsopvoeding 115

**Fotokopieerbare assesseringsbladsye** 116

**Spelwoorde vir Kwartaal 1** 122

**Letters in lopende skrif** 124

# Ikone en afkortings

| Huistaal | |
|---|---|
|  | Hardoplees of Luister en Praat |
|  | Lees |
|  | Klanke |
|  | Skryf en Handskrif |
|  | Groepbegeleide Lees |
|  | Onafhanklike lees |

| | |
|---|---|
|  | Sien na en gee terugvoering (HT en LV) |

| Lewensvaardigheid | |
|---|---|
|  | Aanvangskennis en PSW |
|  | Skeppende Kunste |
|  | Liggaamsopvoeding |

| Ikone in die LAB | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| Skryf | Kleur in of teken | Knip uit |

Metodiekgids – MG
Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welstand – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in pare – PL
Onafhanklike lees – OW

# Oorsig van Funda Wande-materiaal

Die Funda Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid vir leerders in Graad 1–3, en is op die KABV gebaseer. Hierdie program help leerders om met begrip te leer, lees en skryf en ontwikkel terselfdertyd die grondbeginsels van algemene kennis, vaardighede en woordeskat. Die program berei leerders voor vir die hoër grade en ondersteun leerders by die aanleer van ander tale.

## Onderwysersgids: Wat om te onderrig

Vir elke kwartaal in die Grondslagfase is daar ’n **Onderwysersgids (OG)**. Die gidse is ’n dag-tot-dag-hulpbron vir besige onderwysers om te help met beplanning, ordening en assessering.

Die gids skep ’n raamwerk vir die inhoud van elke les – wat om te onderrig en in watter volgorde. ’n Weeklikse rooster en kwartaalplan word ook voorsien. Aan die agterkant van die Onderwysersgids (OG) word assesseringsaktiwiteite ingesluit. Die lesse en assesseringsaktiwiteite dek en is gebaseer op die KABV.










## Metodiekgids: Hoe om te onderrig




’n Aparte, oorkoepelende **Metodiekgids (MG)** gee riglyne oor die roetines sowel as voorstelle oor hoe om elke les in die Funda Wande-program te onderrig. Gebruik dit as riglyn vir opleiding aan die begin van elke kwartaal of om beplanning te doen. Jy kan dit ook enige tyd gebruik om te kontroleer of jy die stappe van lesse reg volg en of jy die les optimaal benut. **Op Maandae word spesifieke bladsye in die MG aangedui wat die onderrig van die week se lesse ondersteun.**

Vir elke tipe les verduidelik die MG:

1. die **doel** van die soort les: hoekom ons die lesse onderrig
2. **vordering** oor drie jaar: hoe die metodiek en teks wat in die program ingesluit word, vordering oor die drie grade heen toon om te verseker dat leerders meer vaardighede en kennis bekom
3. **metodiek**: hoe om die les in duidelike stap-vir-stap-volgorde te onderrig; die doel van elke stap en enige duidelike verskille tussen die grade
4. **differensiasie**: hoe om leerders op verskillende vlakke in die soort lesse te hanteer
5. **Informele Assessering**: hoe om die soort lesse te gebruik om die leerders se dag-tot-dag-vordering te assesseer
6. **Formele Assessering**: hoe om die vaardighede en kennis wat in die soort lesse aangeleer word, elke kwartaal formeel te assesseer, gebaseer op die KABV.

Die MG is ’n hulpbron vir alle Grondslagfase-onderwysers (Graad 1–3) om saam met die OG te gebruik.

## Leerderaktiwiteitsboeke: Wat om daarmee te onderrig

Die **Leerderaktiwiteitsboeke (LAB’e)** sluit die bladsye in wat deur die leerders gedurende die lesse gebruik word. Die bladsye is gerangskik in dieselfde volgorde as die aktiwiteite in die OG. Leerders voltooi sommige skriftelike aktiwiteite in die LAB, maar die langer skriftelike aktiwiteite word verkieslik in ’n oefenboek voltooi.









## Onderrigplan, Kwartaal 1

| Tema | Luister en Praat | Gedeelde Lees | GBL en Onafhanklike lees | Klanke | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Week 1: Oriënteringsweek** | | | | | |
| **Week 2<br>Oor myself/<br>Tydlyne** | **HL:** *Die storie van Siya Kolisi* (niefiksieteks – biografie)<br>**MA:** Nuus; beskryf my grootwordjare; demonstreer vaardighede | **Biografie:** *Die storie van Siya Kolisi* | **GBL: Grondlynassessering**<br>**OL:** Sinne en niefiksietekste oor Suid-Afrikaanse sportmense | **Spelling:** 10 woorde<br>**Taalstruktuur**: Werkwoorde; Teenwoordige en verledetyd<br>**Klanke:** Hersien dubbelklanke: aa, ee, oo, uu<br>**Spoedlees woorde** | |
| **Week 3<br>Oor myself/<br>Tydlyne** | **HL:** *Pretty Yende* (niefiksieteks – biografie)<br>**MA:** Ritme; toepaslike taal | **Biografie:** *Die storie van Siya Kolisi* | **GBL: Grondlynassessering**<br>**OL:** Sinne en tydlyne van Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsterre | **Spelling:** 10 woorde<br>Spelling- en dikteetoets<br>**Taalstruktuur:** Voorsetsels<br>**Klanke:** Hersien tweeklanke: ie, oe, ui, ou, eu, ei | |
| **Week 4<br>Gevoelens** | **HL:** *Pitso oorwin sy vrees* (niefiksieteks)<br>**MA:** Grootouers; identifisering van gevoelens | **Storie:** *Sindi se ouma kom kuier* | **GBL:** 2 groepe per dag<br>**OL:** Sinne en niefiksietekste oor materiaal en klere van Afrika | **Spelling:** 10 woorde<br>**Taalstruktuur:** Leestekens<br>**Klanke:** Hersien drieklanke: ooi, aai, oei, eeu<br>**Spoedlees woorde** | |
| **Week 5<br>Gevoelens** | **HL:** *Die hart van 'n aap* (fabel)<br>**MA:** Rolspeel seergemaakte gevoelens en hoe om om verskoning te vra | **Storie:** *Sindi se ouma kom kuier* | **GBL:** 2 groepe per dag<br>**OL:** Sinne en niefiksietekste oor tradisionele klere van Suid-Afrika | **Spelling:** 10 woorde<br>Spelling- en dikteetoets<br>**Taalstruktuur:** Sinonieme; Selfstandige naamwoorde<br>**Klanke:** Hersien drieklanke: ooi, aai, oei, eeu | |
| **Week 6<br>Bly veilig** | **HL:** *My liggaam behoort aan my*<br>**Luister en Praat Assessering 1: Aanbieding: Toe ek siek was** | **Storie:** *Ferdie Varkie leer 'n les* | **GBL:** 2 groepe per dag<br>**OL:** Sinne en niefiksietekste oor mediese instrumente | **Spelling:** 10 woorde<br>**Taalstruktuur:** Soorte sinne<br>**Klanke:** Hersien twee begin-medeklinkers: kr, kw, pl, pr, sk, sl, sm, sn, sp<br>**Spoedlees woorde** | |
| **Week 7<br>Bly veilig** | **HL:** *Die leeu en die vier bulle* (fabel)<br>**Luister en Praat Assessering 2: Luisterbegrip**<br>**Luister en Praat Assessering 1: Aanbieding: Toe ek siek was** (vervolg) | **Storie:** *Ferdie Varkie leer 'n les* | **GBL:** 2 groepe per dag<br>**OL:** Sinne en verhaal in vier hoofstukke: *Roep Jakkals* | **Spelling:** 10 woorde<br>**Klanke Assessering 1: Spelling en diktee**<br>**Taalstruktuur:** Btvoeglike naamwoorde<br>**Klanke:** Hersien twee begin-medeklinkers: st, sw, tw, tr, vl, kl, vr | |
| **Week 8<br>Regte en verantwoordelik-hede** | **HL:** *Respekteer mekaar* (storie)<br>**MA:** Bring en bespreek 'n foto/foto | **Sprokie:** *Hansie en Grietjie*<br>**Lees Assessering 2: Leesbegrip** | **GBL: Lees Assessering 1: Hardoplees**<br>(2 groepe per dag)<br>**OL:** Sinne en niefiksietekste oor soet lekkernye | **Spelling:** 10 woorde<br>**Klanke:** Hersien twee eindmedeklinkers: ks, lf, lk, ns, mp, rg, rk<br>**Klanke Assessering 2: Klanke Spoedlees woorde** | |
| **Week 9<br>Regte en verantwoordelik-hede** | **HL:** *Rooikappie* (sprokie)<br>**MA:** Storievertelling | **Sprokie:** *Hansie en Grietjie* | **OL:** Sinne en niefiksietekste oor spesiale omgewings in Suid-Afrika | **Spelling:** 10 woorde<br>Spelling- en dikteetoets<br>**Taalstruktuur:** Trappe van vergelyking; Versamelname<br>**Klanke:** Hersien twee eindmedeklinkers: rf, rm, rp, rs, rt, ts, lp, ng, nk<br>Twee medeklinkers aan die begin en einde van 'n woord | |
| **Hersiening** | | | | | |

**HL:** Hardoplees deur onderwyser **MA:** Mondelinge aktiwiteite **GL:** Gedeelde Lees

| | Handskrif | Taal en sinsbou | Skryf | Aanvangskennis en PSW | Skeppende Kunste | LO |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | Kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif) | Verwys na die *Metodiekgids* bl. 20–21 om te bepaal watter taalstrukture hierdie kwartaal onderrig moet word. Onderrig vind tydens Gedeelde Lees- en Skryflesse plaas. | **OW:** Persoonlike beskrywing: Toe ek jonk was | **Teks:** Groei: Stadiums van ontwikkeling<br>**Aktiwiteite:** Voltooi tabel oor ontwikkeling; voltooi vorm met persoonlike besonderhede | **VK:** Lyne en vorms; trek lyne<br>**UK:** Wys en vertel: Iets uit my grootwordjare | Aktiwiteitstasies |
| | Kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif) | | **GS:** Tydlyn: Pretty Yende<br>**OW:** Tydlyn: My tydlyn | **Teks:** Dier- en mensbabas: vergelyk tydlyne<br>**Aktiwiteite:** Tabel: Feite oor myself; bespreek tande en groei | **VK:** Lyne<br>**UK:** Luister en reageer op Suid-Afrikaanse musiek | Aktiwiteitstasies |
| | Kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif) | | **OW:** Beskrywing: Wat ek aangetrek het | **KWL:** Gevoelens<br>**Prentverhale:** Pitso se wedloop (om vrees te hanteer); Ayanda word kwaad (hoe om woede te hanteer)<br>**Konsephersiening** | **Kunsgalery:** Mona Lisa<br>**VK:** Teken portrette<br>**UK:** Uitdrukking van gevoelens; spel | Aktiwiteitstasies |
| | Kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif) | | **GS:** Beskrywing: 'n Karakter (twee paragrawe)<br>**OW:** Iemand wat ek ken | **Prenteverhaal:** Hoe om jammer te sê<br>**Aktiwiteite:** Om iemand se gevoeles seer te maak – skryf antwoorde by prente; vergelyk plakkate oor hoe om boelies te stop<br>**Konsephersiening** | **VK:** Portrette (vervolg)<br>**UK:** Rolspel: Om om verskoning te vra | Aktiwiteitstasies |
| | Kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif) | | **Skryf Assessering 1: Persoonlike vertelling: Toe ek siek was** | **Bespreek foto's:** My liggaam behoort aan my<br>**Aktiwiteite:** Watter situasies is veilig? In watter situasies word respek vertoon?<br>**Konsephersiening** | **Kunsgalery:** Perspektief<br>**VK:** Dimensie en perspektief: Teken 'n landskap<br>**UK:** Werk in pare/ rolspel: Sê "nee" | **LO Assessering 1: Atletiek** |
| | Kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif) | | **GS:** Toe en nou (twee paragrawe, twee tydsvorme)<br>**Skryf Assessering 2: My lewe tot dusver** | **AK Assessering 1: Noodhulpbyskrifte**<br>**AK Assessering 2: Tydlyn van 'n ongeluk**<br>**AK Assessering 3: Konsepte/ Woordeskat**<br>Bespreek: Noodhulp | **VK Assessering 1: Teken/verf 'n landskap**<br>**UK Assessering 1: Musiekuitvoering deur groepe** | Aktiwiteitstasies |
| | Vaslegging van kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif)<br>**Handskrif Assessering 1: Kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif)** | | **OW:** Bring en beskryf 'n prent | **KWL:** Regte en verantwoordelikhede<br>**Aktiwiteite:** Regte en verantwoordelikhede tuis en by die skool<br>**Konsephersiening** | **Kunsgalery:** Kleipotte<br>**VK:** Maak knyppotte<br>**UK:** Speletjie: "Standbeeld" | **LO Assessering 2: Speletjies** |
| | Vaslegging van kleinletters en verbindingslyne (lopende skrif) | | **GS:** Beskryf 'n skildery of prent<br>**OW:** Beskryf 'n skildery | **Plakkaat:** Klasreëls<br>**Aktiwiteite:** Aanvullend: Die grondwet; Kinderregte<br>**Konsephersiening** | **VK:** Knyppotte (vervolg)<br>**UK:** Dramatiseer/ rolspeel 'n storie | Aktiwiteitstasies |
| | | | | | | |

**GBL:** Groepbegeleide Lees **OL:** Onafhanklike lees **GS:** Gestruktureerde skryf

## Weeklikse rooster

Aanpassings vir onderrigtyd vir die DBO se Inhaalrooster word met rooi aangedui. As jy die Inhaalrooster gebruik, pas die lesplanne soos volg aan:

- Voeg die twee lesse vir **Visuele Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Voeg die twee lesse vir **Uitvoerende Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Vir **Liggaamsopvoeding** kan jy voortgaan met vier aktiwiteitstasies, maar die leerders kan slegs elke twee weke roteer.
- Die **addisionele GBL-lesse** kan benut word om aktiwiteite en vaardighede wat gedurende die week aangeleer is, te hersien en vas te lê. Voorsien Onafhanklike lees-aktiwiteite uit die DBO-werkboeke of E-klaskamer.

| **GRAAD 3 (Minimum HL)** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| **10 min** | **Admin.-periode: Register/kalendar/verjaarsdae/aankondigings** | | | | |
| **WISKUNDEBLOK**<br>**7 ure** ***(Vir Inhaalrooster, voeg 15 min. X 4 dae per week by)*** | | | | | |
| | | | | | |
| **GELETTERDHEIDSBLOK** | | | | | |
| **OORGANGSTYD: Liedjie** | | | | | |
| **15 min** | Luister en Praat/PSW (Nuus) *(Vir Inhaalrooster: 10 min.)* | Luister en Praat | Luister en Praat | Luister en Praat | Luister en Praat/AK (Hersiening van week) *(Vir Inhaalrooster: 10 min.)* |
| **OORGANGSTYD: Maak potlode skerp, deel boeke uit, doen handoefeninge** | | | | | |
| **15 min** | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke/Taal | Klanke (Spelling en diktee/ Spoedlees van woorde) |
| **10 min** | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif |
| **OORGANGSTYD: Aksierympie/-liedjie** | | | | | |
| **15 min** | Luister en Praat (Onderwyser lees hardop) | Gedeelde Lees (Begrip) | Gedeelde Lees (Woordeskat) | Gedeelde Lees (Taal/ Vlotheidsoefening) | |
| **15 min** | Gedeelde Lees (Lesse van E-klaskamer) | Skrif (Begrip) | Skrif (Woordeskat) | Skrif (Taal) | Onafhanklike Skryf |
| **OORGANGSTYD: Strek en skud. Groep beweeg na die mat vir GBL** | | | | | |
| **15 min** | GBL en Onafhanklike lees | GBL en Onafhanklike lees | GBL en Onafhanklike lees | GBL en Onafhanklike lees | GBL en Onafhanklike lees |
| **15 min** | GBL en Onafhanklike lees | GBL en Onafhanklike lees | GBL en Onafhanklike lees | GBL en Onafhanklike lees | GBL en Onafhanklike lees |
| **15 min** | | | | | Gedeelde Lees: Kontroleer en gee terugvoering (OL-tekste) |
| **45 min** | **EAT-BLOK**<br>***Vir Inhaalrooster, voeg 30 minute per week by)*** | | | | |
| **LEWENSVAARDIGHEIDSBLOK** | | | | | |
| **OORGANGSTYD: Aksierympie/-liedjie** | | | | | |
| **30 min** | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW *(Hersien konsep) (Vir Inhaalrooster: 15 min.)* | Aanvangskennis en PSW (DBO-werkboek) *Vir Inhaalrooster: laat die aktiwiteit weg* |
| **OORGANGSTYD: Doen asemhalingsoefeninge, deel materiaal uit** | | | | | |
| **30 min** | Visuele Kunste | Visuele Kunste *(Vir Inhaalrooster: vervang met ekstra GBL en Onafhanklike lees uit DBO-werkboeke)* | Uitvoerende Kunste | Uitvoerende Kunste *(Vir Inhaalrooster: vervang met ekstra GBL en Onafhanklike lees uit DBO-werkboeke)* | |
| **OORGANGSTYD: Verklee, beweeg na buite, voorsien apparaat** | | | | | |
| **30 min** | LO Aktiwiteitstasies *(Vir Inhaalrooster: vervang met ekstra GBL en Onafhanklike lees uit DBO-werkboeke)* | LO Aktiwiteitstasies | LO Aktiwiteitstasies *(Vir Inhaalrooster: vervang met ekstra GBL en Onafhanklike lees uit DBO-werkboeke)* | LO Aktiwiteitstasies | LO Aktiwiteitstasies *(Vir Inhaalrooster: vervang met ekstra GBL en Onafhanklike lees uit DBO-werkboeke)* |

## Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 1

Kies vier aktiwiteite per week deur op verskillende vaardighede te fokus.

| Beweging: Resies |
| --- |
| • Kruiwaresies<br>• Driebeenresies<br>• Naelloopresies (naellope, hurk in wegspringposisie) (sook ritme) |
| **Perseptueel-motories: Tennis-set/minitennis** |
| • Loop in ’n sirkel op ’n harde oppervlak.<br>1. Bons tennisbal in die lug en op die grond.<br>2. Bons tennisbal deur ’n spaan te gebruik.<br>3. Bons tennisbal aan albei kante van die spaan.<br>• In pare, vlughou: Slaan die bal oor die net/tou deur die voorhand te gebruik; slaan die bal oor die net/tou deur die rughand te gebruik.<br>• Speel ’n minitennis-wedstryd met punte. |
| **Ritme: Spronge** |
| • Verspringkompetisie<br>• Hoogspringkompetisie |
| **Koördinasie: Gooi** |
| • In pare, gooi en vang ’n tennisbal.<br>• Gooi en vang ’n bal deur onderarm/bo-oorarm/onderdeur been/met hande tesame. |
| **Ruimtelike oriëntasie: Hardloopspeletjie en hindernisbaan** |
| • Identifiseer sekere landmerke (boom, heining, gang,ens.)<br>• Die leerders neem beurte om instruksies aan hul groep te gee bv. hardloop na die heining, hardloop na die boom, draai om, hardloop terug na die heining, ens.<br>• Stel ’n ingewikkelde hindernisbaan op. |
| **Balans** |
| • Krieketwedstryd tussen twee spanne (ook sport en speletjies) |
| **Lateraliteit** |
| • In pare: Skop ’n sokkerbal deur voete af te wissel. |



# Welkom in Graad 3!

Die eerste week is nie ’n baie gestruktueerde week nie, alhoewel dit die toon aangee vir die res van die jaar. Hou die **kinders konstruktief besig** om die boodskap deur te gee dat skool harde, maar genotvolle werk is.

In die Leerderaktiwiteitsboek (LAB) is ’n paar hersieningsaktiwiteite van Graad 2-werk asook inligting vir die onderwyser oor die leerders se geletterdheidsvaardighede.

## VOORGESTELDE AKTIWITEITE VIR WEEK 1

### VESTIG ROETINES

- Vestig roetines vir **klaskamerbestuur** soos, byvoorbeeld, om na die mat te beweeg, toiletbesoeke, om in rye te staan, voedingskema, skoonhou van klaskamer, uitdeel, ingee en bêre van boeke (ry- of groepmonitors), skerpmaak van potlode, ens.
- Vestig ook roetines vir **sleutelleeraktiwiteite** soos: draai na **’n maat** en gesels, dra by tot klasbespreking (dink versigtig wat jy wil sê, steek jou hand op), luister aandagtig en reageer vriendelik (moenie ander se gevoelens seermaak nie).

### TEKEN, SKRYF EN LEES ELKE DAG

Versamel afvalpapier, werkvelle (kolletjie tot kolletjie, inkleur, maklike somme of lettervorme), potlode en bakkies vol kryte, asook ’n Lees in pare-boeke geleen van Graad 2, sodat die leerders vanaf Dag 1 kan teken, skryf en lees.

### LAB-AKTIWITEITE

Die Leerderaktiwiteitsboek sluit aktiwiteite soortgelyk aan EGRA in, wat gebruik kan word om vir die EGRA-toetsing te oefen. Gebruik die EGRA om die geletterdheidsvaardighede individueel gedurende Week 1–3 te toets. Hierdie aktiwiteit kan enige tyd gedurende die week gedoen word.

**Skryf die kleinletters**

- In hierdie aktiwiteit word inligting oor lettervromingsvaardighede hoof- en kleinletters verskaf.

**Hoeveel letters kan jy in 1 minuut lees?**

- Terwyl die onderwyser vir 1 minuut tyd hou, lees die leerders eers die kleinletters en dan die hoofletters. Indien enige leerder nog nie 40 letters in een minuut kan lees nie, moet genoeg geleentheid gebied word vir gereelde oefening en voortgegaan word met assessering totdat hulle die teiken bereik het.

**bl. 2**



DATUM

Skryf die kleinletters.

| | | | |
|---|---|---|---|
| A a | V | C | X |
| S | F | G | H |
| I | D | K | P |
| M | Y | O | L |
| Q | R | Z | T |
| U | B | W | J |
| N | E | | |

Hoeveel letters kan jy in een minuut lees?

2 • WEEK 1

### Merk die klanke wat jy ken

- Die leerders lees die klanke vir die onderwyser of ’n maat.

### Skryf die klanke wat jy hoor

- Die leerders skryf die klanke wat die onderwyser sê (enige klanke wat in Graad 2 aangeleer is).

**bl. 3**


DATUM

Merk die klanke wat jy ken.

| | | | |
|---|---|---|---|
| -ie- | -oe- | -ou- | -ei- |
| -eu- | bl- | br- | dr- |
| fr- | sk- | sm- | sp- |
| sw- | tr- | -ng | -nk |
| -lf | -ns | -rg | -rk |

Skryf die klanke wat jy hoor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | | |

WEEK 1 • 3

### Lees en beantwoord die vrae

- Die leerders lees die paragraaf individueel en beantwoord die vrae. Hierdie teks was ook in Graad 2, so dit is nie heeltemal nuut vir die leerders nie. Die aktiwiteit verskaf inligting oor die leerders se lees- en begripsvaardighede. Die leerders kan ook die paragraaf mondelings vir die onderwyser lees.

**bl. 4**


Ystervarke

Ystervarke gebruik hul veerpenne om hulself te beskerm. Hulle stamp hul voete en skud hul veerpenne om ander diere af te skrik. Indien die dier nie weggaan nie, hardloop die ystervark vinnig agteruit sodat hul skerp veerpenne in die ander dier vassteek. Ystervarke kan leeus, luiperds, honde en selfs mense beseer.

Nuwe veerpenne kom weer uit as ’n ystervark se veerpenne uitval. As baba-ystervarkies gebore word, is hul veerpenne baie sag. Dit neem ongeveer vyf dae voordat dit hard word.

1 Merk al die goed wat ystervarke doen om hulself te beskerm.
- stamp hul voete
- byt ander diere
- skud hul veerpenne
- hardloop teen die ander dier vas
- skiet hul veerpenne na die ander dier

2 Kan baba-ystervarkies hulself beskerm?
- Ja
- Nee

Hoekom? ____________________

4 • WEEK 1

## DBO-WERKBOEKAKTIWITEITE

Die leerders kan enige tyd van die week aktiwiteite uit die DBO-werkboeke vir Huistaal en Lewensvaardigheid doen.




## LIGGAAMSOPVOEDING

Gee die leerders die geleentheid om te beweeg en aktiwiteite buite te doen. Sien bl. 5 vir idees.



# Oor myself



## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders:**

- Lees en voltooi 'n tabel oor groei, en raak bewus van die vaardighede en kennis wat hulle sedert geboorte ontwikkel het.
- Raak bewus van hul eie en ander se individuele identiteite en geskiedenis deur oor 'n betekenisvolle onderwerp uit hul verlede te gesels.
- Skryf oor hul lewens tot dusver en skryf sinne vanaf 'n patroonsin.
- Leer oor vraag-antwoord-verhoudings om hul lees- en begripsvaardighede te versterk.
- Hersien hoofletters en klanke.
- Leer 10 spelwoorde.
- Begin met lopende skrif.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | kaptein | Wêreldbeker | toernooi | beurs | kosskool |
| | *captain* | *World Cup* | *tournament* | *scholarship* | *boarding school* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | geboortedatum | ouderdom | adres |
| | *date of birth* | *age* | *address* |

### Sin

Siya is op 16 Junie in die Oos-Kaap gebore.
*Siya was born on 16 June in the Eastern Cape.*

## TOERUSTING

- 'n Item uit jou verlede (vir bespreking in AK-aktiwiteit op Dinsdag)
- Papier en potlode vir Visuele Kunste-aktiwiteit
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Grondlynassessering:** Gebruik EGRA of bl. 2-4 in die LAB van Week 1 (Maandag tot Vrydag, individueel)

**Neem in en sien na:** Onafhanklike skryfwerk (My lewe tot nou, Vrydag); Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees woorde (Vrydag)

# Die storie van Siya Kolisi

Vandag se storie gaan oor 'n baie spesiale persoon, Siya Kolisi. Hy is beroemd omdat hy 'n kranige sportman is. Hy is die **kaptein** van die Suid-Afrikaanse rugbyspan, ook bekend as die Springbokke.

Maar hy was nie altyd beroemd nie. Hy is gebore in 'n klein dorpie in die Oos-Kaap. Sy moeder kon hom nie versorg nie en het hom na sy ouma geneem om by haar in die stad (Gqeberha) te bly.

Sy ouma het in 'n tweevertrekhuis gewoon. Sy het nie baie geld verdien nie, maar sy was baie lief vir klein Siya en het hom goed versorg. Daar was tye wat hy honger gely het, en soms nat wakker geword het as gevolg van 'n lekkende dak, maar Siya het 'n sterk, gedissiplineerde seuntjie geword wat lief was vir skool en hardloop. Hy en sy vriend sou elke dag 5km hardloop om fiks te bly. Eendag het hy 'n groep mans sien verby hardloop. Sy vriend het hom vertel dat hulle 'n rugbyspan was, genaamd Die African Bombers.



Siya wou meer van hierdie sport, rugby, uitvind. Hy het begin kyk hoe die span oefen en so het hy sy kennis oor hierdie sport verbreed. Sy pa het rugby gespeel en het vir hom die reëls van rugby geleer. Soms het hy die rugbybal geskop. Die afrigter van die rugbyspan het agterkom hoe goed hy die bal geskop het en hy het Siya gehelp om na 'n skool te gaan waar hy rugby kon speel. Siya het gou-gou die kaptein van die skool se rugbyspan geword.

Eendag was daar 'n skolerugby **toernooi**. Al die skole in Gqeberha het deelgeneem, insluitende Siya se span. Die onderwysers van ander skole het waargeneem hoe goed Siya gespeel het en een skool, genaamd Grey Hoërskool, het hom 'n **studiebeurs** aangebied.

So moes Siya dan sy huis verlaat om 'n **koshuisbewoner** by dié skool te word. Hy het met die ander seuns by die skool bevriend geraak en aangehou om rugby te speel. In sy laaste skooljaar het hy kaptein van sy skoolspan geword en is later gekies om vir die Oostelike-Provinsie se skolerugbyspan te speel.

Nadat hy skool voltooi het, is Siya gekies om vir die Westelike-Provinsie rugbyspan in Kaapstad te speel. Hy het na Kaapstad verhuis en het begin om voltyds rugby te speel. Hy het dus 'n professionele rugbyspeler geword. Dit was sy werk. Dit het nie lank geneem voordat hy gekies is om vir die Suid-Afrikaanse rugbyspan, die Springbokke, te speel nie. Twee jaar later het hy kaptein van die span geword. Hy was ook die kaptein toe Suid-Afrika die **Wêreldrugbybeker** in 2019 gewen het.

# MAANDAG

## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir 'n maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).

## KLANKE Soek die woorde

bl. 15
15 min
MG bl. 8–13


DATUM

Soek die woorde

~~week~~ duur baan meet muur woon
veer doof jaar taal hoof huur

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| k | c | v | g | h | d | a | f | a | t |
| e | x | e | p | o | o | v | w | e | a |
| m | u | e | d | o | d | b | m | w | a |
| u | h | r | m | f | u | a | e | o | l |
| m | u | f | r | m | u | a | e | o | w |
| u | u | d | o | w | r | n | t | n | e |
| u | r | o | j | a | a | r | z | d | e |
| r | s | o | c | a | h | o | a | a | k |
| g | f | f | n | m | d | x | v | i | a |

Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.

1

2

3

WEEK 2 • MAANDAG • 15

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Lees die spelwoorde vir die week op bladsy 122 van hierdie gids.
- Verduidelik aan leerders dat die woorde getoets gaan word.
- Vir tuiswerk, oefen leerders om hierdie woorde te skryf.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.

## HANDSKRIF Lopende skrif *i*, *ii*

bl. 14
10 min
MG bl. 38–41




- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
  - Berei toerusting en die klaskamer voor.
  - Doen opwarminghandoefeninge.
  - Demonstreer nuwe letters op die bord. Artikuleer die bewegings terwyl jy skryf.
  - Leerders oefen letterbewegings en begin dan.
- Leerders trek die werk vir Maandag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.

## LEES Die onderwyser lees hardop

OG bl. 9
15 min



**Vóór lees**
- Van wie het julle al gehoor wat vir ons land sport gespeel het? Watter sport het hulle gespeel?
- Kyk na die prent op bl. 6 in die LAB. Wie is dit? Watter sport beoefen hy?
- **Voorsien 'n doel om te luister:** Luister na die storie van Siya Kolisi om uit te vind hoe hy so goed in sy sport geword het.

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**
- Is hierdie 'n ware verhaal? Hoe weet jy dit?
- Waarvan hou jy die meeste omtrent die storie?

## LUISTER EN PRAAT: BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klanklees gebaseer is.



## GROEPBEGELEIDE LEES

### Grondlynassessering

**Berei voor vir GBL**

- Verduidelik die roetine en riglyne vir **Onafhanklike lees**. Dit is wat leerders behoort te doen terwyl jy met 'n GBL-groep werk.
- Lees die sinne as 'n **klasaktiwiteit**.
- Demonstreer hoe om stillees te doen. Loop deur die klas terwyl die leerders dit oefen.

- Bespreek wat om te doen indien jy by 'n onbekende woord kom.

**Onafhanklike lees**

- Die leerders lees weer die sinne.
- Beantwoord die vrae.

**Terwyl die leerders onafhanklik werk, doen individuele EGRA-assessering. Gebruik hierdie assessering om die leerders in groepe te verdeel.**

bl. 16

30 min

MG bl. 28–30






## AANVANGSKENNIS

### Groei

**Bestaande kennis**

- Wat kan jy nou doen wat jy as 'n baba nie kon doen nie?

**Gedeelde Lees**

- Lees die teks in die LAB saam met die leerders.

**Nuwe kennis**

- Gesels oor babas en peuters wat die leerders ken. Wat kan hulle doen? Wat moet hulle nog leer om te doen? Hoe kan ons hulle help?

**Skryf**

- Die leerders voltooi die sinne in die LAB.

bl. 17

30 min






## VISUELE KUNS

### Lyne en vorms

**Onderrig lyne**

- 'n Lyn verbind twee punte.
- Onderrig die liedjie, beduie met voorarms voor die bors: horisontaal, vertikaal, diagonaal, loodreg, parallel.

**LAB-aktiwiteit**

- Watter soort lyne sien jy op die bladsy? Lees die woordeskat.
- Teken met 'n kryt oor 'n spiraal, 'n horisontale lyn, en 'n geboë lyn.
- Pare: Wys en benoem die vorms wat jy geteken het.

**Onderrig vorms**

- 'n Vorm is 'n plat spasie wat deur lyne omring word.
- Pare: Maak beurte om 'n vorm met jou vingers in die lug te maak. Kan 'n maat jou vorm identifiseer? Voeg 'n klank by jou vorm.
- Leer die verskil tussen geometriese en organiese of natuurlike vorms.
- Trek oor 'n organiese vorm op die bladsy in die LAB.

bl. 18

30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die toerusting voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die toerusting en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**

Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

30 min

MG bl. 51–52



Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT — My kinderjare

15 min

**Klasbespreking**

- Herken julle enige van hierdie gebeure? Hoe oud was jy toe jy begin loop het? Wat was jou eerste woord of woorde? Wie het jou opgepas toe jy ’n peuter was?
- Waar sal jy hierdie antwoorde kry?

**Stel ’n voorwerp uit jou verlede (kinderjare) bekend**

- Wys aan die leerders ’n item uit jou kinderjare, bv. ’n kombers, pop, boek, ens.
- Sê wat dit is; wanneer jy dit gebruik en waarom dit vir jou belangrik is.
- Verduidelik dat die leerders elkeen ’n voorwerp uit hul kinderjare moet kies. Hulle sal dit hierdie week tydens LO “wys en verduidelik”.



## KLANKE — Taal: Werkwoorde, Verlede tyd

bl. 19
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Onderrig taal.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.



DATUM

Werkwoorde

’n Werkwoord is die woord in ’n sin wat die **aksie** aandui. Ons sê ook dat werkwoorde **doenwoorde** is, byvoorbeeld: **skop**, **speel**, **spring**.

**Voltooi die sinne met die regte werkwoorde.**

blaf borsel draf lees ry

1 Die atleet ________ elke oggend.
2 Die seun ________ sy boek.
3 Die hond ________ vir die kat.
4 Die meisie ________ met die trein.
5 Sy kan self haar tande ________.

Vandag en gister

’n Werkwoord kan ook help om **tyd** of **wanneer** die aksie plaasvind, aandui.

| Teenwoordige tyd (vandag) | Verlede tyd (gister) |
|---|---|
| aksie wat **nou** plaasvind | aksie wat **reeds** plaasgevind het |
| normale werkwoord | het + ge- + normale werkwoord |
| Ek **werk** in die tuin. | Ek **het** in die tuin **gewerk**. |
| het | het + gehad |
| Ek **het** masels. | Ek **het** masels **gehad**. |
| is | was |
| Hulle **is** arm. | Hulle **was** arm. |

**Skryf die sinne oor in die verlede tyd in jou oefenboek.**

1 Sy skryf in haar boek.
2 Hulle eet vars vrugte.
3 Ons is dikwels laat.
4 Ek ruik die blomme.
5 Hy het verkoue.

WEEK 2 • DINSDAG • 19



## HANDSKRIF — Lopende skrif *t*, *tt*

bl. 14
15 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Dinsdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

bl. 6–11
15 min

**Vóór lees**

- Vestig ’n roetine vir Gedeelde Lees (sien bl. 11).
- Lees die titel. Wat onthou julle van Siya Kolisi?

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie **saam met** die leerders.
- Stop om enige nuwe woorde of konsepte te verduidelik deur, byvoorbeeld, die prente of ’n sinoniem te gebruik.

**Ná lees**

- Van watter illustrasie het jy die meeste gehou? Waarom? Wat verduidelik die illustrasie?



Die storie van Siya Kolisi

Siyamthanda Kolisi is die kaptein van die Suid-Afrikaanse rugbyspan. Hy was die kaptein toe Suid-Afrika die Rugby Wêreldbeker in 2019 gewen het. Hierdie is sy lewensverhaal.

6 • WEEK 2



## SKRYF — Leesbegrip 1

bl. 12
15 min

**Stel vraagtipes bekend**

- **Soek-en-vind-vrae:** Skandeer die teks totdat jy die antwoord op die geskrewe bladsy gevind het. (Wanneer jy skandeer, beweeg jy jou oë vinnig oor die bladsy of bladsye om ’n spesifieke woord of prent te vind.)
- **Lees- en-dink-vrae:** Lees die hele teks en dink mooi hoe om die vraag te beantwoord.
- **Op-my-eie-vrae:** Gee jou eie antwoord gebaseer op wat jy weet of dink. Die antwoord sal nie in die teks wees nie.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.



DATUM

Leesbegrip 1

Lees **Die storie van Siya Kolisi**.

Lees en dink

1 Oor wie gaan hierdie storie?
2 Is Siya Kolisi ’n regte mens? (ja of nee)
3 Is hierdie storie niefiksie (ware feite) of fiksie (denkbeeldig)?

Soek en vind

4 Wat word die Suid-Afrikaanse rugbyspan genoem?
5 By hoeveel skole het Siya skoolgegaan?
6 In watter jaar het Siya vir Suid-Afrika begin rugby speel?

12 • WEEK 2



## GROEPBEGELEIDE LEES

### Grondlynassessering

bl. 20
30 min

**Berei voor**

- Herinner die leerders aan die roetine en riglyne vir **Onafhanklike lees**.
- Lees die teks *Temba Bavuma – krieketspeler* as 'n **klasaktiwiteit**.
- Demonstreer hoe om stillees te doen. Loop deur die klas terwyl hulle hierdie vaardigheid oefen.
- Bespreek wat om te doen indien hulle by 'n woord kom wat vir hulle onbekend is.

**Onafhanklike lees**

- Die leerders lees weer die teks *Temba-Bavuma – krieketspeler*.
- Beantwoord die vrae.

**Doen individuele EGRA-assesserings terwyl die leerders onafhanklik werk.**






## AANVANGSKENNIS

### Wat kan hulle doen?

bl. 21
30 min

**Bestaande kennis**

- Wat het jy uit gister se teks geleer? (*Soos ons groot word, leer ons nuwe vaardighede en kennis.*)
- Na watter vaardighede sien jy uit om te leer soos jy groot word? (*bv. om motor te bestuur*) Motiveer en moedig die leerders aan om 'n droom en doel in die lewe te hê.

**Lees en bespreek**

- Hersien hoe 'n tabel werk, dit wil sê, lees die opskrifte van elke kolom en die woorde aan die linkerkant.
- Verduidelik die aktiwiteit.
- Beklemtoon dat ons, soos ons groei, in staat is om nuwe vaardighede te leer. Dit is waarom ons nuwe dinge by die skool en by die huis kan doen.

**Skryf**

- Die leerders werk in pare om te besluit watter kolomme hulle vir elke ouderdomsgroep moet afmerk deur hul redenering- en logikavaardighede te gebruik.






## VISUELE KUNS

### Teken lyne

30 min
MG bl. 38–41

**Bestaande kennis**

- Herhaal die liedjie met aksies: horisontaal, vertikaal, diagonaal, loodreg, parallel.

**Aktiwiteit (papier en potlood)**

- Gee instruksies soos die volgende, een op 'n keer:
  - Teken 'n lyn dwarsoor die bladsy om die beweging van een van die volgende aan te dui: 'n klein mier wat oor die bladsy kruip/'n hasie wat spring/'n vlieënde arend/'n bewegende slak wat 'n silwer spoor agterlaat.
  - Teken 'n lyn om gevoelens soos kwaad/verward/opgewonde uit te beeld.
  - Teken 'n lyn deur hard/sag/met die kant van die potlood te druk.

**Bêre die bladsye om volgende week te voltooi**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min
MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Aanbiedingsvaardighede

15 min

**Kontekstualiseer**
Die leerders gaan later die week hul aanbiedinge oor "'n Voorwerp uit my verlede" doen.

**Demonstreer**
Demonstreer en laat die leerders dan hul aanbiedingsvaardighede oefen.

- Staan stil.
- Kyk vir die klas.

- Groet en stel jouself bekend: *Hallo/Goeiemôre, my naam is …*
- Sê waaroor jy gaan praat: *Ek gaan oor 'n item uit my verlede praat …*
- Wys die item waaroor jy gaan praat: *Dit is my spesiale kombers. Julle sal sien …*
- Verduidelik waarom dit so belangrik is: *Dit is vir my belangrik, want…*
- Bedank die klas aan die einde dat hulle geluister het: *Baie dankie dat julle na my geluister het.*



## KLANKE — Skryf sinne

15 min

MG bl. 8–13

- Skryf die 10 spelwoorde op die bord.
- Leerders gebruik die woorde om 10 sinne in hul oefenboeke te skryf.
- Gee een of meer voorbeelde mondelings. Moedig leerders aan om hul sinne uit te brei.
- Leerders kan daarna hul sinne vir 'n maat of die klas lees.






## HANDSKRIF — Lopende skrif *i*, *it*

bl. 14

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Woensdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## LEES — Woordeskat

bl. 6–11

15 min

**Gedeelde Lees**

- Lees weer die teks **saam met** die leerders.

**Woordeskatwoorde**

- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kaptein | Wêreldbeker | toernooi | beurs | kosskool |

- **Woordsoek:** Terwyl jy lees, moet die leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks raaksien. Hulle omkring of onderstreep elke woord.
- Bespreek die betekenis van elke woord binne die konteks van die storie.

**Die leerders sorteer flitskaarte** in alfabetiese volgorde.






## SKRYF — Woordeskat en taal

bl. 22

15 min

**Mondeling**

- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**

- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders kopieer die vyf flitskaartwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die woordeskatflitskaarte** teen die woordmuur.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Grondlynassessering**

bl. 23

30 min

**Berei voor**

- Vra die leerders om die roetine en riglyne vir **Onafhanklike lees** te hersien.

**Onafhanklike lees**

- Die leerders lees die teks *Amanda Dlamini – sokkerspeler*.
- Beantwoord die vrae.

**Doen individuele EGRA-assesserings terwyl die leerders onafhanklik werk.**






## AANVANGSKENNIS

**Oor myself**

bl. 24

30 min

**Bestaande kennis**

- Wat is die doel van vorms en waarom moet dit korrek ingevul word? (*Verandering van skool, ID, paspoort, aansoek vir 'n beurs, by die hospitaal*)

**Lees en bespreek**

- Lees die vorm. Die leerders beantwoord die vrae mondelings.
- Waar sal julle die inligting kry indien jy dit nie weet nie?

**Aktiwiteit**

- Verduidelik dat ons drukskrif (nie lopende skrif nie) gebruik, en netjies en duidelik moet skryf wanneer ons 'n vorm invul.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Hulle vra tuis die antwoorde op enige vrae waaroor hulle onseker is.






## UITVOERENDE KUNSTE

**Item uit my vroeë kinderjare**

30 min

**Berei voor**

- Vestig aanvaarbare gedrag vir aanbieders en gehoor.
- Verduidelik dat elkeen oor die volgende paar dae 'n geleentheid gaan kry om te praat.
- Verduidelik dat elke leerder slegs 2 minute kry om te praat.

**Bied aan**

- Die leerders doen hul aanbieding oor 'n item uit hul kinderjare (wat hulle die Dinsdag bekendgestel het). Hulle kan dit óf beskryf óf wys. Daarna sê hulle wat dit is, wat hulle daarvan onthou en waarom dit só belangrik vir hulle is.
- Stop die leerders beleefd na 2–2½ minute.
- Bedank die leerders na elke aanbieding.

**Na die dag se aanbiedings**

- Gee die leerders die geleentheid (5 minute) om kortliks positiewe kommentaar te lewer.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT Aanbiedingsvaardighede

15 min



**Hersien aanbiedingsvaardighede.** Verwys na goeie aanbiedings van die vorige dag in UK.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Watter aanbieding het julle die meeste geniet? Waarom?
- **Pare:** Vertel vir 'n maat.
- **Deel** met die klas.
- Gebruik jou aantekeningboek om jou waarneming aan te teken.



## KLANKE Voltooi die sinne

bl. 25
15 min
MG
bl. 8–13




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.
- Leerders leer die spelwoorde vir tuiswerk.



## HANDSKRIF Lopende skrif *t*, *ti*

bl. 14
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Donderdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## GEDEELDE LEES Taal

15 min

**Gedeelde Lees**
- Lees die volgende twee bladsye van die teks saam met die leerders.

**Stel die sin bekend**
- Skryf die sin op die bord.
- Die leerders vind die sin op bl. 7 in die teks.
- Hulle onderstreep/verlig die sin.

**Werk met die sin. Identifiseer:**
- Die woord wat vir ons sê oor **wie** die sin gaan. *(Siya)*
- Die **syfer en woord** wat vir ons Siya se geboortedatum aandui.
- Die woord wat vir ons sê **waar** Siya gebore is.
- Die woorde wat met hoofletters begin. Waarom begin hierdie woorde só?
- Die woord of gedeelte daarvan wat vir ons sê dat dit in die verlede gebeur het. (*is gebore*)






## SKRYF Taal

15 min

**Skryf**
- Demonstreer hoe om die sin van Gedeelde Lees as 'n patroon te gebruik.
- Skryf 'n nuwe sin met dieselfde patroon op die bord.
- Leerders skryf twee verskillende sinne in oefenboeke deur die patroon te gebruik.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Grondlynassessering**

**bl. 26**
**30 min**

**Berei voor**
- Vra die leerders om die roetine en riglyne vir **Onafhanklike lees** te hersien.

**Onafhanklike lees**
- Die leerders lees die teks *Caster Semenya – atleet.*
- Beantwoord die vrae.

**Doen individuele EGRA-assesserings terwyl die leerders onafhanklik werk.**


DATUM

Caster Semenya – atleet

Caster Semenya is in Limpopo gebore. Sy het op hoërskool aan atletiek deelgeneem. Sy het altyd die 800 m-wedlope gewen. Sy het twee keer aan die Olimpiese Spele deelgeneem. Sy het elke keer 'n goue medalje vir Suid-Afrika gewen.

Soek en vind
Hoeveel goue medaljes het Caster Semenya gewen?

Op my eie
Wat is die Olimpiese Spele?

26 • WEEK 2 • DONDERDAG ONAFHANKLIKE LEES



## AANVANGSKENNIS

**’n Item uit my kinderdae**

**30 min**

**Bespreek**
- **Groei:** Hoe het ons fisies gegroei?
- **Vaardighede:** Wat kan ons nou doen wat ons nie kon doen toe ons jonger was nie? Na watter vaardigheid sien julle uit om aan te leer?
- **Ons geskiedenis:** Wat het jy omtrent jou eie geskiedenis geleer? Hoe? Wat het jy omtrent ’n ander leerder se geskiedenis geleer?
- **Vorms:** Wanneer moet jy vorms invul?

**Engels EAT:** *birthday*, *age*, *address*



## UITVOERENDE KUNSTE

**’n Item uit my kinderdae**

**30 min**

**Berei voor**
- Gaan voort met aanbiedings.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**25 min**

**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT

### Hersiening van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Waarvan het jy die week die meeste by die skool gehou? Was daar enigiets wat jou ontstel het?
- **Pare:** Deel met 'n maat.
- **Deel:** Hoe kan ons 'n gelukkiger, leersame gemeenskap wees?



## KLANKE

### Spoedlees woorde

bl. 27

15 min

MG bl.16



DATUM

Spoedlees woorde

**Lees die woorde saam met 'n maat. Merk die woorde wat jy kan lees. Leer die woorde wat jy nie kon lees nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| been | rooi | gras | snoek | ring |
| loop | haai | klop | spoor | lank |
| haas | leeu | knyp | stoot | kalf |
| huur | roei | kraai | swerf | wolk |
| lief | blaf | kwaad | trok | mens |
| hoek | breek | plaas | vlag | sent |
| hout | dra | praat | vrou | hond |
| huil | fraai | skaam | spring | hemp |
| klei | fles | smeer | straat | koms |
| deur | glas | slag | skroef | berg |

Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees?
Hoogste telling: ________ woorde
Probeer jou telling verbeter.

WEEK 2 • DONDERDAG • 27

**Lees die woorde vir die leerders**

**Pare lees die woorde**

- Leerders maak beurte om die woorde vir mekaar te lees.
- Elkeen kry 1 minuut om te lees.
- Leerders skryf neer hoeveel woorde hulle kon lees.
- Herhaal om telling te verbeter.

**Gee terugvoering**

- Lees weer die woorde saam met die leerders.
- Leerders omkring die woorde wat hulle verkeerd gelees het, indien enige.



## HANDSKRIF

### Hersiening

bl. 14

10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Vrydag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.



## ONAFHANKLIKE SKRYF

### Skryf oor jouself

15 min

MG bl. 38–41




- Leerders skryf 'n paragraaf van twee of meer sinne in oefenboeke.
- Verduidelik die riglyn vir "wend 'n poging aan" om te skryf.
- Hou 'n kort bespreking voor hulle begin skryf oor waaroor hulle kan skryf.
- Verduidelik: Sinne 'loop aan' in 'n paragraaf.
- **Let op na:** Interessante herinneringe.



## GROEPBEGELEIDE LEES

### Grondlynassessering

bl. 28

30 min



DATUM 5

Wayde van Niekerk – atleet

Wayde van Niekerk is in 1992 in die Wes-Kaap gebore. Hy het op skool van rugby en atletiek gehou. Op hoërskool het hy 200 m-wedlope gehardloop en altyd gewen. Op die ouderdom van 20 jaar het hy begin om 400 m-wedlope te hardloop. By die Olimpiese Spele in 2016 het hy die wêreldrekord verbeter en 'n goue medalje gewen.

Soek en vind

Watter twee afstande het Wayde van Niekerk gehardloop?

________ en ________

Op my eie

Noem nog 'n Suid-Afrikaanse atleet wat al 'n goue medalje gewen het.

________

28 • WEEK 2 • VRYDAG ONAFHANKLIKE LEES

**Berei voor**

- Vra die leerders om die roetine en riglyne vir **Onafhanklike lees** te hersien.

**Onafhanklike lees**

- Die leerders lees die teks *Wayde van Niekerk – atleet*.

**Doen individuele EGRA-assessering terwyl die leerders onafhanklik werk.**



## LEES Sien na en gee terugvoering

15 min



**Lees en beantwoord vrae**
- Lees hierdie week se **Onafhanklike lees**-teks hardop vir die klas.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde by teks A–D en laat die leerders self nasien.

**Bespreek die teks**
- Van watter teks het julle die meeste gehou? Waarom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Parafeer net. Let op wie nie kan lees en vrae beantwoord nie.



## AANVANGSKENNIS DBO-werkboektyd

30 min




**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- DBO-werkboek 1 vir Lewensvaardigheid, bl. 2 en 3.
- DBO-werkboek 1 vir Huistaal Werkboek, bl. 7.

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem**
- **die werk nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **identifiseer** enige lesse wat ek nie kon voltooi nie
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## OORSIG WEEK 3

# Oor myself



### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders:**

- Lees oor die tydlyne van mense in die vermaaklikheidswêreld.
- Vergelyk en kontrasteer mens- en dierbabas se tydlyne.
- Skep en kleur hul lyntekeninge in met verskillende skakerings van blou.
- Luister en beweeg op verskillende soorte musiek.
- Skryf sinne in die verlede tyd.
- Versterk die konsep dat begripsvrae aan jou vertel waar om vir die antwoord te soek.
- Leer 10 spelwoorde.
- Skryf hul eie tydlyn.

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | kaptein | Wêreldbeker | toernooi | beurs | kosskool |
| | *captain* | *World Cup* | *tournament* | *scholarship* | *boarding school* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | groei | geskiedenis | vaardighede |
| | *growth* | *history* | *skills* |

**Sin**

Siya is op 16 Junie in die Oos-Kaap gebore.
*Siya was born on 16 June in the Eastern Cape.*

### TOERUSTING

- Papier en verf of kryte vir die Visuele Kunste-aktiwiteit
- Drie verskillende soorte musiekstukke vir beweging
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

### ASSESSERING

**Grondlynassessering:** Gebruik EGRA of bl. 2–4 in die LAB, Week 1 (Maandag tot Vrydag, individueel)

**Neem in en sien na**: Onafhanklike skryfwerk (Tydlyn, Vrydag); Woordeskat en taal (Woensdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel**: Spelling en diktee (Vrydag); Oefen vlotheid (Donderdag)

# Pretty Yende

Pretty Yende is op 6 Maart in die Mpumalanga-provinsie, naby Eswatini, gebore. Sy was die eersgeborene van haar familie en was van kindsbeen af lief vir musiek. Elke Sondag op pad kerk toe, het haar ouma vir haar gesange leer sing.

In haar tienerjare het sy 'n lid van haar kerk se jeuggroep geword. Sy het gereeld as solis opgetree of die leiding met sang by haar kerk geneem, so het sy gewoond geraak daaraan om voor gehore te sing. Maar sy was ook 'n hardwerkende leerder en het op hoërskool besluit om rekenkunde te gaan studeer. Haar moeder was 'n onderwyser en het vir Pretty en haar broers en susters aangemoedig en ondersteun. Haar pa was baie trots dat sy so goed presteer het.



Pretty het daarvan gehou om na musiek op die radio en TV te luister. Sy en haar vriende het altyd die nuuste liedjies aangeleer en danspassies daarop geoefen wanneer hulle bymekaargekom het. Dit was ook op TV wat sy die lied gehoor het wat haar hele lewe verander het. Sy het ná 'n advertensie vir die Britse Lugredery gekyk, toe sy die lied *The Flower Duet* gehoor het. Sy het nog nooit voorheen so iets gehoor nie. Sy sê dit was soos om iets goddeliks te hoor.

Die volgende dag het sy by die skool vir haar musiekonderwyser daaroor uitgevra. Hy het verduidelik dat dit opera was. Opera is die tipe musiek wat hoofsaaklik in Europa gevind is, want daardie tyd was daar baie min swart Suid-Afrikaanse operasangers. Pretty het daar en dan geweet dit is wat sy graag wou leer doen. Sy was slegs 16 jaar oud, maar sy het uitgevind dat daar 'n swart operasanger en -onderwyser in Kaapstad by die univeristeit was. Sy het hom geskakel en gevra of sy vir 'n oudisie kan kom, want sy wil graag opera leer sing.

En so is 'n ster gebore. Sy het in Kaapstad opera gestudeer en operakompetisies begin wen. Daarna het sy verder in Italië, die tuiste van opera, gaan studeer. Kort daarna is sy gevra om hoofrolle in operas in Italië, New York, London en Parys te vertolk. Sy is een van dié mees bekende operasangers in die wêreld.

Wie sou kon dink dat één liedjie tot iets só ongeloofliks kon lei!

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir 'n maat. Reageer vriendelik teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** *(wat om te bring, spesiale gebeure, ens.)*



## KLANKE Soek die woorde

bl. 30
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Lees die spelwoorde vir die week op bladsy 122 van hierdie gids.
- Verduidelik aan leerders dat die woorde getoets gaan word.
- Vir tuiswerk, oefen leerders om hierdie woorde te skryf.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.


DATUM

Soek die woorde

beur geut bou leun mou gou
deur keil reis flou lei wei

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| w | y | z | a | r | m | q | u | s | l |
| p | a | a | f | e | o | g | i | n | e |
| n | g | z | o | i | u | t | i | n | u |
| l | a | l | t | s | w | j | b | m | n |
| e | t | a | i | n | e | v | o | e | u |
| i | d | e | u | r | i | e | u | y | e |
| b | e | u | r | g | e | u | t | g | d |
| e | n | o | d | k | e | i | l | o | c |
| n | u | f | l | o | u | z | u | u | t |

Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.

1

2

3

30 • WEEK 3 • MAANDAG



## HANDSKRIF Lopende skrif *n, ni*

bl. 29
10 min
MG bl. 31–37

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
  - Berei toerusting en die klaskamer voor.
  - Doen handopwarmingsoefeninge.
  - Demonstreer op die bord hoe om nuwe letters te skryf. Beskryf elke beweging terwyl jy skryf.
  - Leerders oefen eers die letterbewegings en begin dan skryf.
- Leerders trek die werk vir Maandag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## LEES Onderwyser lees hardop

OG bl. 21
15 min



**Vóór lees**

- Watter Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsterre ken jy? Wat doen hulle?
- Wys die prent van Pretty Yende op bl. 36 in die LAB.
- Doelwit: Terwyl jy na die storie luister, moet jy luister om uit te vind hoe oud Pretty was toe sy besluit het dat sy 'n operasangeres wou wees.

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**

- Toets begrip: Wat het vir Pretty geïnspireer om 'n operasangeres te word?
- Wie van julle het al na operasang geluister? Het julle dit geniet?
- Vind en speel die lied The Flower Duet om te sien wat vir Pretty geïnspireer het

## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op die klank-leesboeke gebaseer is.



## GROEPBEGELEIDE LEES

### Grondlynassessering

bl. 31
30 min
MG bl. 28–30



DATUM

Lees die sinne

Ons bak 'n koek.

Die skaap wei in die veld.

Die mier loop in die tuin.

My oom bou 'n huis.

Ek gaan met die trein reis.

Waar loop die mier?

ONAFHANKLIKE LEES WEEK 3 • MAANDAG • 31

**Berei voor**

- Vra die leerders om die roetine en riglyne vir **Onafhanklike lees** te hersien.

**Onafhanklike lees**

- Die leerders lees die sinne.
- Beantwoord die vrae.

**Doen individuele EGRA-assessering terwyl die leerders onafhanklik werk.**



## AANVANGSKENNIS

### Tydlyn van Siya Kolisi

bl. 32
30 min



DATUM

Tydlyn van Siya Kolisi

'n Tydlyn dui die regte volgorde aan waarin dinge gebeur het.

1991 Gebore in die Oos-Kaap
1998 Begin met skool
2003 Kaptein van die laerskool se rugbyspan
2004 Gaan kosskool toe
2009 Kaptein van Hoërskool Grey se span
2011 Verhuis na Kaapstad. Speel vir die Westelike Provinsie se span.
2013 Word gekies om vir die Suid-Afrikaanse rugbyspan (Springbokke) te speel.
2018 Kaptein van die Springbokke

**Skryf 1 of 2 in elke ry om aan te dui wat eerste of tweede gebeur het.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Is kosskool toe | | Kaptein van die laerskool se rugbyspan | |
| Speel vir Suid-Afrika | | Kaptein van die Springbokke | |
| Speel vir die Westelike Provinsie | | Speel vir Suid-Afrika | |

32 • WEEK 3 • MAANDAG

**Bestaande kennis**

- Herinner die leerders dat ons oor ons geskiedenis gepraat het.
- Vra: Hoe kan jy in die regte **volgorde** wys wat in jou lewe gebeur het? Bespreek hoe jy syfers, woorde (eerste, tweede, ens.) en datums kan gebruik.

**Nuwe kennis**

- Een manier om tyd aan te dui, is deur middel van 'n **tydlyn**.

**Gedeelde Lees**

- Lees die tydlyn van Siya Kolisi se lewe.

**Skryf**

- Die leerders voltooi die bladsy in die LAB.



## VISUELE KUNSTE

### Lyne (vervolg)

30 min



**Bestaande kennis**

- Wat is die drie primêre kleure wat nie gemaak kan word deur kleur met mekaar te meng nie? (*rooi, geel en blou*)

**Bespreek**

- Identifiseer verskillende skakerings van blou in die klaskamer.
- Hoe kan ons verskillende skakerings van blou maak? (*Voeg wit by, voeg 'n klein titseltjie swart by, maak die verf meer waterig, ens.*)

**Aktiwiteit (verf of kryte)**

- Vul die spasies tussen die lyne op jou prent met verskillende skakerings van blou.

**Bêre die werk om volgende week te voltooi.**



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min
MG bl. 51–52



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die toerusting voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die toerusting en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**

Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT Ritme

15 min

- Berei 2–3 kort verskillende musiekstukke voor, bv. opera, tradisioneel, kontemporêr.
- Speel elke musiekstuk terwyl die leerders luister.
- Verduidelik watter tipe musiek dit is.
- Speel elke musiekstuk 'n tweede keer. Die leerders klap op die ritme van die musiek.





## KLANKE Taal: Voorsetsels

bl. 33
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Onderrig taal.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.


DATUM

Voorsetsels

Voorsetsels vertel ons **waar** iets is of **waarheen** dit gaan.

agter in uit op voor
langs teen onder bo

**Voltooi die sinne met voorsetsels. Teken prente om die sinne te verduidelik.**

1 Die kinders kamp en slaap ________ die tent.
2 Die muis kruip ________ die yskas weg.
3 Die boeke is ________ die tafel.
4 Die kat lê ________ die stoel.
5 Die prent hang ________ die muur.

**Omkring die voorsetsels in die sinne.**

1 Die rugbyspelers speel op die veld.
2 Ek het 'n brief aan my ouma geskryf.
3 Hy haal die boek van die rak af.
4 Ons gaan na die parkie toe.
5 Die hond loop oor die pad.

WEEK 3 • DINSDAG • 33



## HANDSKRIF Lopende skrif *m*, *mn*

bl. 29
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Dinsdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## LEES Vlotheid

bl. 6–11
15 min

**Gedeelde Lees**

- Lees die laaste twee bladsye van die storie saam met die leerders.
- Demonstreer **vlotheid en uitdrukking** (let op punktuasie, uitspraak, oordrag van betekenis uitdrukking, lees teen 'n goeie pas).

**Lees in pare**

- Die leerders lees in pare 'n bladsy en oefen om met vlotheid en uitdrukking te lees.
- Luister en gee terugvoering soos jy deur die klas beweeg.


Die storie van Siya Kolisi

Siyamthanda Kolisi is die kaptein van die Suid-Afrikaanse rugbyspan. Hy was die kaptein toe Suid-Afrika die Rugby Wêreldbeker in 2019 gewen het. Hierdie is sy lewensverhaal.

6 • WEEK 2



## SKRYF Leesbegrip 2

bl. 13
15 min

**Hersien vraagtipes**

- Hersien kortliks **soek-en-vind**-vrae asook **op-my-eie-vrae**.

**Lees en bespreek vrae**

- Verduidelik **skandering**: Verduidelik dat jy vir **soek-en-vind**-vrae die storie moet skandeer (beweeg jou oë vinnig oor die bladsy of bladsye) om die spesifieke woord of prent te vind.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in oefenboeke.

**Kontroleer en korrigeer**


DATUM

Leesbegrip 2

**Lees weer Die storie van Siya Kolisi.**

Soek en vind

1 Soek die **woord** in die teks wat *spanleier* beteken.
Skryf dit neer. ________
2 Skryf die sin neer wat vir ons sê dat Siya nie baie geld gehad het toe hy jonk was nie.
3 In watter twee stede het Siya gewoon?

Op my eie

4 Waarom, dink jy, kon Siya sy droom verwesenlik (laat waar word)?
5 Wat is jou droom?

WEEK 2 • 13

## GROEPBEGELEIDE LEES

### Grondlynassessering

**bl. 34**

**30 min**

**MG bl. 28–30**

**Berei voor**

- Gaan voort om die onafhanklike lees te kontroleer.

**Onafhanklike lees**

- Die leerders lees die teks *Pretty Yende – operasangeres*.
- Beantwoord die vrae.

**Doen individuele EGRA-assesserings terwyl die leerders onafhanklik werk.**


DATUM

Pretty Yende – operasangeres

| | |
|---|---|
| 1985 | Gebore op 6 Maart in Mpumalanga |
| 1997 | Begin in die kerk se jeuggroep sing |
| 2001 | Hoor opera op TV |
| 2003 | Gaan Kaapstad toe om opera te studeer |
| 2005 | Gaan Italië toe. Wen baie pryse. |
| 2008 | Word beroemd. Maak 'n opera-opname. |

Soek en vind

Waar is Pretty gebore?

Op my eie

Het jy al ooit na operasang geluister? Waar?

34 • WEEK 3 • DINSDAG ONAFHANKLIKE LEES

## AANVANGKENNIS

### Dier- en mensbabas

**bl. 35**

**30 min**

**Fokus op die ontwikkeling van vergelykende en kontrasterende vaardighede**

**Bestaande kennis**

- Watter dierbabas het julle al gesien? *(Skryf dit op die bord.)*
- Hoe verskil hulle van mensbabas?
- Wat kan dierbabas doen wat mensbabas nie kan doen nie?
- Wat kan mensbabas doen wat dierbabas nie kan doen nie?

**Nuwe kennis**

- Lees die tydlyne van baba-olifante en mensbabas.
- **Vergelyk en kontrasteer:** Wat is dieselfde en wat is verskillend?

**Skryf**

- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.


DATUM

Dier- en mensbabas

Lees hierdie tydlyne.

| Tydlyn van 'n baba-olifant | | Tydlyn van 'n mensbaba | |
|---|---|---|---|
| 2 ure | kan staan | 1 uur | kan sien |
| 3 ure | begin loop | 2 ure | drink melk |
| 4 ure | drink melk | 1 maand | glimlag |
| 1 maand | kan sien | 6 maande | melktande verskyn |
| 1 jaar | kan gras en blare eet | 1 jaar | begin loop en praat |

Vergelyk die babas. Skryf olifant of mens.

1. Watter baba loop eerste?
2. Watter baba begin eerste melk drink?
3. Watter baba kan eerste sien?

WEEK 3 • DINSDAG • 35

## VISUELE KUNSTE

### Lyne (vervolg)

**30 min**

**Voltooi kunswerk**

- Gaan met 'n swart viltpen oor die lyne.

**Bespreek**

- Wys kunswerk aan maats. Beskryf die verskillende tipes lyne in jou skildery.

**Vertoon**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT Ritmies

15 min



**Klap- en liggaamsperkussie**

- Begin 'n ritmiese klap. Die klas neem deel. Verander die ritme.
- Bring in liggaamsperkussie (klik vingers, klap boude, hande op die vloer).
- **Pare:** Maak beurte om vir mekaar 'n ander klapritme aan te leer.
- **Deel:** Van die pare voer hul ritmes vir die klas op

## KLANKE Voltooi die sinne

bl. 36
10 min
MG bl. 8–13




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.
- Vestig aandag op enige spelwoorde.

## HANDSKRIF Lopende skrif *p, pm*

bl. 29
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Woensdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES Woordeskat en taal

15 min

**Hersien en kontroleer verlede week se werk**

**Woordeskat**

- Lees die flitskaarte van die vorige week: kaptein Wêreldbeker toernooi beurs kosskool.
- Die leerders kontroleer die vorige week se aktiwiteit in die LAB en doen verbeteringe.

**Sinswerk**

- Skryf die korrekte sin op die bord. Die leerders kontroleer hul sinne.
- Die leerders redigeer hul eie sinne deur die redigeringskriteria te gebruik.

**Lees:** Die leerders lees hul sin vir 'n maat




## SKRYF Redigering

15 min
MG bl. 38–41

**Sinswerk**

- Leerders werk met hul patroonsinne van die vorige week.
- Verduidelik die redigeringskriteria vir hierdie week (twee of drie).
- Leerders redigeer hul eie sinne deur die kriteria te gebruik.

**Lees**

- Leerders lees hul sinne vir 'n maat.
- Sommige leerders lees hul sinne hardop vir die klas.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Grondlynassessering**

**bl. 37**
**30 min**

**Berei voor**
- Gaan voort om die onafhanklike lees te kontroleer.

**Onafhanklike lees**
- Die leerders lees die teks *Trevor Noah – komediant*.

**Doen individuele EGRA-assessering terwyl die leerders onafhanklik werk.**


DATUM
Trevor Noah – komediant
1984 Gebore in Soweto, Gauteng
1990 Begin skool in Johannesburg
2002 Voltooi skool
2003 Werk as komediant
2004 Bied verskillende TV-programme in Suid-Afrika aan
2011 Verhuis na die Verenigde State van Amerika
2015 Bied 'n groot Amerikaanse TV-program aan
Soek en vind
Na watter land het Trevor Noah verhuis?
Op my eie
Wat doen 'n komediant?
ONAFHANKLIKE LEES
WEEK 3 • WOENSDAG • 37



## AANVANGSKENNIS

**Feite oor myself**

**bl. 38**
**30 min**

**Lees en bespreek**
- Gaan deur die vorm.
- Kry voorbeelde by die leerders.

**Aktiwiteite**
- Die leerders voltooi die aktiwiteitsbladsy.
- Gaan saam met die klas deur die antwoorde.


DATUM
Feite oor myself
Lys die jare wat jy tot dusver geleef het.

| Jaar | Ouderdom |
|---|---|
| | Gebore |
| | 1 |

Kleur jou verjaardagmaand in.

| | |
|---|---|
| Januarie | Februarie |
| Maart | April |
| Mei | Junie |
| Julie | Augustus |
| September | Oktober |
| November | Desember |

Kleur al die provinsies in waar jy al gewoon het.

| Oos-Kaap | Vrystaat | Gauteng | KwaZulu-Natal | Limpopo | Mpumalanga | Noordwes | Noord-Kaap | Wes-Kaap |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

Skryf een ding neer wat jy nou kan doen wat jy nie kon doen toe jy gebore is nie.
38 • WEEK 3 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

**Beweeg op musiek**

**30 min**

**Berei voor**
- Kies drie verskillende soorte musiekstukke. (Hierdie kan langer weergawes wees van die musiek wat gedurende LUISTER EN PRAAT-tyd gespeel is.)

**Luister en beweeg**
- Luister twee keer na een musiekstuk.
- Nooi die leerders om die tweede keer vryelik te beweeg of te dans.
- Herhaal met die ander musiekstukke.

**Bespreek**
- Hoe was die drie musiekstukke verskillend?
- Op watter musiek was dit die maklikste om te dans?
- Die klas stem vir die musiek waarop hulle die volgende dag wil dans.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**25 min**

**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Gepaste taal

15 min

**Bespreek**
- Wat is gepaste taal om in die klas te gebruik? (*beleefd*, *vriendelik*)

**Oefen in pare**
- Vra beleefd iets vir 'n ander leerder.
- Vra vir die onderwyser of jy die klas mag verlaat.
- Vra vir die onderwyser of sy daarvan sal hou as jy die skryfbord skoonmaak.
- Stel jouself in 'n groep bekend.



## KLANKE — Skryf sinne

15 min

MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Skryf die 10 spelwoorde op die bord.
- Leerders gebruik die woorde om 10 sinne in hul oefenboeke te skryf.
- Gee een of meer voorbeelde mondelings. Moedig leerders aan om hul sinne uit te brei.
- Leerders kan daarna hul sinne vir 'n maat of die klas lees.
- Leerders leer die laaste twee weke se spelwoorde vir tuiswerk.

| | |
|---|---|
| kiem | wei |
| flou | tuin |
| geur | trein |
| wei | eier |
| deur | huis |

## HANDSKRIF — Lopende skrif *r*, *tr*

bl. 29

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Donderdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES — Oefen vlotheid

bl. 39

15 min

**Gedeelde Lees**
- Lees die teks vir die leerders.
- Leerders lees die teks individueel.

**Lees in pare**
- Elke maat kry geleentheid om die teks te lees.
- Hou tyd van elkeen (1 min.) Skryf die aantal woorde gelees neer.

**Gee terugvoering**
- Lees die teks saam met die leerders.
- Die leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om gereeld hul lees tuis te oefen.


DATUM

Oefen vlotheid

**Oefen om hierdie teks saam met 'n maat te lees. Lees vlot. Let op die leestekens.**

Siya Kolisi is op 16 Junie 1991 in die Oos-Kaap 11
gebore. Toe hy 12 was, het die skool se span 21
aan 'n groot skolerugbytoernooi in Mosselbaai 27
deelgeneem. By die toernooi het almal gesien 34
hoe goed Siya speel. Hy het 'n rugbybeurs van 43
die kosskool in Gqeberha ontvang. 48
Hy het gehou van die koshuislewe en het hard 57
gewerk. Hy het vir sy skool rugby gespeel en in 67
sy finale skooljaar is hy gekies om vir die Oos- 77
Kaapse skolerugbyspan te speel. 81

**Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees? Probeer jou telling verbeter.**

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |

WEEK 3 • DONDERDAG • 39

## GEDEELDE SKRYF — Teken 'n tydlyn

15 min

MG bl. 38–41

- Maak saam met die leerders 'n tydlyn van een van die kinders se lewe.
- **Let op na:** Tabelformaat, dieselfde tydvorm, sinne nie nodig nie; belangrike geleenthede, in volgorde.

**(Naam) Johan se tydlyn**

| Jaar | Ouderdom | Wat gebeur het |
|---|---|---|
| 2015 | 0 | Gebore |
| 2019 | 4 | Suster gebore |
| 2022 | 7 | Begin met skool |
| 2022 | 7 | Graad 1 |
| 2023 | 8 | Trek Mbombela toe |
| 2023 | 8 | Slaag Graad 2 |



## GROEPBEGELEIDE LEES

**Grondlynassessering**

bl. 40

30 min

**Berei voor**

- Gaan voort om die onafhanklike lees te kontroleer.

**Onafhanklike lees**

- Die leerders lees die teks *Brenda Fassie – sangeres en liedjieskrywer*.
- Beantwoord die vrae.

**Doen individuele EGRA-assessering terwyl die leerders onafhanklik werk.**



DATUM

4

Brenda Fassie – sangeres en liedjieskrywer

1964 Gebore op 3 November in Kaapstad

1970 Begin skool

1977 Verhuis na Johannesburg om te sing

1983 Reik eerste album uit

1998 Ontvang toekennings vir haar *Memeza*-album

2004 Ontvang toekenning vir beste liedjie van die dekade (10 jaar): *Vul'indlela*

Lees en dink

Hoe oud was Brenda toe sy na Johannesburg verhuis het?

Op my eie

Skryf die naam van 'n liedjie neer wat Brenda Fassie gesing het.

40 • WEEK 3 • DONDERDAG ONAFHANKLIKE LEES



## AANVANGSKENNIS

**Groei en tande**

30 min

**Nuwe kennis**

- Met geboorte het ons 26 melktande onder ons tandvleis. Soos ons groei, wag 'n ander stel tande om ons melktande uit te stoot. Die nuwe tande is ons permanente tande.

**Dink-pare-deel**

- Weet julle wanneer julle jul eerste melktand gekry het? (Vir wie sal jy vra?)
- Hoe oud was jy toe jou eerste melktand uitgeval het?
- Geheue: Waar was jy toe jou melktand uitgeval het? Wat het jy gedoen?
- Hoeveel permanente tande het jy al?

**Lê vas**

- Deel jou persoonlike feitebladsy (LAB bl. 42) met 'n maat/groep.

**Tweetalige flitskaarte**

Wat is die betekenis van hierdie woorde (definisie)? Wat is 'n soortgelyke Engelse woord?

- groei
- geskiedenis
- vaardighede



## UITVOERENDE KUNSTE

**Beweging met musiek**

30 min



**Inleiding**

- Luister na die gekose musiek.

**Beplan en oefen**

- Deel die klas in vier groepe.
- Elke groep gesels oor en oefen 'n eenvoudige dans.

**Voer uit**

- Elke groep dans beurtelings op die maat van die musiek.

**Evalueer**

- Lewer positiewe kommentaar na elke uitvoering.
- Lewer kommentaar op die musiekbelyning, die hou van 'n matige ritme en die vertolking van musiek.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Weeklikse oorsig

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink** aan een interessante ding wat julle hierdie week geleer het. Hoe het jou vaardigheid of kennis hierdie week gegroei?
- **Pare:** Deel dit met 'n maat.
- **Deel:** Wat sal julle volgende week anders doen?

## KLANKE — Spelling en diktee

15 min

MG bl. 10

**Woorde:** saad, veer, vuur, woon, meet, taal, week, boot, muur, jaar, kiem, flou, geur, wei, deur, wei, tuin, trein, eier, huis

**Sin:** Pappa maak 'n groot vuur om te braai.
- Leerders berei hul oefenboeke voor.
- Lees elke woord twee keer baie stadig.
- Lees die sin twee keer.
- Om self of in pare na te sien, skryf die woorde en sin op die bord.

| | |
|---|---|
| kaptein | rugby |
| beurs | flou |
| week | tuin |
| groei | eier |
| jaar | gebore |

## HANDSKRIF — Hersiening

bl. 29

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Vrydag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## SKRYF — My tydlyn

15 min

MG bl. 38–41

- Leerders skep 'n tydlyn van 4–6 reëls.
- Kies enige gebeurtenisse wat relevant of belangrik in jou lewe is.
- Die tabel moet met potlood geteken word (slegs vertikale lyne).
- Verwys na jou persoonlike inligtingsvorm indien nodig (Lewensvaardigheid).
- **Let op na:** Korrekte formaat, konsekwente tyd, goeie keuse van persoonlike gebeure, gebeure in volgorde.

**My tydlyn**

| Jaar | Ouderdom | Wat gebeur het |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

## GROEPBEGELEIDE LEES — Grondlynassessering

bl. 41

30 min

**Berei voor**
- Gaan voort om die onafhanklike lees te begin en te kontroleer.

**Onafhanklike lees**
- Die leerders lees die teks *Lira – sangeres*.

**Doen individuele EGRA-assessering terwyl die leerders onafhanklik werk.**


5 DATUM

Lira – sangeres

- 1979 Gebore in Gauteng op 14 Maart
- 1986 Begin skool in Daveyton
- 1996 Matrikuleer
- 1997 Studeer rekenkunde
- 2003 Reik eerste album *All my love* uit
- 2010 Tree op by die FIFA Wêreldbeker asook by Nelson Mandela se 92ste verjaardag
- 2016 6de album behaal goud
- 2016–2019 Is paneellid vir *The Voice South Africa*

Soek en vind
In watter provinsie is Lira gebore?

Op my eie
Van watter Suid-Afrikaanse sanger hou jy die meeste?

ONAFHANKLIKE LEES    WEEK 3 • VRYDAG • 41

## LEES — Sien na en gee terugvoering

15 min



**Lees en beantwoord vrae**
- Lees hierdie week se **Onafhanklike lees**-teks hardop vir die klas.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde by teks A–D en laat die leerders self nasien.

**Bespreek die teks**
- Van watter teks het julle die meeste gehou? Waarom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Parafeer net. Let op wie nie kan lees en vrae beantwoord nie.

## AANVANGSKENNIS — DBO-werkboektyd

30 min




**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- DBO-werkboek 1 vir Lewensvaardigheid, bl. 4 en 5.
- DBO-werkboek 1 vir Huistaal, bl. 18–19.

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.

## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

25 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB’e en oefenboeke ingeneem**
- **die werk nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **identifiseer** enige lesse wat ek nie kon voltooi nie
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week ’n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## OORSIG WEEK 4

# Gevoelens



### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders:**

- Verstaan meer oor gevoelens deur middel van 'n storie en die KWL-kaart.
- Rolspel en leer om spesifieke gevoelens te hanteer (kwaad, angs).
- Bespreek 'n beroemde skildery (Mona Lisa) en teken 'n skildery van 'n maat.
- Beeld gevoelens deur gesigsuitdrukkings in 'n speletjie uit.
- Toon empatie teenoor die hoofkarakters in 'n storie oor 'n ongewone grootouer.
- Lees oor tradisionele materiale en klere in dele van Afrika.
- Skryf sinne en beskryf klere deur byvoeglike naamwoorde te gebruik.
- Leer 10 spelwoorde.

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | trots | materiaal | patrone | kopband | aksent |
| | *proud* | *fabric* | *patterns* | *head-tie* | *accent* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | bekommerd | kalm | kwaad |
| | *anxious* | *calm* | *angry* |

**Sin**

Sy het 'n groot, kleurvolle kopband gedra.
*She wore a large, colourful head-tie.*

### TOERUSTING

- Potlode en papier vir Visuele Kunste aktiwiteit
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

### ASSESSERING

**Neem in en sien na:** Onafhanklike skryfwerk (Klerebeskrywing, Vrydag); Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees woorde (Vrydag)

# Pitso oorwin sy vrees

Hierdie storie is die inleiding tot die Lewensvaardigheid-tema, Gevoelens. Die onderwyser lees die storie op Maandag (sien OG bl. 3). Dit sluit aan by die prentestorie van Dinsdag se Aanvangskennisles op bl. 64 in die LAB. Die leerders kan die prentestorie in hul LAB volg terwyl jy voorlees. Mimiek die gevoelens en aksies terwyl jy lees.




Dit is Sportdag by Pitso se skool. Pitso neem deel aan die afloswedloop. Hy wag sy beurt af om met die stokkie te hardloop.

Pitso lyk baie bekommerd. Sy hart klop vinniger, sy mond is droog en sy hande is nat gesweet.

Pitso dink: "Wat as ek die stokkie laat val? Almal sal vir my lag."

Toe onthou Pitso wat sy Pappa die oggend vir hom gesê het: "Wees kalm en haal stadig asem. Sê vir jouself dat jy dit kan doen. Verbeel jou dat jy die stokkie neem."

Pitso het kalm geraak. Hy het vir homself gesê: "Ek kan dit doen!" In sy verbeelding het hy die resies gewen. Hy het die stokkie aangevat en soos die wind gehardloop. Sy ouers het hom aangemoedig en toegejuig. Almal het hande geklap toe hy die eindstreep oorsteek.

Knap gedaan, Pitso!

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir 'n maat. Reageer vriendelik teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker dat al die leerders 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal kry.
  - Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*)



## KLANKE Soek die woorde

bl. 52
15 min
MG bl. 8–13




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Lees die spelwoorde vir die week op bladsy 122 van hierdie gids.
- Verduidelik aan leerders dat die woorde getoets gaan word.
- Vir tuiswerk, oefen leerders om hierdie woorde te skryf.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.



## HANDSKRIF Lopende skrif *u*, *un*

bl. 51
10 min
MG bl. 31–37




- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
  - Berei toerusting en die klaskamer voor.
  - Doen handopwarmingsoefeninge.
  - Demonstreer op die bord hoe om nuwe letters te skryf. Beskryf elke beweging terwyl jy skryf.
  - Leerders oefen eers die letterbewegings en begin dan skryf.
- Leerders trek die werk vir Maandag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.



## LEES Die onderwyser lees hardop

OG bl. 33
15 min



**Vóór lees**
- Stel die onderwerp, **Gevoelens**, bekend.
- Het jy al aan 'n wedloop of 'n kompetisie deelgeneem? Hoe het jy aan die begin daarvan gevoel?
- **Skep 'n doelwit vir luister:** Luister om uit te vind hoe Pitso sy vrees oorkom het.

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**
- Toets begrip:
  - Hoekom was Pitso so **bekommerd** voor die wedloop? Wys vir my hoe jy lyk wanneer jy bekommerd is.
  - Wie het hom gehelp om te kalmeer? Wys vir my hoe jy lyk wanneer jy kalm is.
  - Hoe, dink jy, het Pitso aan die einde van die wedloop gevoel?
  - Hoe het Pitso sy vrese oorkom?

## LUISTER EN PRAAT: BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op die klank-leesboeke gebaseer is.



## GROEPBEGELEIDE LEES

**Voorbereiding vir GBL**
- Deel leerders in vaardigheidsgroepe.
- Kies watter tekste of aktiwiteite jy hierdie week saam met elke groep gaan doen volgens behoeftes.

**GBL-riglyne**
- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit Sinne.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.

bl. 53
30 min
MG bl. 24–27






## AANVANGSKENNIS Gevoelens

**Stel die konsep bekend**
- Hoe voel jy vandag? Is jy gelukkig? Vol energie? Opgewonde?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat weet julle van gevoelens? Kan jy 'n paar gevoelens noem?
- **Pare:** Vertel vir 'n maat.
- **Deel** met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**
- Skryf die leerders se bydraes in ry 1 van die KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil julle graag hierdie week oor gevoelens leer? Skryf dit in ry 2.
- Die leerders kies een item uit elke ry om op hul KWL-kaarte in hul oefenboeke te skryf.

30 min
MG bl. 45






## VISUELE KUNS Kunsgalery: 'n Portret

**Oor die portret**
Hierdie **portret** is een van die mees beroemde skilderye in die wêreld. Mense staan in lang rye om die skildery in die kunsgalery te sien, hulle neem foto's, kopieer dit, en skryf boeke daaroor. Dit is selfs al gesteel (en gevind!). Baie mense dink die Mona Lisa se glimlag is raaiselagtig. Die kunstenaar was Leonardo da Vinci, 'n Italiaanse skilder, beeldhouer, argitek en uitvinder wat ongeveer 500 jaar gelede geleef het.

**Pare**
- Kyk mooi na die skildery.
- Beantwoord die vrae in die LAB.

**Klasbespreking**
- Wat is 'n portret?
- Gesels oor die agtergrond.
- Wat kan die rede vir haar beroemde glimlag wees? Gebruik jul verbeelding!

bl. 54
30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die toerusting voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die toerusting en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

30 min
MG bl. 51–52

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT Grootouers

15 min



**Dink-pare-deel**

- Oriënteer die leerders tot die Gedeelde Lees-storie deur hul grootouers te bespreek.
- **Dink:** Wie van julle is gelukkig genoeg om nog grootouers te hê? Waar woon hulle? Waarom hou jy van hulle?
- **Pare:** Vertel vir 'n maat van jou grootouers.
- **Deel** met die klas.
- Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE Taal: Leestekens

bl. 55
15 min
MG bl. 8–13




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Onderrig taal.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.
- Vestig aandag op enige spelwoorde.

## HANDSKRIF Lopende skrif *v*, *nv*

bl. 51
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Dinsdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.

## LEES Leesbegrip

bl. 43–48
15 min




**Vóór lees**

- Stel 'n doelwit vir lees: Kom ons kyk wat was ongewoon omtrent Sindi se ouma.

**Gedeelde Lees**

- Lees die hele storie **saam met** die leerders.
- Demonstreer vlotheid en uitdrukking (lees in 'n goeie tempo, neem leestekens in ag).

**Ná lees**

- Wat was ongewoon omtrent Sindi se ouma?

## SKRYFWERK Leesbegrip 1

bl. 49
15 min




**Lees en bespreek die vrae**

- Onthou: **Vrae** sê vir jou waar om vir **antwoorde** te soek.
- Lees die **soek- en-vind**-vrae. Die leerders vind en onderstreep die antwoorde in die teks.
- Lees die **lees-en-dink**-vrae: Bespreek die antwoorde. (Antwoorde sal nie alles op een plek wees nie.)

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in oefenboeke

**Kontroleer en korrigeer.**



## GROEPBEGELEIDE LEES

**GBL-riglyne**

- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *Materiale in Afrika*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.

**bl. 56**
**30 min**

**MG**
**bl. 24–27**






## AANVANGSKENNIS

### Pitso se wedloop

**Lees en bespreek**

- Gebruik die storie om die leerders te help om hul gevoelens te identifiseer (noem), te verstaan (hoekom) en om te beheer (hoe om).
- Hoe het Pitso voor die wedloop gevoel? Waarom het hy so gevoel? Waarvoor was hy bang?
- Hoe het hy homself kalmeer? Wat het hy vir homself gesê?
- Hoe het hy ná die wedloop gevoel?
- Die titel van die storie is "Pitso se wedloop". Hoe het Pitso sy vrese oorwin?

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Het julle al ooit soos Pitso gevoel? Hoe het jy jouself gekalmeer?
- **Pare:** Verduidelik dit aan 'n maat.
- **Deel** met die klas.

**bl. 57**
**30 min**






## VISUELE KUNS

### Teken: Portret

**Pare**

- Die leerders glimlag vir mekaar en neem versigtig waar hoe hul maat lyk as hy/sy glimlag.

**Aktiwiteit (potlood op papier)**

- Die leerders teken 'n portret van hul maat wat glimlag.
- Kyk gereeld na jou maat terwyl jy teken.

**Bêre die werk veilig om volgende week te voltooi.**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

**30 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

**25 min**

**MG**
**bl. 51–52**



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sindi se gevoelens

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wie is die hoofkarakter in die Gedeelde Lees-storie? Waarom het sy verleë gevoel? Waarom het sy trots gevoel?
- **Pare:** Gesels oor waarom Sindi se gevoelens verander het (van verleentheid na trots).
- **Deel** met die klas.
- Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die rymsinne

bl. 58
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.
- Leerders leer die spelwoorde vir tuiswerk.




## HANDSKRIF — Lopende skrif *w, pw*

bl. 51
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Woensdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## GEDEELDE LEES — Woordeskat

bl. 43–48
15 min

**Gedeelde Lees**

- Lees weer die eerste twee bladsye van die teks **saam met** die leerders.

**Woordeskat**

- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| trots | materiaal | patrone | kopband | aksent |

- **Woordsoek:** Terwyl jy lees, moet die leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks raaksien. Hulle omkring of onderstreep elke woord.
- Bespreek die betekenis van elke woord binne die konteks van die storie.

**Die leerders rangskik die flitskaarte** alfabeties.




## SKRYF — Woordeskat en taal

bl. 59
15 min

**Mondeling**

- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**

- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders skryf die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Vertoon woordeskatflitskaarte** teen die woordmuur.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**bl. 60**

**30 min**

**MG bl. 24–27**

**GBL-riglyne**

- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *Klere van Nigerie*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.


DATUM

3

Klere van Nigerië

In Nigerië is daar 'n kledingstyl wat bekend staan as Aso-Oke. Aso-Oke-klere word vir spesiale geleenthede gemaak. Vir die vrouens is daar 'n bloes wat *buba* genoem word asook 'n lang romp wat *iro* genoem word. Daar is ook 'n pragtige kopband wat 'n *gele* genoem word. Die mans dra 'n loshangende hemp en broek. Sowel die mans as die vrouens dra 'n lyfband oor hul skouers. Aso-Oke-klere kan van enige materiaal gemaak word. Dit word dikwels in helder kleure gemaak.

Soek en vind

**Omkring die regte antwoorde.**

Aso-Oke-klere kom van Suid-Afrika / Nigerië / Lesotho.

Aso-Oke-klere kan enige kleur / slegs rooi en groen / slegs wit en goud wees.

Die Nigeriese woord *gele* beteken bloes / romp / kopband.

Hierdie klere word elke dag / soms / nooit gedra nie.

60 • WEEK 4 • WOENSDAG    ONAFHANKLIKE LEES



## AANVANGSKENNIS

### Ayanda word kwaad

**bl. 61**

**30 min**

**Lees en bespreek**

- Bespreek vir elke prent:
  - Wat gebeur?
  - Wat, dink julle, sê die karakters?
  - Hoe voel hulle?
- Hoe help Ayanda se mamma haar om te verstaan dat haar boetie nie bedoel het om haar koeldrank om te stamp nie, en dat dit net 'n ongeluk was?
- Hoe kan Ayanda haar mamma se woorde gebruik om haar humeur (kwaad word) in die toekoms te beheer?

**Gedeelde Skryf**

- Help die leerders om opskrifte vir prent 2 tot 4 te skryf.


DATUM

Ayanda word kwaad

1

Ayanda se boetie stamp haar koeldrank om.

2

3

4

WEEK 4 • WOENSDAG • 61



## UITVOERENDE KUNSTE

### Item uit my vroeë kinderjare

**30 min**

**Inleiding**

- Gesels oor hoe jou gesig gevoelens wys/uitdruk.
- Verwys terug na die KWL-kaart en die lys van gevoelens.
- Demonstreer die speletjie.

**Groepe**

- Verdeel die klas in groepe. Elke groep sit in 'n groot sirkel.
- Elke leerder kry 'n beurt om 'n uitdrukking te wys.
- Die res moet raai hoe die leerder voel.
- Hulle mag sê waarom hulle dink die leerder so voel (gebruik verbeelding).
- Die leerder wat die gevoelens uitbeeld, kies die beste antwoord.

**Klas**

- Elke groep stem vir die beste uitdrukking van die gevoelens en voer redes aan waarom dit vir die klas gewys moet word.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT Ons eie gevoelens

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wanneer was jy verleë? Wanneer was jy trots?
- **Pare:** Vertel jou vriend wat gebeur het.
- **Deel** met die klas.
- Gebruik jou aantekeningboek om jou waarneming aan te teken.

## KLANKE Skryf sinne

15 min

MG bl. 8–13




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Skryf die 10 spelwoorde op die bord.
- Leerders gebruik die woorde om 10 sinne in hul oefenboeke te skryf.
- Gee een of meer voorbeelde mondelings. Moedig leerders aan om hul sinne uit te brei.
- Leerders kan daarna hul sinne vir 'n maat of die klas lees.

## HANDSKRIF Lopende skrif *y, yt*

bl. 51

10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Donderdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.

## LEES Woordeskat en taal

15 min




**Gedeelde Lees**
- Lees die volgende twee bladsye van die teks saam met die leerders.

**Stel die sin bekend**
- Skryf die sin op die bord.
- Die leerders vind die sin op bl. 43–48 in die teks.
- Hulle onderstreep/verlig die sin.

**Werk met die sin**
- Identifiseer leestekens (*hoofletters, kommas, punte*). Hersien die doel van elkeen.
- Oor wie gaan hierdie sin? (*Ouma – voornaamwoord*)
- Watter woord sê vir ons dat dit in die verlede tyd gebeur? (*het aangehad – werkwoord in verlede tyd*)
- Watter twee woorde/frases vertel vir ons meer oor die kopband? (*groot, kleurvol – byvoeglike naamwoorde*). Kleur hierdie woorde in.

## SKRYF Taal

15 min




**Skryf**
- Demonstreer hoe om die Gedeelde Lees-sin as 'n patroon te gebruik.
- Skryf 'n nuwe sin met dieselfde patroon op die bord.
- Leerders skryf twee sinne in oefenboeke deur die patroon te gebruik.



## GROEPBEGELEIDE LEES

bl. 62
30 min
MG bl. 24–27



DATUM
4
Lap uit Ghana

Lank gelede in Ghana, het mense begin om gestreepte materiaal te weef en dit *kente*-lap genoem. Eers is slegs konings toegelaat om hierdie lap te dra. Die lap is in lang, nou stroke met patrone of strepe gemaak. Hierdie stroke is saamgevoeg om die lap te vorm. Die verskillende patrone het verskillende name gehad.

Op my eie

Teken drie ontwerpe van jou eie *kente*-lap.

62 • WEEK 4 • DONDERDAG ONAFHANKLIKE LEES

**GBL-riglyne**

- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *Lap uit Ghana*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.



## AANVANGSKENNIS

### Hersiening van konsep

30 min
MG bl. 45

**KWL-kaart**

- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**

- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra vrae.

**bekommerd**

1. Jy voel bekommerd wanneer jy bang is vir iets.
2. Wanneer jy bekommerd is, voel jy gelukkig en vol selfvertroue.
3. Wanneer jy bekommerd voel, klop jou hart vinnig en jou hande sweet.

**kalm**

1. Om stadig asem te haal help jou om kalm te voel.
2. Sagte musiek help jou om kalm te voel.
3. Harde geluide kalmeer jou.

**kwaad**

1. Kwaad is die teenoorgestelde van kalmte.
2. Wanneer iemand iets van jou steel, kan dit jou kwaad maak.
3. Mense sal van jou hou indien jy altyd kwaad is.

**Engels EAT:** *anxious*, *calm*, *angry*



## UITVOERENDE KUNSTE

### As jy bekommerd raak

30 min

**Pare**

- In pare, verbeel julle dat julle in 'n situasie is waar julle bekommerd raak (voor 'n toets, in die donker, wanneer mamma laat huis toe kom, ontmoeting met die skool se boelie, ens.)
- Dink aan wat julle vir iemand wat in so 'n situasie is, sal sê om hulle te help.
- Bespreek dit vir 'n paar minute.

**Rolspel**

- Rolspeel die situasie (leerder 1) en wat jy sou kon sê (leerder 2).
- Bied dit vir 'n ander paar/groep aan.

**Voer op**

- Die onderwyser kies 'n paar pare om vir die klas op te voer.



Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min
MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT Hersiening van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Gesels oor iets interessants wat julle hierdie week geleer het. Dink oor wanneer jy die gelukkigste en die hartseerste gevoel het, en waarom jy so gevoel het.
- **Pare:** Deel met 'n maat.
- **Deel:** Wat kan ons volgende week anders doen?



## KLANKE Spoedlees woorde

bl. 63
15 min
MG bl.16



DATUM

Spoedlees woorde

**Lees die woorde saam met 'n maat. Merk die woorde wat jy kan lees. Leer die woorde wat jy nie kon lees nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| leer | gooi | graaf | snaaks | sing |
| boot | kaai | knaag | spoed | jonk |
| haan | meeu | kraan | stap | salf |
| suur | koei | kwas | sweet | melk |
| tier | bly | plan | trek | gans |
| hoed | brief | pruim | vlam | tent |
| koud | draak | skoen | vra | grond |
| huis | frokkie | sluk | sproet | romp |
| eier | flou | smaak | strooi | soms |
| neus | glad | klou | skrif | terg |

Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees?
Hoogste telling: ____________ woorde
Probeer jou telling verbeter.

WEEK 4 • DONDERDAG • 63

**Lees die woorde vir die leerders**

**Pare lees die woorde**
- Leerders maak beurte om die woorde vir mekaar te lees.
- Elkeen kry 1 minuut om te lees.
- Leerders skryf neer hoeveel woorde hulle kon lees.
- Herhaal om telling te verbeter.

**Gee terugvoering**
- Lees weer die woorde saam met die leerders.
- Leerders omkring die woorde wat hulle verkeerd gelees het, indien enige.



## HANDSKRIF Hersiening

bl. 51
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Vrydag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## SKRYF Beskryf jou klere

15 min
MG bl. 38–41

- Leerders skryf 'n paragraaf van drie tot vier sinne in oefenboeke.
- Bespreking vooraf:
  - Waarheen jy gegaan het: Werklik of denkbeeldig, bv. kerk, 'n troue, Kaapstad toe, ens.
  - Wat om te beskryf: Verskillende soorte klere, hoede, skoene, en.
  - Beskrywende woorde: lank, kleurvol, mooi, geruit, ens.
- **Let op na:** Goeie woordeskatkeuses, kreatiwiteit.






## GROEPBEGELEIDE LEES

bl. 64
30 min
MG bl. 24–27

**GBL-riglyne**
- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *Lap met twee patrone*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.



DATUM

Lap met twee patrone

In Oos-Afrika is 'n *kanga* 'n spesiaal ontwerpte stuk materiaal wat omtrent een meter wyd en een en 'n half meter lank is. Dit het 'n patroon om die rand ('n randpatroon) en 'n ander patroon in die middel. Daar word dikwels 'n boodskap of gesegde op die lap geskryf. Mense koop gewoonlik twee *kangas* om 'n stel klere te maak.

Soek en vind

1. Kanga-lap is een en 'n half / een / twee meter lank.
2. Kanga-lap het altyd 'n sentrale deel / 'n rand / 'n boodskap.
3. Die materiaal is algemeen in Noord / Oos / Wes-Afrika.
4. Jy kan 'n stel klere met een / twee / drie *kangas* maak.

64 • WEEK 4 • VRYDAG    ONAFHANKLIKE LEES

## LEES Sien na en gee terugvoering

15 min



**Lees en beantwoord vrae**
- Lees hierdie week se **Onafhanklike lees**-teks hardop vir die klas.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde by teks A–D en laat die leerders self nasien.

**Bespreek die teks**
- Van watter teks het julle die meeste gehou? Waarom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Parafeer net. Let op wie nie kan lees en vrae beantwoord nie.

## AANVANGSKENNIS DBO-werkboektyd

30 min




**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- DBO-werkboek 1 vir Lewensvaardigheid, bl. 10 en 11.
- DBO-werkboek 1 vir Huistaal, bl. 20.

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur DBO-werkboekbladsy van verlede week.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem**
- **die werk nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **identifiseer** enige lesse wat ek nie kon voltooi nie
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## OORSIG WEEK 5



# Gevoelens

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders:**
- Praat oor hoe om jammer te sê en leer die vier stappe van verskoning vra.
- Bespreek seer gevoelens, die seermaak van ander se gevoelens en die rol van verskonings.
- Spreek boeliery aan deur die ontleding van anti-boelie-plakkate.
- Rolspeel gepaste verskonings.
- Gaan voort om aan hul skilderye te werk deur verbeeldingbesonderhede by te voeg.
- Lees oor interessante, tradisionele klere in Suid-Afrika.
- Skryf 'n karakterbeskrywing deur byvoeglike naamwoorde te gebruik om hul skryfwerk te verryk.
- Leer 10 spelwoorde.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | trots | materiaal | patrone | kopband | aksent |
| | *proud* | *fabric* | *patterns* | *head-tie* | *accent* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | boelie | verskoning | respek |
| | *bully* | *apologise* | *respect* |

### Sin

Sy het 'n groot, kleurvolle kopband gedra.
*She wore a large, colourful head-tie.*

## TOERUSTING

- Verf of kryte en papier vir Visuele Kunste-aktiwiteite
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESERING

**Neem in en sien na:** Onafhanklike skryfwerk ('n Karakterbeskrywing, Vrydag); Woordeskat en taal (Woensdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spelling en diktee (Vrydag); Oefen vlotheid (Donderdag)

# Die hart van 'n aap

Koning Leeu was siek. Hy het gehoor dat, as hy die hart van 'n aap sou eet, hy gesond sal word. Die diere het geweet dat dit nie die waarheid was nie. Hulle het egter geweet dat hulle ryklik beloon gaan word as hulle vir Koning Leeu 'n aap se hart sou bring.

Krokodil wou die beloning hê. Hy het 'n aap gesien vrugte eet van 'n boom wat oor die rivier gehang het. Hy het 'n plan beraam. Hy roep toe: "Aap, gooi vir my ook van daardie heerlike vrugte, asseblief. Ek is nou moeg daarvan om net vis te eet." Aap het vir Krokodil jammer gevoel. Hy gooi toe 'n stukkie van sy vrug vir die krokodil en gaan voort om sy ontbyt te nuttig.

"Dit was nou smaaklik, " het Krokodil gesê. "Om jou te bedank, nooi ek jou hartlik uit om by my te kom kuier. Ek sal jou op my rug dra. Jy sal veilig wees. Ek kan nie omswaai en jou opeet nie."



"Dit is baie gaaf van jou, " het Aap gesê en op krokodil se rug gespring. Krokodil het geglimlag en teen die rivier opgeswem. Hy het voorgegee dat hy na sy huis gaan. Hý was eintlik op pad om Aap na Koning Leeu te neem.

'n Olifant wat besig was om water langs die rivierbank te drink, het Krokodil en Aap gesien. "Jy is slim, Meneer Krokodil, " het sy gesê. "Jy gaan vir Koning Leeu die hart van 'n aap gee. Hy sal jou 'n baie groot beloning gee."

Aap het gehoor wat Olifant gesê het en geweet dat Krokodil hom gekul het. Hy het egter aan 'n plan gedink. Hy het gesê: "Ek sal ongelukkig nie lank by jou huis kan kuier nie, Krokodil. Ek het my hart aan die boom gehang en vergeet om dit te neem toe jy my genooi het om by jou te kom kuier. Ek doen dit altyd wanneer ek my ontbyt nuttig."

"Wat!"het Krokodil ontsteld geskree. "Jy het nie jou hart saamgebring nie! Ons moet terug gaan om dit te gaan haal." Krokodil het na die boom omgedraai en begin om terug te swem.

Toe hulle by die boom kom, het Aap van Krokodil se rug afgespring en terug in die boom geklim. Hy het gesê: "Ek gaan nie meer saam met jou nie, Krokodil. Ek weet jy wou my hart vir Koning Leeu gegee het." Aap het rustig voortgegaan om sy ontbyt te nuttig, baie gelukkig dat hy ontsnap het.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir 'n maat. Reageer vriendelik teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry deur die loop van die kwartaal 'n geleentheid.
  - Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).



## KLANKE Voltooi die blokkiesraaisel

bl. 66

15 min

MG bl. 8–13




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Lees die spelwoorde vir die week op bladsy 122 van hierdie gids.
- Verduidelik aan leerders dat die woorde getoets gaan word.
- Vir tuiswerk, oefen leerders om hierdie woorde te skryf.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.



## HANDSKRIF Lopende skrif *c, cy*

bl. 65

10 min

MG bl. 31–37




- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Maandag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.



## LEES Die onderwyser lees hardop

OG bl. 45

15 min



**Vóór lees**

- Hierdie storie is 'n tradisionele Afrika-storie.
- Watter Afrika-diere ken julle? (*Aanvaar enige vyf of ses*)
- Skep 'n doelwit vir luister: Luister na die storie om te identifiseer hoe elke karakter voel.

**Ná lees**

- Toets begrip: Hoe dink julle het Aap gevoel toe hy besef dat hy gekul was?
- Hoe het Krokodil gevoel toe hy gekul is?
- Hoe het die storie jou laat voel?
- Watter ander tradisionele stories het jy al gehoor?

## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op die klank-leesboeke gebaseer is.



## GROEPBEGELEIDE LEES

**bl. 67**

**30 min**

**MG bl. 24–27**

### GBL-riglyne

- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *Sinne*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.






## AANVANGSKENNIS — Hoe om jammer te sê

**bl. 68**

**30 min**

### Dink-pare-deel

- **Dink:** Dink aan 'n tyd toe jy jammer gevoel het.
- **Pare:** Vertel aan 'n maat wat jy gedoen het en wat jy gesê het.
- **Deel** met die klas.

### Lees en bespreek

- Lees die LAB-bladsy saam.

### Dink-pare-deel

- **Dink:** Hoe kan jy jammer sê deur die vier stappe te gebruik?
- **Pare:** Vertel 'n maat.
- **Deel** met die klas.

**Die leerders gaan in Uitvoerende Kunste rolspeel hoe om jammer te sê**






## VISUELE KUNS — Portret (vervolg)

**30 min**

### Aktiwiteit (verf of kryte)

- Die leerders voeg rekwisiete in hul portret se hande en voeg besonderhede in die agtergrond by om te illustreer waarom die persoon in die skildery glimlag. Gebruik jou verbeelding!
- Die leerders kleur die portret in met verf of kryte.

**Bêre dit veilig om die volgende dag te voltooi**





## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**30 min**

**MG bl. 51–52**

### Berei voor

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Heelklasaktiwiteit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Vra iemand om verskoning

**15 min**



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wanneer het jy vir iemand om verskoning gevra? Waarom? Wat het jy gesê?
- **Pare:** Vertel aan 'n maat wat gebeur het.
- **Deel** jou storie met die klas indien jy wil.
- Gebruik jou aantekeningboek om jou waarneming aan te teken.

## KLANKE — Taal: Sinonieme, Selfstandige naamwoorde

**bl. 69**
**15 min**
**MG bl. 8–13**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Onderrig taal.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.


DATUM

Sinonieme

Sinonieme is twee woorde met **dieselfde** of **baie dieselfde betekenis**.

| | |
|---|---|
| gesels | praat |
| voedsel | kos |
| vinnig | gou |
| vriend | maat |
| storie | verhaal |

**Gee sinonieme vir die woorde tussen hakies.**

1 Die mooi seun is (gelukkig).
2 My oupa is (omgekrap) omdat sy laat is.
3 Ek het ('n klomp) vrugte in my sak.
4 Die stout kinders maak 'n groot (lawaai).
5 Sy kry 'n (present), want dit is haar verjaardag.

Selfstandige naamwoorde

'n Selfstandige naamwoord is 'n woord in 'n sin vir goed waaraan jy kan **vat** of wat jy kan **sien**, byvoorbeeld: **stoel**, **hond**, **sussie**.

**Lees die sinne en omkring al die selfstandige naamwoorde.**

1 Die seun skop die bal oor die muur.
2 Alf eet graag vrugte en groente.
3 Die kinders speel graag met die boublokkies en tennisballe.
4 Die hond wil die kat vang.
5 Ek koop melk en brood by die kafee.

WEEK 5 • DINSDAG • 69

## HANDSKRIF — Lopende skrif *a*, *ac*

**bl. 65**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Dinsdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES — Vlotheid

**bl. 43–48**
**15 min**

**Gedeelde Lees**

- Lees die laaste twee bladsye van die storie vir die leerders.
- Demonstreer **vlotheid** en **uitdrukking**. *(Let op na leestekens, uitspraak, die oordrag van d.m.v. uitdrukking, lees teen 'n goeie pas.)*

**Lees in pare**

- Lees 'n bladsy beurtelings en oefen leesvlotheid en probeer om met uitdrukking/gevoel te lees.
- Luister en gee terugvoering terwyl jy deur die klas beweeg of gebruik hierdie tyd vir Selfstandige Leestyd.


Sindi se ouma kom kuier

Sindi se ouma gaan vir hulle kom kuier. Sy het in 'n land, ver weg, gewoon. Sy gaan met 'n vliegtuig na Suid-Afrika kom. Sindi het vir haar twee beste vriende, Nosipho en Alma, van die besoek vertel. Sy het gewonder of haar ouma ook soos hul oumas sou wees.

WEEK 4 • 43

## SKRYF — Leesbegrip 2

**bl. 50**
**15 min**

**Lees en bespreek vrae**

- Kontroleer of die leerders kan onthou wat **skandering** is.
- Herinner hulle dat vir **soek-en-vind-vrae** moet jy teruggaan en die storie **skandeer** (beweeg jou oë vinnig oor die bladsy of bladsye) om die spesifieke woord of prent te vind.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in oefenboeke.

**Kontroleer en korrigeer**


DATUM

Leesbegrip 2

**Lees** Sindi se ouma kom kuier.

Soek en vind

1 Vind die bladsy met die woorde "Jy is so bevoorreg.".

Bladsy

Lees en dink

2 Wie het gesê: "Jy is so bevoorreg."?

3 Dink jy Sindi is gelukkig? Waarom/Waarom nie?

Want

Op my eie

4 Skryf 'n sin oor iets waaroor jy bevoorreg voel.

Ek is bevoorreg

50 • WEEK 4



## GROEPBEGELEIDE LEES

**GBL-riglyne**

- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *'n Afrika-hemp*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.

**bl. 70**

**30 min**

**MG bl. 24–27**



DATUM

'n Afrika-hemp

*Dashiki* is 'n soort materiaal waarop 'n patroon gedruk is. Die patroon is simmetries. Soms word die patroon ook daarop geborduur. *Dashiki* word gereeld vir hemde gebruik. Die hemp kan ook deel van 'n *dashiki*-pak wees, met 'n bypassende broek. Hierdie hemde kan regdeur Afrika gevind word. Dit word deur sowel mans as vroue gedra en word nie ingesteek nie.

Soek en vind

Skryf die woord neer wat "dieselfde aan albei kante" beteken.

Lees en dink

Hang 'n *dashiki*-hemp los oor die broek?

70 • WEEK 5 • DINSDAG ONAFHANKLIKE LEES



## AANVANGSKENNIS

### Om iemand se gevoelens seer te maak

**Lees en bespreek**

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Was jy al ooit geboelie?
- **Pare:** Verduidelik vir 'n maat daarvan.
- **Deel** met die klas.

**Skryf**

- Help die leerders met 'n gepaste opskrif vir die prent.

**bl. 71**

**30 min**



DATUM

Om iemand se gevoelens seer te maak

**Gesels oor die prent.**

- Wat gebeur in die prent?
- Hoekom is die kinders gemeen met die meisie?
- Wat sê hulle vir haar?
- Hoe voel die meisie?
- Wat sou jy doen as jy so iets sou sien gebeur?

Waarom is dit belangrik om ander mense se gevoelens te respekteer?

WEEK 5 • DINSDAG • 71



## VISUELE KUNS

### Portret (vervolg)

**Voltooi die skildery**

**Vertoon en bespreek**

- Die leerders verduidelik waarom die persoon wat hulle geskilder het, glimlag.

**30 min**



Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

**25 min**

**MG bl. 51–52**



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Seergemaakte gevoelens

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wanneer het iemand jou gevoelens seergemaak? Wat het jy gedoen? Verken verskillende oplossings.
- **Pare:** Deel jou ervaring met 'n maat.
- **Deel** met die klas.
- Help die leerders om verskillende maniere te vind om gevoelens wat seermaak te hanteer.



## KLANKE — Voltooi die rymsinne

bl. 72
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.
- Vestig aandag op enige spelwoorde.


DATUM

Voltooi die rymsinne

breek gras braaf draf droog
draak draai glas drom fraai

1 Ek spit met die graaf.
Pappa sê ek is baie ________.

2 Ek weet wat sê my hond as hy blaf.
Hy wil graag 'n ent gaan ________.

3 Die nooi is tog te fraai.
As sy dans, maak sy 'n wye ________.

4 Pappa brom en Mamma brom:
"Gooi jou papiere in die ________."

5 Die dwergie hou van groen gras.
Hy gee dit baie water uit 'n ________.

72 • WEEK 5 • WOENSDAG



## HANDSKRIF — Lopende skrif *d, di*

bl. 65
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Woensdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## LEES — Woordeskat en taal

15 min




**Hersien en kontroleer verlede week se werk**

**Woordeskat**

- Lees flitskaarte van verlede week:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| trots | materiaal | patrone | kopband | aksent |

- Die leerders kontroleer verlede week se aktiwiteit in die LAB en korrigeer hul werk.

**Sinswerk**

- Kyk na verlede week se sinne.
- Die leerders redigeer hul eie sinne deur die redigeringskriteria te gebruik.

**Lees:** Die leerders lees hul sin vir 'n maat.



## SKRYF — Redigering

15 min




**Sinswerk**

- Leerders werk met hul patroonsinne van die vorige week.
- Verduidelik die redigeringskriteria vir hierdie week (twee of drie).
- Leerders redigeer hul eie sinne in oefenboeke deur die kriteria te gebruik.

**Lees**

- Leerders lees hul sinne vir 'n maat.
- Sommige leerders lees hul sinne hardop vir die klas.



## GROEPBEGELEIDE LEES

**bl. 73**

**30 min**

**MG bl. 24–27**

**GBL-riglyne**
- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *'n Afrika-rok*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.


3 DATUM

'n Afrika-rok

'n *Kaftan* is 'n soort lang rok of hemp wat deur mans en vrouens gedra word. Dit is loshangend en gewoonlik redelik lank. Dit is geskik vir warm klimaatstreke, want dit hou die liggaam koel. *Kaftan* is algemeen in Noord-Afrikalande, soos Morokko. Deesdae dra mense regoor die wêreld *kaftans*.

Lees en dink

Waarom, dink jy, dra mense regoor die wêreld *kaftans*?

Op my eie

Sal jy 'n *kaftan* dra? Hoekom of hoekom nie?

ONAFHANKLIKE LEES WEEK 5 • WOENSDAG • 73



## AANVANGSKENNIS Hou op om te boelie!

**bl. 74**

**30 min**

**Lees en bespreek**
- **Kyk na die woorde op die plakkate** – watter woorde is die effektiefste? Hoekom?
- **Kyk na die beelde** – watter plakkaat sal die mees geskikte wees vir ons klaskamer? Waarom?

**Dink-pare-deel**
- Watter woorde sal julle op 'n anti-boelie-plakkaat gebruik?

**Skryf**
- Skryf die woorde neer wat julle op 'n anti-boelie-plakkaat sal gebruik.


DATUM

Hou op om te boelie!

HOU OP OM TE BOELIE!

Dit is nie goed om ander mense sleg oor hulself te laat voel nie

Vriende is gaaf!

Wees 'n vriend en nie 'n boelie nie!

**Beplan 'n plakkaat om boelies te stop.**

Op wie sal dit gemik wees?

Watter woorde sal jy gebruik?
- Belangrike woorde:
- Ander woorde:

Watter prent sal jy graag daarby wil teken?

74 • WEEK 5 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE Rolspel

**30 min**

**Inleiding**
- Die leerders werk in pare of in groepe.
- Hulle dink aan 'n situasie waar iemand eers seer kry (denkbeeldig of waar) en dan hoe iemand om verskoning vra.
- Hulle dink aan die beste manier om om verskoning te vra.

**Oefen**
- Elke paar/groep rolspeel die situasie.
- Hulle berei voor om dit die volgende dag vir die klas op te voer.

**Die onderwyser loop deur die klas en gee leiding**





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**25 min**

**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Luister en Praat

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wanneer het jy iemand se gevoelens seergemaak? Hoe het jy jammer gesê?
- **Pare:** Vertel aan 'n maat wat gebeur het.
- **Deel** met die klas.
- Lei die leerders om verskillende maniere te ondersoek om om verskoning te vra.

## KLANKE — Skryf sinne

15 min

MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Skryf die 10 spelwoorde op die bord.
- Leerders gebruik die woorde om 10 sinne in hul oefenboeke te skryf.
- Gee een of meer voorbeelde mondelings. Moedig leerders aan om hul sinne uit te brei.
- Leerders kan daarna hul sinne vir 'n maat of die klas lees.
- Leerders leer die laaste twee weke se spelwoorde vir tuiswerk.

| | |
|---|---|
| graaf | draak |
| brood | glas |
| draf | groot |
| dwerg | blaf |
| fraai | flou |

## HANDSKRIF — Lopende skrif *g, gu*

bl. 65

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Donderdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES — Oefen vlotheid

bl. 75

15 min

**Gedeelde Lees**

- Lees die teks vir die leerders.
- Leerders lees die teks individueel.

**Lees in pare**

- Elke maat kry geleentheid om die teks te lees.
- Hou tyd van elkeen (1 min.) Skryf die aantal woorde gelees neer.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Die leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om gereeld hul lees tuis te oefen.



DATUM

Oefen vlotheid

**Oefen om hierdie teks saam met 'n maat te lees. Lees vlot. Let op die leestekens.**

'n Taxi het by hul huis gestop. 'n Dame het 10
uitgeklim. Op haar kop het sy 'n groot, kleurvolle 19
kopband gedra. Haar uitrusting was van 25
materiaal met die mooiste patrone op, gemaak. 32
Die dame het gesê: "Liewe, klein Sindi. Ek is mev. 42
Sparkles, jou ouma." Sy het na Sindi gehardloop 50
om haar 'n drukkie te gee. Sindi het gehoop dat die 61
bure nie kyk nie. Mev. Sparkles het met 'n vreemde 71
aksent wat Sindi nog nooit vantevore gehoor het 79
nie, gepraat. 81
Sindi en haar vriende het nog nooit só 'n ouma 91
ontmoet nie. 93

**Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees? Probeer jou telling verbeter.**

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |

WEEK 5 • WOENSDAG • 75

## GEDEELDE SKRYF — Beskrywing van 'n karakter

15 min

MG bl. 38–41

- Herinner die leerders aan mev. Sparkles, wat sy gedra het en wat sy gedoen het.
- Skryf twee paragrawe van 2–3 sinne op die bord saam met die leerders.
  - Paragraaf 1: (voorkoms) Hoe lyk sy en wat dra sy?
  - Paragraaf 2: (gewoontes) Wat doen sy wat wys dat sy gaaf is? Wat doen sy graag?
- **Let op na:** Elke paragraaf gaan oor 'n ander onderwerp, is in die teenwoordige tyd geskryf, en gee 'n goeie beskrywing van die persoon in woorde.

**Mevrou Sparkles**

**Paragraaf 1:** Mev. Sparkles is baie mooi. Sy dra 'n groot kopband. Sy verf haar naels.

**Paragraaf 2:** Mev. Sparkles hou van kinders. Sy leer hulle om te dans. Sy laat hulle haar skoene aanpas.





## GROEPBEGELEIDE LEES

bl. 76

30 min

MG bl. 24–27



DATUM

'n Tradisionele hoed

Lank gelede het Zoeloe-vroue 'n spesiale haarstyl gedra nadat hulle getrou het. Dit het gewys dat hulle getroud is. Deesdae kan hulle 'n hoed wat *isicholo* genoem word, dra. Dit word van riete en gras in die vorm van die tradisionele haarstyl geweef. Dit word tradisoneel gekleur en met krale versier. Vandag dra baie vrouens *isicholo*-hoede na spesiale geleenthede.

Teken enige hoed wat jy graag sal wil dra.

76 • WEEK 5 • WOENSDAG ONAFHANKLIKE LEES

**GBL-riglyne**
- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *'n Tradisionele hoed*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.



## AANVANGSKENNIS

### Hersiening van konsep

30 min

MG bl. 45

**KWL-kaart**
- Vra vrae:
  - Wat het ons hierdie week geleer? (bv. Hoe om om verskoning te vra, hoe om teen boelies op te staan.)
  - Het ons uitgevind wat ons wou weet?
- Help die leerders om hul antwoorde in die laaste ry van die kaart te skryf.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra die vrae.

**boelie**
1. Wanneer jy iemand boelie, wys jy respek vir hulle.
2. Wanneer jy iemand boelie, maak jy hul gevoelens seer.
3. Ons moet opstaan teen mense wat boelie.

**verskoning**
1. Om om verskoning te vra, is om jammer te sê.
2. Jy moet om verskoning vra as jy iemand seergemaak het.
3. Dit wys jy is 'n swakkeling as jy om verskoning vra.

**respek**
1. Jy moet ander se gevoelens respekteer.
2. Jy betoon respek as jy om verskoning vra wanneer jy verkeerd is.
3. Deur slegte dinge te sê, wys jy respek.

**Engels EAT:** *bully*, *apologise*, *respect*



## UITVOERENDE KUNSTE

### Opvoerings

30 min



**Inleiding**
- Herinner die klas daaraan om 'n goeie gehoor te wees.
- Gee pare/groepe 'n paar minute om voor te berei.

**Voer op**
- Pare/groepe kan aanbied om op te tree.
- Gee positiewe terugvoering.

**Maak notas in jou aantekeningboek**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Hersiening van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink aan seer gevoelens. Is jou gevoelens hierdie week seergemaak? Het jy iemand se gevoelens seergemaak? Het jy jammer gesê?
- **Pare:** Deel met 'n maat.
- **Deel:** Wat sal jy volgende week anders doen?



## KLANKE — Spelling en diktee

15 min

MG bl. 10

**Woorde:** koei, mooi, loei, saai, roei, meeu, nooi, kraai, sneeu, waai, graaf, brood, draf, dwerg, fraai, draak, glas, groot, blaf, flou

**Sin:** Ek spit met 'n graaf in die tuin.

- Leerders berei hul oefenboeke voor.
- Lees elke woord twee keer baie stadig.
- Lees die sin twee keer.
- Om self of in pare na te sien, skryf die woorde en sin op die bord.

| | |
|---|---|
| koei | draf |
| mooi | jammer |
| trots | kalm |
| kraai | dwergie |
| sneeu | flou |



## HANDSKRIF — Hersiening

bl. 65

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Vrydag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## SKRYF — Beskrywing van iemand wat jy ken

15 min

MG bl. 38–41

- Die leerders skryf twee paragrawe in oefenboeke oor 'n persoon wat hulle goed ken.
- Bespreek vooraf: Oor wie om te skryf? (ouma, pa, ens).
  - Paragraaf 1: (voorkoms) lank, oud, grys hare, maer, ens.
  - Paragraaf 2: (gewoontes) hou van kook, lees vir my, gaan kerk toe, ens.
- **Let op na:** Paragrafering, volsinne, die teenwoordige tyd, goeie waarneming en beskrywing.

**Titel: My ______**
**Paragraaf 1:** Hoe lyk hulle? Wat dra hulle?
**Paragraaf 2:** Wat doen hulle graag? Wat doen hulle om gaaf te wees?





## GROEPBEGELEIDE LEES

bl. 77

30 min

MG bl. 24–27

**GBL-riglyne**

- Kry die klas gereed vir Onafhanklike lees. Vandag is dit *'n Tradisionele romp*.
- Werk vir 15 minute met die eerste groep. Werk saam met hulle en doen klanke of lees.
- Werk dan vir 15 minute met die tweede groep vir die dag.



## LEES Sien na en gee terugvoering

15 min



**Lees en beantwoord vrae**

- Lees hierdie week se **Onafhanklike lees**-teks hardop vir die klas.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde by teks A–D en laat die leerders self nasien.

**Bespreek die teks**

- Van watter teks het julle die meeste gehou? Waarom?
- Het julle enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**

- Parafeer net. Let op wie nie kan lees en vrae beantwoord nie.

## AANVANGSKENNIS DBO-werkboektyd

30 min




**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- DBO-werkboek 1 vir Lewensvaardigheid, bl. 14 en 15.
- DBO-werkboek 1 vir Huistaal, bl. 22–23.

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur DBO-werkboekbladsye van verlede week.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem**
- **die werk nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **identifiseer** enige lesse wat ek nie kon voltooi nie
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Bly veilig




## UITKOMSTE VIR HIERDIE WEEK

**Die leerders:**

- Leer oor goeie/slegte aanraking, wie om te vertrou en hoe om hul liggaam veilig te hou.
- Rolspeel en oefen om in verskillende situasies nee te sê.
- Leer oor dimensies en perspektief met die verskuiwing van 3D na 2D.
- Lees en verstaan die struktuur en doel van 'n storie.
- Lees oor bekende mediese instrumente.
- Skryf sinne deur direkte rede en aanhalingstekens te gebruik.
- Skryf twee paragrawe waar hulle 'n persoonlike ervaring oorvertel
- Leer 10 spelwoorde.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | temperatuur | koorspen | keel | pasiënt | uitgestel |
| | *temperature* | *thermometer* | *throat* | *patient* | *postponed* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | aanraak | vertrou | respek |
| | *touch* | *trust* | *respect* |

### Sin

"Ek voel siek. My keel is seer," het Ferdie gesê.
*'I am feeling sick. My throat is sore,'* said Percy.

## TOERUSTING

- Papier en verf, potlode of kryte
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem in en sien na:** Woordeskat (Woensdag); Sinne (aanhalingstekens – Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees woorde (Vrydag)

| **Formele Assesseringsaktwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Ma.–Vr. | Liggaamsopvoeding 1: Atletiek | PRAKTIES | OG bl. 59, 61, 63, 65, 67 |
| Ma. | Luister en Praat 1: Praat oor persoonlike ervaring (Toe ek siek was) | LUISTER EN PRAAT | OG bl. 58, 60, 62, 64, 66 |
| Vr. | Skryf 1: Toe ek siek was (opeenvolgende verhaal, twee paragrawe) | PRAKTIES | OG bl. 66 |

# My liggaam behoort aan my

Sophie is nege jaar oud en woon by haar ma en hul kat, Kittie. Sophie hou daarvan wanneer Kittie teen haar bene skuur en sy hou ook daarvan om Kittie se rug saggies te streel (*demonstreer*). As Kittie nie gestreel wil word nie, gaan kruip sy onder die bed weg.

Sophie hou daarvan om hand aan hand met haar beste maat, Nolita, te loop wanneer hulle iewers heen gaan. Hulle swaai soms hul arms en sing liedjies saam.



Die wonderlikste en aangenaamste vir Sophie is egter wanneer sy styf teen haar mamma kan opkrul as hulle saans TV kyk. Sy druk haarself teen haar mamma vas en haar mamma streel haar hare of arm.

Haar mamma het vir haar gesê: "*Daar is goeie aanraking en slegte aanraking. Onthou net, jóú liggaam behoort aan jóú. Jy mag altyd NEE sê, as jy nie van iets hou nie of as jy ongemaklik voel. Jy is in beheer van jou liggaam.*" Sophie onthou altyd wat haar mamma sê.



Een dag, terwyl Sophie in die skooltaxi was, het drie seuns ingeklim. Hulle was groot en baie luidrugtig. Hulle het styf teen haar kom sit en dit het haar kwaad gemaak en ongemaklik laat voel. Die een seun het oor die sitplek geleun en wou vir haar iets op sy selfoon wys. Sy het geweet dat dit iets privaat was en het geweet dat sy dit nie wou sien nie. Toe het sy ernstig en hard gesê: "*Néé, ek hou nie daarvan nie,*" en steek haar hande in die lug. Sy het onthou wat haar mamma vir haar gesê het.

Die seuns was ontnugter. Hulle het verleë gelyk toe sy skree. Oom Phineas, die taxibestuurder, het die seuns mooi laat verstaan dat dit sý taxi is en dat almal mekaar moet respekteer. Sophie het opgemerk dat die seuns dit respekteer. Toe hulle verder gery het, het sy agterkom dat die seuns stiller geword het. Toe twee seuns begin om mekaar te terg en aan mekaar te slaan, het die oudste seun gesê: "Hou op, ouens …" en hulle het geluister en dit gestaak.



Sophie het vir haar mamma vertel wat in die taxi gebeur het. Haar mamma het vir haar gesê dat indien sy ooit ongemaklik oor iets voel, sy vir oom Phineas of haar die onderwyser kan vertel. Haar mamma het egter vir haar gesê dat sy goed voel dat Sophie haar vertrou en geen geheime vir haar hou nie.

Sophie is lief vir haar mamma, Nolita, en haar Kittie-kat. Sy vertrou haar onderwyser en oom Phineas. En sy probeer om almal vir wie sy ontmoet, te respekteer.

In hoe 'n mate is jy soos Sophie?

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**Toe ek siek was**

15 min

**Oriënteer die leerders** vir die week (gebeure, leer fokus, ens.)

**Verduidelik Formele Assesseringstaak 1: Toe ek siek was**

- Die leerders beskryf beurtelings 'n tyd toe hulle siek was/ seergekry het.
- Vertel wat gebeur het en hoe jy gesond/beter geword het.
- Demonstreer deur te vertel oor 'n tyd toe jy siek geword het.
- Assessering begin môre.

**Berei voor**

- Pare bespreek waaroor hulle gaan praat



**Sien na:** Sien bl. 107
**Punte:** 5



## KLANKE

**Soek die woorde**

bl. 87
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Lees die spelwoorde vir die week op bladsy 123 van hierdie gids.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.






## HANDSKRIF

**Lopende skrif *l*, *la***

bl. 86
10 min
MG bl. 31–37

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Maandag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## LEES

**Die onderwyser lees hardop**

OG bl. 57
15 min

**Vóór lees**

- Stel die onderwerp, **Aanraking**, bekend.
  - Waaraan vat jy graag? (*kombers, watte*) Is daar iemand vir wie jy graag 'n drukkie gee? (*bababoetie, mamma, hondjie*)
- Stel doelwitte vir luister: Luister om uit te vind hoe Sophie gevoel het toe die seun in die taxi oor haar geleun het.

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**

- Toets begrip.
  - Wat het Sophie se mamma vir haar gesê?
  - Wat het jy uit hierdie storie geleer?



## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min

- Onderrig 'n les wat op die klank-leesboeke gebaseer is.





## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** Sinne

bl. 88
30 min

MG
bl. 24–27






## AANVANGSKENNIS

### My liggaam behoort aan my

**Lees prent 1 en bespreek**
- Vir wie vertrou Sophie?
- Wat het Sophie se mamma vir haar gesê?

**Lees prent 2 en bespreek**
- Hoekom het Sophie ongemaklik gevoel?
- Wat het sy gesê?

**Lees prent 3 en bespreek**
- Wie het vir die groot seuns oor respek geleer?
- Hoe het hulle Sophie en mekaar gerespekteer?

**Skryf**
- Voltooi die LAB-aktiwiteite individueel.

bl. 89
30 min






## VISUELE KUNS

### Kunsgalery: Perspektief

**Onderrig perspektief**
- Kyk na die vooraansig van die skool – wat is in die voorgrond, en wat is in die **agtergrond**?
- Is voorwerpe wat ver is dieselfde grootte as dié wat naby is?
- Kunstenaars gebruik **perspektief** om te wys dat party goed verder weg is en ander weer nader is.

**Bespreek**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

bl. 90
30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

### Atletiek

25 min

- Assesseer deelname aan vyf vorme van atletiek-wedlope hierdie week. Berei een van die volgende wedlope vir elke dag van hierdie week voor en laat groepe leerders toe om deel te neem.
- Neem spoed, afstand en hoogte waar. Ken 'n punt toe aan die einde van die week.
  - Aflos-wedloop
  - Kortafstand-wedloop
  - Boeresportresies (bv. kruiwa-resies/sak-resies/agtertoe-resies)
  - Verspring
  - Hoogspring

**Sien na:** Sien bl. 115
**Punte:** 5



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

### Toe ek siek was (vervolg)

15 min

**Bied aan**
- Laat die leerders met meer selfvertroue toe om eerste hul aanbiedings te doen.
- Die klas is die gehoor

**Sien na:** Sien bl. 107
**Punte:** 5



## KLANKE

### Taal: Soorte sinne

bl. 91
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Onderrig taal.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.
- Vestig aandag op enige spelwoorde.


DATUM

Soorte sinne

Daar is **vier** soorte sinne in Afrikaans.

| | | |
|---|---|---|
| **Stelsin** | • maak 'n stelling | Ek is moeg. |
| **Vraagsin** | • vra 'n vraag<br>• altyd 'n vraagteken aan die einde van die sin | Is jy dors? |
| **Uitroepsin** | • beskryf 'n gevoel<br>• altyd 'n uitroepteken aan die einde van die sin | Eina! |
| **Bevelsin** | • gee 'n bevel of versoek<br>• met of sonder 'n uitroepteken aan die einde van die sin | Hou op om my te terg! |

**Watter soort sinne is die volgende?**
1. Waar is my boeke?
2. Sjoe, dit is warm!
3. Kom hier, Gerrie.
4. Ek gaan elke dag skool toe.

**Gebruik die woorde om uitroepsinne te skryf.**
Hoera Eina Sjoe Aitsa Natuurlik

WEEK 6 • DINSDAG • 91

## HANDSKRIF

### Lopende skrif *h*, *hi*

bl. 86
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Dinsdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## GEDEELDE LEES

### Leesbegrip

bl. 79–84
15 min

**Vóór lees**
- Lees die titel. Watter les, dink jy, sal Ferdie leer?
- Stel 'n doelwit vir lees: Kom ons lees en vind uit watter les Ferdie leer.

**Gedeelde Lees**
- Lees die hele storie **vir** die leerders.
- Stop ná elke bladsy en vra: Wat dink julle gaan volgende gebeur? (*voorspelling*)

**Ná lees**
- Watter les het Ferdie geleer?
- Sluit aan by woordeskat: keel, temperatuur, koorspen, pasiënt, uitgestel.
- Sluit aan by OW-tekste vir hierdie week: instrumente wat dokters gebruik.


Ferdie Varkie leer 'n les

Juffrou Varkie het vir die klas gesê: "Ons skryf môre 'n wiskundetoets." Ferdie was bang dat hy die toets sou druip. Hy het toe aan 'n plan gedink. Ná skool het hy 'n rooi stokkielekker gekoop.

WEEK 6 • 79

## SKRYF

### Leesbegrip

bl. 85
15 min

**Lees en bespreek vrae**
- Hersien die formaat van veelkeusevrae.
- Lees die **lees-en-dink**-vrae. Bespreek die antwoord. (*Antwoorde sal nie net op een plek wees nie.*)
- Lees die laaste vraag, wat 'n sin as antwoord sal vereis.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in oefenboeke.

**Kontroleer en korrigeer**
- Die leerders sien volgende Dinsdag self hul antwoorde na.


DATUM

Leesbegrip

Lees **Ferdie Varkie leer 'n les**.

Lees en dink Omkring die regte antwoorde.

1. Ferdie Varkie se keel was rooi omdat hy **siek was** / **'n stokkielekker gesuig het** / **'n seer keel gehad het**.
2. Die termometer het gewys dat Ferdie Varkie 'n baie hoë koors gehad het, omdat **dit stukkend was** / **hy siek was** / **hy die termometer in warm water gesit het**.
3. Ferdie Varkie het voorgegee dat hy siek was sodat hy **beesstert kon eet** / **heeldag kon slaap** / **nie die toets hoef te skryf nie**.
4. Ferdie Varkie het die heeldag deurgebring deur te **slaap** / **eet** / **wiskunde te oefen**.
5. Ferdie Varkie kon nie vir **tannie Varkie-Langsaan** / **Mamma Varkie** / **Juffrou Varkie** flous nie.
6. Het Ferdie Varkie sy dag by die huis geniet? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

WEEK 6 • 85



## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Stetoskoop*

bl. 92

30 min

MG
bl. 24–27


DATUM

Stetoskoop

'n Stetoskoop word gebruik om na mense se hartklop te luister. Die stetoskoop het twee oorstukke en 'n ronde, silwer borsstuk. Die dokter plaas die oorstukke in sy ore en die borsstuk waar die pasiënt se hart is. Dan kan sy hoor hoe jou hart klop. Die dokter kan ook die borsstuk op jou bors plaas en na jou asemhaling luister.



Op my eie

Skryf oor toe jy 'n stetoskoop gesien het.

92 • WEEK 6 • DINSDAG ONAFHANKLIKE LEES



## AANVANGSKENNIS Vertroue

**Stel die onderwerp bekend**

- Dit is soms moeilik om te weet wie om te vertrou.
- Dit mag dalk nie die persoon wees wat deftig aangetrek is nie.
- Dit mag dalk nie iemand wees vir wie jy gereeld sien nie.

**Lees en bespreek**

- Kyk na die ses prente.
- Wat is veilig vir Sophie?

bl. 93

30 min


DATUM

Vertroue

**Merk die situasies wat vir Sophie veilig is.**



WEEK 6 • DINSDAG • 93



## VISUELE KUNSTE Landskap

30 min

**Inleiding** 'n Landskap is 'n prent van 'n natuurtoneel.

**Verduidelik die taak**

- *Die taak is om die plek te teken of te verf deur perspektief op minstens drie verskillende maniere aan te dui.*
- Gebruik die papier in **landskaporiëntasie**.
- Hierdie aktiwiteit gaan geassesseer word.

**Dink-pare-deel**

- *Maak julle oë toe en dink aan 'n plek (dit kan 'n regte plek wees of opgemaak wees). Watter seisoen is dit, watter tyd van die dag is dit en hoe lyk die weer?*
- *Maak 'n lys van tien dinge wat jy in 'n landskap kan insluit (verskillende bome, riviere, berge, gras, klippe, diere, bote, heinings, huise, brûe, lug en wolke)*
- *Hoe sal jy aandui dat sommige dinge verder weg is as ander?*

**Bêre dit veilig om volgende week te voltooi**





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 Atletiek

25 min

- Assesseer deelname aan vyf vorme van atletiek-wedlope hierdie week.

**Sien na:** Sien bl. 115
**Punte:** 5



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1 — Toe ek siek was (vervolg)

15 min



**Bied aan**
- Gaan voort met die aanbiedings.
- Die klas is die gehoor.

**Sien na:** Sien bl. 107
**Punte:** 5

## KLANKE — Voltooi die sinne

bl. 94
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.
- Leerders leer die spelwoorde vir tuiswerk.




## HANDSKRIF — Lopende skrif *b, hb*

bl. 86
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Woensdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES — Woordeskat

bl. 79–84
15 min

**Gedeelde Lees**
- Lees twee bladsye van die teks saam met die leerders.

**Woordeskatwoorde**
- Wys en lees die week se woordeskatwoorde:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| keel | temperatuur | koorspen | pasiënt | uitgestel |

- **Woordsoek:** Terwyl jy lees, moet die leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks raaksien. Hulle onderstreep of omkring elke woord.
- Bespreek die betekenis van elke woord binne die konteks van die sin en die storie.




## SKRYF — Woordeskat en taal

bl. 95
15 min

**Mondeling**
- Gaan mondelings deur die LAB-aktiwiteite.

**Skryf**
- Voltooi die geskrewe LAB-aktiwiteit. Kontroleer en korrigeer hul werk.
- Die leerders kopieer die vyf flitskaartwoorde in hul persoonlike woordeboekies.

**Vertoon woordeskatflitskaarte teen die woordmuur.**





## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Termometer*

**bl. 96**
**30 min**

**MG**
**bl. 24–27**


DATUM

Termometer

kwiktermometer

digitale termometer

Termometers is instrumente waarmee jou temperatuur gemeet word. Dit meet hoe warm jou liggaam is. Wanneer jy siek is, kan jou liggaam baie warm raak.
Daar is verskillende soorte **termometers**. Party termometers word van 'n glasbuis gemaak met kwik in. Dit word **kwiktermometers** genoem.
**Digitale termometers** werk anders. Dit wys die temperatuur op 'n skerm.

Soek en vind

Watter soort termometer
- het 'n glasbuis?
- het 'n skerm?

Op my eie

Watter soort termometer het jy al gesien?

96 • WEEK 6 • WOENSDAG ONAFHANKLIKE LEES



## AANVANGSKENNIS Respek

**bl. 97**
**30 min**

### Stel die onderwerp bekend

- Wanneer ons sê "my liggaam behoort aan my", beteken dit dat ons ons eie liggaam respekteer. Ons maak nie onsself seer nie, maar pas ons liggaam op.
- Ons moet ook ander mense se liggame respekteer.

### Dink-pare-deel

- Watter prente dui respek aan? Verduidelik.


DATUM

Respek

Merk die prente wat mense wys wat respek vir ander het.

WEEK 6 • WOENSDAG • 97



## UITVOERENDE KUNSTE Rolspel

**30 min**

### Inleiding

- Bespreek hoe om in 'n onveilige situasie nee te sê deur woorde (nee), jou stem (hard, ferm), jou liggaam (*ontsnappingsroete, sterk te wees*), gebare (*kop skud, nee aandui*) en uitdrukking (*geen glimlag, kwaai gesig*) te gebruik.
- Die hele klas oefen dit.

### Aktiwiteit

- Bespreek realistiese scenario's waar 'n kind onveilig mag wees en nee moet sê. Byvoorbeeld:
  - Die buurman/-vrou vra die kind om na sy/haar huis te kom, wetend die kind is alleen.
  - 'n Besope familielid nooi die kind om saam met haar/hom in sy/haar motor te gaan ry.
- Pare dink aan 'n scenario en rolspeel.
- Kies die oortuigendste opvoerings om die volgende dag voor die klas op te tree.





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 Atletiek

**25 min**

- Assesseer deelname aan vyf vorme van atletiek-wedlope hierdie week.

**Sien na:** Sien bl. 115
**Punte:** 5



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**Toe ek siek was (vervolg)**

15 min



**Bied aan**
- Gaan voort met die aanbiedings.
- Die klas is die gehoor.

**Sien na:** Sien bl. 107
**Punte:** 5

## KLANKE

**Skryf sinne**

15 min

MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Skryf die 10 spelwoorde op die bord.
- Leerders gebruik die woorde om 10 sinne in hul oefenboeke te skryf.
- Leerders kan daarna hul sinne vir ’n maat of die klas lees.




## HANDSKRIF

**Lopende skrif *k*, *kl***

bl. 86

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Donderdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES

**Taal**

15 min

**Gedeelde Lees**
- Lees die volgende twee bladsye van die teks saam met die leerders.

**Stel die sin bekend**
- Skryf die sin op die bord.
- Die leerders vind die sin in die teks op bl. 91.

**Werk met die sin**
- Identifiseer leestekens (*hoofletter, komma, punt, **aanhalingstekens***)
- Onderstreep of verlig die woorde wat gesê is. (*woorde tussen aanhalingstekens*)
- Gebruik ’n ander kleur om die woord te onderstreep wat vir ons sê dat dit in die verlede gebeur het. (*het gesê*)




## SKRYF

**Taal**

15 min

**Skryf**
- Demonstreer hoe om die Gedeelde Lees-sin as ’n patroon te gebruik.
- Skryf ’n nuwe sin met dieselfde patroon op die bord.
- Leerders skryf twee sinne in oefenboeke deur die patroon te gebruik.





## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Otoskoop*

bl. 98

30 min

MG
bl. 24–27



DATUM

4

Otoskoop

'n Otoskoop is 'n spesiale instrument wat gebruik word om in jou ore te kyk. 'n Dokter of verpleegster gebruik dit as jy oorpyn het of siek voel. Dit het 'n liggie sodat die dokters binne-in jou oor kan sien om uit te vind waarom jou oor seer is. Slegs dokters en verpleegters moet in jou ore kyk.

Soek en vind

Wie gebruik 'n otoskoop? ______

Wanneer sal 'n dokter 'n otoskoop gebruik?

______

______

98 • WEEK 6 • DONDERDAG ONAFHANKLIKE LEES



## AANVANGSKENNIS

**Hersiening van konsep**

30 min

**Klasbespreking**
- Hersien konsepte van goeie (gemaklike) aanraking en slegte (ongemaklike) aanraking, vertroue en respek.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra die vrae.

**Goeie aanraking**
1. 'n Goeie aanraking laat jou gelukkig voel.
2. 'n Goeie aanraking laat jou ongemaklik voel.
3. 'n Goeie aanraking kan jou seer maak.

**Vertroue**
1. Jy voel veilig by mense wat jy vertrou.
2. Jy het geheime van mense wat jy vertrou.
3. Wanneer jy iemand vertrou, klop jou hart vinniger en jou hande sweet.

**Respek**
1. Jy respekteer jou eie liggaam, so jy beskerm dit.
2. Jy respekteer ander se liggame deur hulle te knyp.
3. Jy respekteer ander se liggame deur hulle te boelie.

**Engels EAT:** *touch*, *trust*, *respect*



## UITVOERENDE KUNSTE

**Rolspel**

30 min

**Inleiding**
- Verwys terug na die scenarios wat gister geoefen was.

**Aktiwiteit**
- Laat sommige die leerders vir die klas optree.
- Bespreek elke scenario.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

**Atletiek**

25 min

- Assesseer deelname aan vyf vorme van atletiek-wedlope hierdie week.



**Sien na:** Sien bl. 115
**Punte:** 5

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**Toe ek siek was (vervolg)**

15 min



**Bied aan**

- Gaan voort met die aanbiedings.
- Die klas is die gehoor.

**Sien na:**
Sien bl. 107
**Punte:** 5



## KLANKE

**Spoedlees woorde**

bl. 99
15 min
MG
bl. 16


DATUM

Spoedlees woorde

**Lees die woorde saam met 'n maat. Merk die woorde wat jy kan lees. Leer die woorde wat jy nie kon lees nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| beet | mooi | groet | snik | tong |
| rook | raai | klits | span | bank |
| aap | sneeu | knoop | stoof | delf |
| vuur | boei | kroon | swerm | dalk |
| dief | blom | kwaai | tros | kuns |
| goed | bril | pla | vlooi | lint |
| fout | drom | prooi | vraag | sand |
| duim | fris | skeur | spruit | kamp |
| brei | flap | slaai | struik | ooms |
| neut | gly | smul | skrop | sorg |

Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees?
Hoogste telling: ________ woorde
Probeer jou telling verbeter.

WEEK 6 • VRYDAG • 99

**Lees die woorde vir die leerders**

**Pare lees die woorde**

- Leerders maak beurte om die woorde vir mekaar te lees.
- Elkeen kry 1 minuut om te lees.
- Leerders skryf neer hoeveel woorde hulle kon lees.
- Herhaal om telling te verbeter.

**Gee terugvoering**

- Lees weer die woorde saam met die leerders.
- Leerders omkring die woorde wat hulle verkeerd gelees het, indien enige.



## HANDSKRIF

**Hersiening**

bl. 86
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Vrydag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## SKRYF ASSESSERING 1

**Toe ek siek was**

15 min
MG
bl. 38–41

- Die leerders skryf 2–3 sinne.
- Bespreking vooraf: Waaroor gaan jy skryf? (seer keel, hospitaalverblyf, ens.)
- **Let op na:** Beskrywings van gevoelens, uitgebreide woordeskat, verlede tyd, ens. (Sien nasienskema.).

**Sien na:**
Sien bl. 132
**Punte:** 10






## GROEPBEGELEIDE LEES

bl. 100
30 min
MG
bl. 24–27

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Oogkaart*


DATUM

Oogkaart

Op 'n dag is dit dalk nodig om jou oë te laat toets. Die dokter sal 'n kaart hê wat jy moet lees. Daarop sal letters, syfers en vorms wees. Die dokter moet vasstel of jy dinge beter kan sien as dit ver of naby is. Indien jy 'n bril nodig het, sal die dokter 'n instrument gebruik om te bepaal watter lense jy vir jou bril nodig het.

Op my eie

Teken jouself met 'n spesiale bril op.

100 • WEEK 6 • VRYDAG    ONAFHANKLIKE LEES

## LEES — Sien na en gee terugvoering

15 min



**Lees en beantwoord vrae**
- Lees hierdie week se **Onafhanklike lees**-teks hardop vir die klas.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde by teks A–D en laat die leerders self nasien.

**Bespreek die teks**

**Sien na**
- Parafeer net.

## AANVANGSKENNIS — DBO-werkboektyd

30 min




**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- DBO-werkboek 1 vir Lewensvaardigheid, bl. 18–20.
- DBO-werkboek 1 vir Huistaal, bl. 44–45.

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.

## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 — Atletiek

25 min



- Assesseer deelname aan vyf vorme van atletiek-wedlope hierdie week.

**Sien na:** Sien bl. 115
**Punte:** 5

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem**
- **die werk nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **identifiseer** enige lesse wat ek nie kon voltooi nie
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Bly veilig



## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders:**

- Verstaan die konsep van noodhulp deur na 'n prentestorie te kyk.
- Luister na 'n fabel en identifiseer die doel van die storie.
- Skep en voer in groepe 'n musiekitem op wat op 'n Suid-Afrikaanse liedjie gebaseer is.
- Lees 'n fabel wat in hoofstukke verdeel is, en maak van voorspellingsvaardighede gebruik.
- Skryf twee paragrawe, in twee verskillende tydsvorme, oor hulself.
- Neem in hul permanente groepe vir Kwartaal 1 aan Groepsbegeleide Lees deel.
- Leer 10 spelwoorde.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | temperatuur | koorspen | keel | pasiënt | uitgestel |
| | *temperature* | *thermometer* | *throat* | *patient* | *postponed* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | kalm | om verskoning vra | boelie |
| | *calm* | *apologise* | *bully* |

### Sin

"Ek voel siek. My keer is seer," het Percy gesê.
*'I am feeling sick. My throat is sore,'* said Percy.

## TOERUSTING

- Papier en verf, potlode of kryte
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem in en sien na:** Woordeskat en taal (Woensdag)

**Informeel:** Spelling en diktee (Vrydag); Oefen vlotheid (Donderdag)

**Voorgestelde Formele Assesseringsaktiwiteite**
Let op: 'n Paar bladsye in die OG moet hiervoor gekopieer word

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ma. | Aanvangskennis 1: Noodhulp byskrifte | OG bl. 116 | OG bl. 71 |
| Di. | Luister en Praat 2: Luisterbegrip | OG bl. 117 | OG bl. 72 |
| Di. | Aanvangskennis 2: Tydlyn van 'n ongeluk | OG bl. 118 | OG bl. 73 |
| Wo. | Visuele Kunste 1: Landskap met perspektief | PRAKTIES | OG bl. 73 |
| Wo. | Aanvangskennis 3: Aanvaar, verwerp | OG bl. 119 | OG bl. 75 |
| Do. | Uitvoerende Kunste 1: Musiekuitvoering deur groepe | PRAKTIES | OG bl. 77 |
| Vr. | Skryf 2: My lewe toe en nou | PRAKTIES | Oefenboek |
| Vr. | Klanke 1: Spelling en diktee | LAB bl. 129 | OG bl. 78 |

# Die leeu en die vier bulle

Eendag was daar 'n baie intelligente ou leeu wat in die bos gewoon het. Hy was honger, want al die bokke het na 'n ander plek migreer op soek na water. Leeu was op soek na iets om te eet. Hy het geloop en geloop totdat hy by 'n boer se veld gekom het. Dit was omhein. Aan die binnekant was daar vier vet bulle. Leeu het 'n gat in die heining gesien. Hy het geweet dat hy in die veld kon kom. Hy het sy lippe afgelek en begin droom van 'n smaaklike ete.



Die vier bulle het altyd reg deur die dag naby mekaar gebly en saam gewei. Die boer het vir hulle gesê om altyd bymekaar te bly, want daar is gevare rondom hulle.

Leeu het geweet dat hy nie alleen vier bulle kon aanval nie. Vier bulle beteken agt skerp horings en sestien harde hoewe.

Leeu het egter 'n plan beraam. Laat die nag het hy lekker sappige, soet gras in die middel van die veld gegooi. Die bulle het die gras die volgende dag toe hulle wakker word, gesien. In plaas daarvan om die gras gelykop te deel, het hulle dit so vinnig moontlik opgeëet. Hulle was baie selfsugtig en het aan mekaar gestamp en gestoot, want die een wou meer as die ander een eet.

Nadat alles opgeëet was, was die bulle kwaad vir mekaar. Elkeen het gedink die een het meer as die ander een van die sappige soet gras geëet. Hulle het hewig geargumenteer. Hulle het van die boer se waarskuwing vergeet en uit mekaar gegaan. Elkeen het na 'n ander deel van die veld gegaan.

Die leeu het hulle in die verskillende dele van die veld gesien. Dit was kinderspeletjies vir hom om deur die heining te glip en die naaste bul te gryp.

Leeu het die heeldag feesgevier. Die bulle het hul les geleer, en weet nou dat dit beter is om saam te staan.

# MAANDAG

## LUISTER EN PRAAT **Nuus**

15 min

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus?
- **Pare:** Vertel jou nuus aan 'n maat. Reageer vriendelik teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker dat al die leerders deur die loop van die kwartaal 'n geleentheid kry.
  - Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).



## KLANKE **Voltooi die blokkiesraaisel**

bl. 102

15 min

MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Lees die spelwoorde vir die week op bladsy 123 van hierdie gids.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.




## HANDSKRIF **Lopende skrif *e, ei***

bl. 101

10 min

MG bl. 31–37

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Maandag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES **Die onderwyser lees hardop**

OG bl. 69

15 min

**Vóór lees**
- Stel die storie bekend:
  - Die storie gaan oor 'n leeu wat 'n slim plan beraam het.
- Die leerders moet aandagtig luister, want hulle gaan Dinsdag vrae oor die storie beantwoord.

**Lees**
- Lees die storie vir die leerders.
- Verduidelik enige nuwe woorde.

**Ná lees**
- Sê vir die leerders dat jy die storie die volgende dag weer gaan lees.



## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min

- Onderrig 'n les wat op die klank-leesboeke gebaseer is.





## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** Sinne

**bl. 103**
**30 min**
**MG bl. 24–27**


DATUM
Lees die sinne
Pa spit met 'n graaf in die tuin.
Ons hou van braai.
Ek gooi my glas vol.
Ek en Mamma gaan draf.
Daar woon 'n dwergie onder die berg.
Waar woon 'n dwergie?
ONAFHANKLIKE LEES
WEEK 7 • MAANDAG • 103



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 1 — Die ongeluk

Maak 'n afskrif van hierdie bladsy in die OG vir elke leerder.

**Inleiding**
- Wat is noodhulp? Wanneer word dit toegepas?
- Het julle al ooit noodhulp ontvang of dit toegepas?

**Gedeelde Lees**
- Kyk saam met die klas na die storie.
- Vertel die storie deur die prente te interpreteer.

**Sien na:**
Sien bl. 112
**Punte:** 10

**OG bl. 116**
**30 min**


NAAM
DATUM
Die ongeluk
Skryf slegs getalle neer om die volgorde van gebeure aan te dui. Skryf die ontbrekende onderskrifte neer.

6 Die dokter het steke in sy been gesit.
Karabelo het in 'n baie hoë boom geklim.
Simphiwe het gehardloop om hulp te kry.
Sipho het noodhulp toegepas.
116 Week 7 • Dinsdag
AK ASSESSERING I



## VISUELE KUNSTE — Landskap

**30 min**



**Inleiding**
- Hersien die taak. Herinner die leerders dat dit geassesseer gaan word.
- Die leerders skep hul landskappe (hulle sal dit Dinsdag voltooi).
- Die onderwyser sirkuleer en bespreek met die leerders hoe hulle perspektief moet aandui.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**25 min**
**MG bl. 51–52**

- Liggaamsopvoeding Assessering vind plaas op Donderdag en Vrydag.

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Heelklasaktiwiteit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2 — Luisterbegrip

OG bl. 117
15 min

**Neem kennis dat daar vir hierdie aktiwiteit 30 minute toegelaat word om te verseker dat al die leerders die begripsaktiwiteit voltooi. Daar is dus geen skrifles nie as gevolg hiervan.**

Maak 'n afskrif van hierdie bladsy in die OG vir elke leerder.

**Inleiding**

- Sê aan die leerders om na die vrae in die LAB te kyk. Lees die vrae hardop.

**Lees**

- Lees weer *Die Leeu en die vier bulle* (OG bl. 89) sonder om te stop om enigiets te verduidelik.
- Die leerders voltooi die luisterbegrip deur die korrekte antwoorde te omkring.


NAAM ____ DATUM ____

Luisterbegrip

Omkring die regte antwoord.

1 Die vier bulle het in die bos / in 'n dorp / op 'n plaas gewoon.

2 Die honger leeu kon nie die bulle eet nie, want hulle was altyd saam / 'n bul is sterker as 'n leeu / 'n leeu het geen tande nie.

3 Die bulle het na verskillende hoeke van die veld gegaan omdat hulle moeg vir mekaar was / meer gras wou hê / geargumenteer het.

4 Aan die einde van die storie het die leeu steeds honger gebly / 'n bok geëet / 'n bul geëet.

5 Die storie leer ons om saam te staan / die beste gras te kry / versigtig vir leeus te wees.

LUISTER EN PRAAT ASSESSERING I — Week 7 • Dinsdag 117

**Sien na:** Sien bl. 107
**Punte:** 10



## KLANKE — Taal: Byvoeglike naamwoorde

bl. 104
15 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Onderrig taal.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.


DATUM ____

Byvoeglike naamwoorde

'n Byvoeglike naamwoord is 'n woord wat 'n selfstandige naamwoord **beskryf**. Dit beskryf die grootte, soort, hoeveelheid, kleur van die selfstandige naamwoord of hoe dit voel, proe, beweeg, ruik of klink.

**Gebruik die byvoeglike naamwoorde in sinne om vyf van die prente te beskryf.**



104 • WEEK 7 • DINSDAG



## HANDSKRIF — Lopende skrif *f, fe*

bl. 101
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Dinsdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## LEES — Vlotheid

bl. 79–84
15 min

**Gedeelde Lees**

- Lees die laaste twee bladsye van die storie saam met die leerders.
- Demonstreer **vlotheid** en **uitdrukking**.

**Gedeelde Lees**

- Die leerders lees beurtelings 'n bladsy en oefen terselfdertyd om vlot met uitdrukking te lees.





## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Roep Jakkals, Hoofstuk 1*

bl. 105

30 min

MG bl. 24–27



DATUM

Roep Jakkals, Hoofstuk 1

Die dorpenaars het 'n veewagter gevra om hul jong bokkies op te pas. Die bokkies het in die berge gewei. Die dorpenaars het hom gewaarsku om versigtig te wees vir die swartrug-jakkals. "Jakkalse hou daarvan om jong bokkies te eet," het hulle gesê. "Roep ons om te kom help as jy een sien. Ons sal dit afskrik." Die veewagter het met die bokkies berge toe gegaan.

Soek en vind

Hoekom moes die veewagter uitkyk vir jakkalse?

Op my eie

Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

ONAFHANKLIKE LEES — WEEK 7 • DINSDAG • 105



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 2

### Tydlyn van 'n ongeluk

Maak 'n afskrif van hierdie bladsy in die OG vir elke leerder.

**Inleiding**

- Leerders werk onafhanklik.
- Verduidelik die taak: Help Karabelo om 'n tydlyn te teken om vir sy mamma te wys wat gebeur het.
- Kyk weer saam met die leerders na die prentestorie. Vra 'n paar vrae om hul begrip te toets.

**Skryf**

- Die leerders voltooi 'n tydlyn van gebeure.

OG bl. 118

30 min

**Sien na:** Sien bl. 112
**Punte:** 10



NAAM ____ DATUM ____

Tydlyn van 'n ongeluk

Teken 'n tydlyn om te wys wat met Karabelo gebeur het. Kyk na gister se werk.

3.00

Die dokter het steke in sy been gesit.

118 Week 7 • Dinsdag — AK ASSESSERING 2



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1

### Landskap

**Voltooi die landskappe**

**Vertoon en bespreek**

- Die leerders noem wat in die voorgrond, middel en agtergrond is.

30 min

MG bl. 38–41

**Sien na:** Sien bl. 113
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

25 min

MG bl. 51–52



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT Ritmes

15 min



**Ritme**
- Demonstreer 'n paar liggaamsperkussie-opsies (klap, klik, hande op die vloer/bene, ens).
- Begin 'n ritme.
- Maak die ritme vinniger en kyk wie kan byhou.
- Begin met 'n kort patroon, en nomineer 'n leerder om dit te herhaal Voeg by en stuur die patroon na 'n ander leerder aan.

## KLANKE Voltooi die rymsinne

bl. 106

15 min

MG bl. 8–13


DATUM

Voltooi die rymsinne

vraag vrou troos twak troon
stoom twis stop sweet swaai

1 As jy graag die toets wil slaag, antwoord dan net hierdie ______.

2 Die vrou het 'n stout kroos. Ons probeer haar ______.

3 Die perd wil net galop, maar ek sê hy moet ______.

4 Eers loop Mila 'n draai, en dan gaan sy 'n bietjie ______.

5 Die ou oom is baie swak, want hy rook te veel ______.

106 • WEEK 7 • WOENSDAG

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.
- Vestig aandag op enige spelwoorde.

## HANDSKRIF Lopende skrif *o*, *lo*

bl. 101

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Woensdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES Woordeskat en taal

15 min

**Hersien en kontroleer verlede week se werk**

**Woordeskat**
- Lees flitskaarte van verlede week.
- Die leerders kontroleer verlede week se aktiwiteit in die LAB en korrigeer hul werk.

**Sinswerk**
- Skryf die korrekte sin op die bord. Die leerders kontroleer. "*Ek is siek. My keel is seer.*"
- Die leerders redigeer hul eie sinne deur die redigeringskriteria te gebruik.

**Lees**
- Die leerders lees hul sinne vir 'n maat.




## SKRYF Redigering

15 min

**Sinswerk**
- Leerders werk met hul patroonsinne van die vorige week.
- Verduidelik die redigeringskriteria vir hierdie week (twee of drie).
- Leerders redigeer hul eie sinne deur die kriteria te gebruik.

**Lees**
- Leerders lees hul sinne vir 'n maat.
- Sommige leerders lees hul sinne hardop vir die klas.





## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Roep Jakkals, Hoofstuk 2*

**bl. 107**
**30 min**

**MG**
**bl. 24–27**



3 DATUM

Roep Jakkals, Hoofstuk 2

Daar was nie veel om op die berg te doen nie. Die veewagter het verveeld begin raak. Hy het besluit om met die dorpenaars die gek te skeer. Hy het teen die berg afgehardloop en geskree:
"Help, Help! Jakkals!"
Die dorpenaars het hom gehoor en teen die berg uitgehardloop.
Hulle het met stokke gekom om die jakkals weg te jaag.
Al wat hulle egter gevind het, was die veewagter wat hulle uitgelag het oor die poets wat hy vir hulle gebak het.

Lees en dink
Waarom het die veewagter gelag?

Op my eie
Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

ONAFHANKLIKE LEES — WEEK 7 • WOENSDAG • 107



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 3

### Aanvaar, verwerp

Maak 'n afskrif van hierdie bladsy in die OG vir elke leerder.

**OG**
**bl. 119**
**30 min**



NAAM ______ DATUM ______

Aanvaar, verwerp

**Merk die regte sin.**

1. **Om te kalmeer**
   - ○ Om stadig asem te haal laat jou kalm voel.
   - ○ Jy voel kalm wanneer jy kwaad is.
   - ○ Harde geraas laat jou kalm voel.
2. **Om verskoning vra**
   - ○ Om verskoning vra is om iemand bang te maak.
   - ○ Om verskoning vra is om te sê jy is jammer.
   - ○ Dit wys jy is 'n swakkeling as jy om verskoning vra.
3. **Om te respekteer**
   - ○ Jy wys respek deur in die klaskamer te mors.
   - ○ Jy wys respek deur slegte dinge te sê.
   - ○ Jy wys respek deur aandagtig na ander mense te luister.
4. **Om te boelie**
   - ○ Dit is reg om mense te boelie.
   - ○ Ons moet mense wat ander mense boelie, stop.
   - ○ Jy moet boelies respekteer.
5. **Om te vertrou**
   - ○ Jy kan eerlike mense vertrou.
   - ○ Jy kan mense vertrou wat leuens vertel.
   - ○ Jy kan alle volwassenes vertrou.

AK ASSESSERING 3 — Week 7 • Woensdag 119

**Skryf**

- Die leerders voltooi die geskrewe aktiwiteit **individueel**.
- Lees die sinne vir elke woord saam met die leerders en gee vir hulle tyd om te besluit watter opsie korrek is en 'n merk in die boksie te maak.

**Sien na:**
Sien bl. 112
**Punte:** 10

**Om te groei**
1. Kinders groei soos hulle ouer word.
2. Wanneer jy groei, word jy kleiner en kleiner.
3. Wanneer jy groei, word jy jonger en jonger.

**Bekommerd**
1. Jy voel bekommerd wanneer jy gelukkig en selfversekerd is.
2. Jy voel bekommerd wanneer jy ontspanne en kalm is.
3. Jy voel bekommerd wanneer jy bang is vir iets.

**Kwaad**
1. Mense sal van jou hou as jy gedurig kwaad is.
2. Dit is oukei om iemand te slaan as hulle jou kwaad maak.
3. As jy voel dat jy besig is om kwaad te raak, moet jy probeer om te kalmeer.



## UITVOERENDE KUNSTE

### Reageer op musiek

**30 min**



**Inleiding**

- Praat oor die doel van perkussie in musiek (*om die ritme of maatslag te beklemtoon*).
- Bespreek die verskillende instrumente wat gebruik kan word.

**Maatslagritme**

- Speel of sing Suid-Afrikaanse musiek, modern of tradisioneel.

**Groepe**

- In groepe van 4–10, gee die leerders 'n uitvoering deur hul stemme en perkussie-instrumente te gebruik.
- Die uitvoering sal Donderdag uitgevoer.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

**25 min**

**MG**
**bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT Ritmes

15 min

- Laat groepe toe om hierdie tyd te gebruik om vir hul UK-uitvoerings te oefen.





## KLANKE Skryf sinne

15 min

MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Skryf die 10 spelwoorde op die bord.
- Leerders gebruik die woorde om 10 sinne in hul oefenboeke te skryf.
- Vir tuiswerk, leer leerders die spelwoorde van die laaste twee weke.

| | |
|---|---|
| trek | twis |
| twak | klei |
| trein | vlerk |
| vlug | vraag |
| sweet | staan |



## HANDSKRIF Lopende skrif *s*, *ms*

bl. 101

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Donderdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## LEES Oefen vlotheid

bl. 108

15 min

**Gedeelde Lees**

- Lees die teks vir die leerders.
- Leerders lees die teks onafhanklik.

**Lees in pare**

**Gee terugvoering**



DATUM

Oefen vlotheid

**Oefen om hierdie teks saam met 'n maat te lees. Lees vlot. Let op die leestekens.**

Ferdie se mamma het geroep: "Opstaan Ferdie, 7
dit is tyd vir skool. Staan gou-gou op. Ek moet 18
werk toe gaan." 21
"Ek voel siek, Mamma. My keel is seer," het 30
Ferdie gesê. "Kom, laat ek kyk," het Mamma 38
Varkie gesê. Sy het in sy keel gekyk. "O, ek sien 49
jou keel is baie rooi!" 54
Sy het nie die stokkielekker onder die bed 62
gesien nie. 64
Sy het 'n termometer in Ferdie se mond gesit en 74
toe gaan aantrek vir werk. Sy het nie gesien toe 84
Ferdie badkamer toe gegaan het nie. 90

**Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees? Probeer jou telling verbeter.**

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |

108 • WEEK 7 • DONDERDAG



## GEDEELDE SKRYF Beskryf toe en nou

15 min

MG bl. 38–41

- Skryf twee paragrawe in verskillende tydsvorme oor hul verlede en huidige lewe saam met die leerders.
- Bespreking vooraf: Kies 'n leerder om oor te skryf.
  - Paragraaf 1: Het by my ouma gebly, het van stokkielekkers gehou, het TV gekyk, ens.
  - Paragraaf 2: Bly by my ma, hou van roomys, speel rekenaarspeletjies, ens.
- **Let op na:** Verskillende tydsvorme, paragrafering, volsinne.

**Titel: Zodwa (naam) toe en nou**

- **Paragraaf 1: Toe:** Waar ek gewoon het, waarvan ek gehou het, wat ek gedoen het, wie na my omgesien het.
- **Paragraaf 2: Nou:** Waar ek nou woon, waarvan ek nou hou, waarin ek goed is, ens.



## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Roep Jakkals, Hoofstuk 3*

bl. 109
30 min

MG
bl. 24–27



4 DATUM

Roep Jakkals, Hoofstuk 3

’n Paar dae later, teen sonsondergang, het die veewagter ’n geraas in die gras gehoor. Hy het ’n groot jakkals wat die bokkies dopgehou het agter ’n rots gesien. Bang het hy teen die berg afgehardloop en geskree: “Help, help! Jakkals!”
Die dorpenaars het die veewagter gehoor, maar hulle het nie teen die berg uitgegaan soos hulle voorheen gedoen het nie. “Daardie seun gaan nie weer van ons gekke maak nie,” het hulle gesê.

Lees en dink
Hoekom het die dorpenaars nie die veewagter gaan help nie?

Op my eie
Wat, dink jy, gaan verder gebeur?

ONAFHANKLIKE LEES    WEEK 7 • DONDERDAG • 109



## AANVANGSKENNIS — Noodhulp

30 min

**Bespreking**

- Gebruik die storie van Karabelo om noodhulpstrategieë vir snye, breuke, brande, elektriese skokke, valle, ens. verder te bespreek.
- Beklemtoon dat noodhulp slegs tydelik is. Die persoon moet steeds deur ’n volwassene of dokter ondersoek word.
- Bespreek die konsep van ’n noodhulptassie en wat ons daarin behoort te hê.
- Kopieer die tabel hieronder op die bord om die bespreking in tabelvorm te skryf.

| Besering | Noodhulp |
|---|---|
| Sny of skaafplek (klein) | Was met lopende water. |
| Sny (groot) | Stop bloeding met ’n skoon lap. |
| Slegte val | Moenie die persoon beweeg nie. Kalmeer en verseker van hulp. |
| Verstik | Heimlich (druk in en op). |



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1 — Musiekuitvoering deur groep

30 min

**Inleiding**

- Verduidelik tye. Beplan hoeveel tyd elke groep gaan kry.
- Bespreek hoe om ’n goeie gehoor te wees.

**Voer uit**

- Groepe tree op.

**Sien na:** Sien bl. 114
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

25 min

MG
bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Hersiening van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat was vir julle die interessantste ding wat julle hierdie week geleer het? Was jy hierdie week vriendelik teenoor iemand anders?
- **Pare:** Deel met 'n maat.
- **Deel:** Wat sal julle volgende week anders doen?

## KLANKE ASSESSERING 1 — Spelling en diktee

15 min

MG bl. 10

**Woorde**: **temperatuur**, **kraan**, **pruim**, **kwaai**, **smeer**, **trein**, **pasiënt**, **kalm**, **vlerk**, **boelie**.




**Sien na:** Sien bl. 108
**Punte:** 5

## HANDSKRIF — Hersiening

bl. 101

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Vrydag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## SKRYF ASSESSERING 2 — My lewe tot dusver

15 min

MG bl. 38–41

- Die leerders skryf twee paragrawe oor hul lewe.




**Sien na:** Sien bl. 111
**Punte:** 10

## GROEPBEGELEIDE LEES

bl. 110

30 min

MG bl. 24–27

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Roep Jakkals, Hoofstuk 4*



DATUM

5

Roep Jakkals, Hoofstuk 4

Die jakkals het op een van die jong bokkies gespring en dit weggedra. Die veewagter kon nie die jakkals alleen keer nie. Hy was hartseer en skaam toe hy daardie aand met die ander bokkies van die berg af kom.

Hy het sy les geleer. Leuenaars word nie geglo nie, selfs al praat hulle die waarheid.

Op my eie

Wat sou jy vir die veewagter sê?

110 • WEEK 7 • VRYDAG — ONAFHANKLIKE LEES



## LEES — Sien na en gee terugvoering

15 min



**Lees en beantwoord vrae**
- Lees OW, teks A–E, hardop vir die klas. Die leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde by teks A–D en laat die leerders self nasien.

**Bespreek die teks**

**Sien na**
- Parafeer net.



## AANVANGSKENNIS — DBO-werkboektyd

30 min




**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- DBO-werkboek 1 vir Lewensvaardigheid, bl. 22 en 23.
- DBO-werkboek 1 vir Huistaal, bl. 55.

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur DBO-Werkboekbladsy van verlede week.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

25 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB’e en oefenboeke ingeneem**
- **die werk nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **identifiseer** enige lesse wat ek nie kon voltooi nie
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week ’n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## OORSIG WEEK 8



# Regte en verantwoordelikhede

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders:**

- Verstaan die konsep van respek deur na 'n storie te luister.
- Vergelyk regte en verantwoordelikhede by die huis en skool.
- Bespreek kontras, patroon en tekstuur in tradisionele kleipotte, en maak 'n knyppotjie.
- Lees en beantwoord vrae oor 'n tradisionele Europese feeverhaal.
- Verstaan die struktuur van 'n storie as 'n begripstrategie.
- Lees oor verskillende lekkernye.
- Skryf sinne vir die begin van die storie om die agtergrond te skep.
- Skryf twee paragrawe oor 'n prent.
- Leer 10 spelwoorde.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | woud | veranwoordelikheid | reëls | monster | planmakers |
| | *forest* | *responsibility* | *rules* | *ogre* | *problem-solver* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | respek | regte | verantwoordelikhede |
| | *respect* | *rights* | *responsibilities* |

**Sin**

Eendag, lank gelede was daar 'n seuntjie en 'n dogtertjie, Hansie en Grietjie. Hulle het in 'n huis aan die rand van die woud gewoon.

*Once upon a time there were a boy and a girl, called Hansel and Gretel. They lived in a house at the edge of a forest.*

## TOERUSTING

- Kies vyf verskillende prente uit tydskrifte of koerante en bring elke dag een skool toe, bv. 'n landskap, mense wat iets doen, kos, diere, motors, ens. Demonstreer aan die leerders hoe om die prente te beskryf.
- Die leerders moet Woensdag en Donderdag hul eie prente skool toe bring.
- Klei om knyppotjiete te maak.
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite.

## ASSESSERING

**Neem in en sien na:** Onafhanklike skryf (beskrywing van 'n prent); Woordeskat (Woensdag); Sinne (inleiding van storie, Donderdag).

**Informeel:** Spoedlees woorde (Vrydag)

**Voorgestelde Formele Assesseringsaktiwiteite**
Let op: 'n Paar bladsye in die OG moet hiervoor gekopieer word

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ma.–Vr. | Lees 1: Hardoplees gedurende GBL-tyd | MONDELING | OG bl. 83, 85, 87, 89, 91 |
| Di. | Klanke 2: Klanke | OG bl. 120 | OG bl. 84 |
| Di. | Lees 2: Leesbegrip | OG bl. 121 | OG bl. 84 |
| Vr. | Handskrif 1 | OEFENBOEK | OG bl. 90 |
| Do./Vr. | Liggaamsopvoeding 2: Speletjie | PRAKTIES | OG bl. 89, 91 |

# Respekteer mekaar



Dit was Maandagoggend en Juffrou Kepe, die Graad 3-juffrou, was besig om op die bord te skryf. Die leerders was besig om in stilte by hul banke te werk.

Skielik was daar 'n harde slag toe 'n stoel op die vloer val en iemand hard skree. Juffrou Kepe het vinnig omgedraai en na die klas gekyk. Reg voor haar was twee seuns besig om te baklei.

"Lebo, Akhona, gaan sit nou dadelik, albei van julle, " het Juffrou Kepe streng gesê. "Waaroor baklei julle?"

"Lebo het my 'n dom idioot genoem, " het Akohona gesê. "Hy respekteer my nie."

"Akhona het my geslaan, " het Lebo gesê. "Hy het my stoel omgestamp."

"Wat is die reël oor baklei by die skool?" het Juffrou Kepe gevra.

"Dit word nie toegelaat nie, " het Lebo gesê. "Ons moet ons probleme vreedsaam oplos, " het Akhona bygevoeg.

"Doodreg, " het Juffrou Kepe gesê. "Jy het die reg om gerespekteer te word, maar dit is ook jou verantwoordelikheid om die ander persoon te respekteer. Kom en sê jammer vir mekaar, en dan gaan sit julle."

Die seuns het mekaar om verskoning gevra en blad geskud. "Dis mooi!" het Juffrou Kepe gesê en aan hulle elkeen 'n vat vyf gegee.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus?
- **Pare:** Vertel jou nuus aan ’n maat. Reageer vriendelik teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - ’n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker dat al die leerders deur die loop van die kwartaal ’n geleentheid kry.
  - Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, formele assesserings, ens.*)

- Die leerders moet ’n prent waarvan hulle hou, skool toe bring (bv. uit ’n tydskrif of koerant).
- Wys jou eie prente en sê dat jy hierdie week met hulle daaroor gaan praat.



## KLANKE Soek die woorde

bl. 120

15 min

MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Lees die spelwoorde vir die week op bladsy 123 van hierdie gids.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.


DATUM

Soek die woorde

wolk terg self pomp park niks kans
kamp kalf hark fiks dans dalk berg

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| q | f | i | k | s | w | e | p | a | r | k |
| w | i | g | a | x | r | t | y | u | i | o |
| e | p | h | m | c | p | a | s | d | f | w |
| p | o | m | p | v | k | a | n | s | g | o |
| r | a | j | z | b | a | h | j | h | k | l |
| t | s | k | b | n | l | z | d | a | l | k |
| y | d | s | e | l | f | x | c | r | v | b |
| u | f | l | r | m | c | n | i | k | s | n |
| t | e | r | g | q | d | a | n | s | m | v |

Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in ’n sin.

1

2

3

120 • WEEK 8 • MAANDAG



## HANDSKRIF Vaslegging

bl. 119

10 min

MG bl. 31–37

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Maandag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.


Handskrif

Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.

WEEK 8 • 119



## LEES Die onderwyser lees hardop

OG bl. 81

15 min



**Vóór lees**

- Wat beteken dit om mekaar te respekteer? Hoe kan jy respek teenoor jou mede-skoolmaats toon?

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**

- Het ons ’n reël teen bakleiery by ons skool?
- Wat is regte? Kan julle aan enige regte dink wat julle het?
- Wat is verantwoordelikhede? Kan julle aan enige verantwoordelikhede dink wat julle het?

## LUISTER EN PRAAT

15 min



- Onderrig ’n les wat op die klank-leesboeke gebaseer is.

## LEES ASSESSERING 1 — Individuele Lees (Groep 1)

**MG bl. 28–30**

**Sien na:** Sien bl. 109
**Punte:** 10

- Hierdie week tydens GBL-tyd gaan jy individuele hardoplees assesseer.
- Roep die leerders een vir een na jou lessenaar om vir jou te lees.
- Gebruik 'n Gedeelde Lees-teks of enige ander bekende teks.
- Luister vir ongeveer 1 minuut na elke leerder terwyl hulle die teks hardop vir jou lees.

- **Onafhanklike lees:** Sinne

**bl. 121** | **30 min**

**MG bl. 24–27**




## AANVANGSKENNNIS — Regte en verantwoordelikhede

**30 min** | **MG bl. 45**

**Stel die konsep bekend**
- Wat is die verskil tussen 'n reg en 'n verantwoordelikheid?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat weet julle reeds van regte en verantwoordelikhede?
- **Pare:** Deel jou antwoorde met 'n maat.
- **Deel:** Bespreek dit met die onderwyser.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**
- Skryf die leerders se bydraes in ry 1 op jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil julle graag oor regte en verantwoordelikhede leer? Skryf dit in ry 2.
- Die leerders kies een idee uit elke ry om op hul KWL-kaarte skryf.




## VISUELE KUNSTE — Kleipotte

**bl. 122** | **30 min**

**Oor die kleipotte**
Zulu-potte soos hierdie word tradisioneel gebruik om bier in te bêre en mee te bedien. Dit is handgemaak en word op verskillende maniere versier.

**Pare**
- Kyk goed na die prente van die potte.

**Bespreek die vrae in die LAB in die klas**
- Voorbeelde van **kontras** is gladde/growwe teksture, ligte/donker kleure of dik/dun lyne.
- Wanneer jy 'n lyn, vorm of kleur herhaal, skep jy 'n **patroon**.
- **Tekstuur** is hoe iets voel wanneer jy daaraan raak.
  Hoe weet julle of hierdie potte glad of grof voel?

## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**25 min** | **MG bl. 51–52**

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Heelklasaktiwiteit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Bespreek prente

**15 min**

**Inleiding**
- Wys een van jou prente. Bespreek dit.
- Wys 'n tweede prent vir bespreking in pare.

**Pare**
Maat 1 beskryf die onderwyser se prent (rolle word die volgende dag omgeruil)

- Waar speel hierdie prent af (die omgewing)?
- Wat is in die **voorgrond**?
- Wat is in die **agtergrond**?
- Gebeur daar enigiets in die prent? Wat?
- Hou jy van die prent? Hoekom?



## KLANKE ASSESSERING 2 — Skryf die klanke neer

**OG bl. 120**
**10 min**

Maak 'n afskrif van hierdie bladsy in die OG vir elke leerder.

**Skryf die klanke**
- Sê die vyf klanke.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1** aai | **2** oei | **3** ooi | **4** ou | **5** ui |

- Die leerders skryf die klanke in die ooreenstemmende spasies in die LAB.

**Vul die ontbrekende letters in**
- Die leerders voltooi die woord deur die ontbrekende letters in te vul.

**Sien na:** Sien bl. 108
**Punte:** 10






## HANDSKRIF — Vaslegging

**bl. 119**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Dinsdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## LEES ASSESSERING 2 — Begripvoorbereiding

**bl. 112–117**
**15 min**

**Verduidelik die taak** Ons gaan die storie saam lees, waarna julle 'n skriftelike begripstaak sal doen.

**Vóór lees (storie-elemente)**
- **Kyk na die titel en prent 1**. Hierdie name is die name van twee kinders. Hulle is die **hoofkarakters**.
- Waar, dink julle, vind die storie plaas (woud)? Dit is die storie-**omgewing**.

**Gedeelde Lees**
- Lees die storie **vir** of **saam met** die leerders.






## LEES ASSESSERING 2 — Leesbegrip

**OG bl. 121**
**10 min**

Maak 'n afskrif van hierdie bladsy in die OG vir elke leerder.

**Lees vrae**
- Verduidelik dat dit 'n toets is en dat die leerders **individueel** moet werk.
- Lees die vrae saam.

**Skryf**
- Die leerders voltooi die aktiwiteit op hul afskrif van die bladsy.

**Neem die LAB in om na te sien**

**Sien na:** Sien bl. 109
**Punte:** 10





## LEES ASSESSERING 1

### Individuele Lees (Groep 2)

Gaan voort met die assessering van individuele leerders.

**Sien na:** Sien bl. 109
**Punte:** 10



- **Onafhanklike lees:** *Sjokolade*

bl. 123
30 min
MG bl. 24–27



DATUM

Sjokolade

Sjokolade is 'n lekkerny. Sjokolade word van die sade of bone van 'n kakaoboom gemaak. Die kakaobone het 'n bitter smaak as jy dit rou eet. Om die bone in sjokolade te verander, word dit gedroog, gemaal en dan gerooster. Om dit nóg lekkerder te maak, word suiker, olie of melk bygevoeg. Die meeste kakaobone word in Wes-Afrika gekweek.

Soek en vind

Van watter sade of bone word sjokolade gemaak?

Op my eie

Watter sjokolade sal jy graag nóú wil eet?

ONAFHANKLIKE LEES — WEEK 8 • DINSDAG • 123



## AANVANGSKENNIS

### Regte en verantwoordelikhede by die huis

**Hersien die konsep**

- Wat doen jy om jou familie by die huis te help? Is dit 'n reg of verantwoordelikheid om jou familie te help?
- Wat verwag jy moet jou familie jou by die huis van voorsien? Is hierdie regte of verantwoordelikhede?

**Bespreek die LAB-bladsy**

- Is elke item in die tabel 'n reg of 'n verantwoordelikheid?
- Sluit dié bespreking by die leerders se eie ervaringe aan, bv. *Het jy tyd om te speel? Hou jy jou besittings skoon en netjies?*

**Kleur in en skryf**

- Die leerders kleur die regte met een kleur in en die verantwoordelikhede met 'n ander kleur.
- Die leerders skryf 'n sin oor hoe hulle tuis help.

bl. 124
30 min



DATUM

Regte en verantwoordelikhede by die huis

**Kleur die vierkante in. Gebruik een kleur vir regte en 'n ander kleur vir verantwoordelikhede.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Om 'n skoon huis te hê | Om na die omgewing om te sien | Om my familielede te respekteer | Om genoeg kos te hê |
| Om myself gesond te hou deur gereeld te oefen | Om tyd te hê om te speel | Om veilig by die huis te wees | Om my besittings skoon en netjies te hou |
| Om met bedagsaamheid behandel te word | Om versorg te word wanneer ek siek is | Om nie kos te mors nie | Om veiligheidsreëls na te kom |

**Skryf 'n sin oor hoe jy by die huis kan help.**

124 • WEEK 8 • DINSDAG



## VISUELE KUNSTE

### Knyppotjie

**Jy het nodig:** 'n Stuk klei vir elke leerder, en water gemeng met klei om potte glad te maak.

**Maak 'n knyppotjie**

1. Rol die klei in 'n gladde bal.
2. Druk jou duim in die klei.
3. Knyp en draai om kante te maak. (Moenie te hard druk nie.)
4. Klop die bodem op 'n plat oppervlak.
5. Maak dit effens nat en maak die kante glad.
6. Maak patrone op die oppervlak.
7. Krap jou voorletters aan die onderkant uit.
8. Laat dit tot volgende week staan om droog te raak.

**Wenke**

Ontmoedig die leerders om weer oor te begin – dit droog die klei uit. Verhoed om die kante vas te druk, want dit sal te dun word en breek.

30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Heelklasaktiwiteit**

25 min
MG bl. 51–52



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT Bespreek prente

15 min



**Inleiding**
- Verduidelik dat die leerders Donderdag en Vrydag hul eie prente moet saambring.
- Wys nog een van jou prente.

**Pare**
Die leerders moet in pare die onderwyser se prent beskryf.

## KLANKE Skryf sinne

15 min
MG bl. 8–13




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Skryf 10 spelwoorde op die bord.
- Leerders gebruik die woorde om 10 sinne in hul oefenboeke te skryf.
- Daarna kan leerders hul sinne vir ’n maat of die klas lees.

## HANDSKRIF Vaslegging

bl. 119
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Woensdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## LEES Woordeskat

bl. 112–117
15 min

**Gedeelde Lees**
- Lees twee bladsye van  die teks **saam met** die leerders.

**Woordeskat**
- Lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| woud | verantwoordelikheid | reëls | monster | planmakers |

- **Woordsoek:** Terwyl jy lees, moet die leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks raaksien. Hulle omkring of onderstreep elke woord.
- Bespreek die betekenis van elke woord binne die konteks van die storie.

**Die leerders rangskik die flitskaarte** alfabeties.




## SKRYF Woordeskat

bl. 125
15 min

**Mondeling**
- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**
- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer hul werk.
- Die leerders skryf die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Vertoon woordeskatflitskaarte** teen die woordmuur.



## LEES ASSESSERING 1 — Individuele Lees (Groep 3)

Gaan voort met die assessering van individuele leerders.

**Sien na:** Sien bl. 109
**Punte:** 10

- **Onafhanklike lees:** *Lekkers*

bl. 126
30 min
MG bl. 24–27


DATUM

Lekkers

Lekkers is 'n lekkerny. Lekkers word van suiker gemaak, en suiker word van die suikerrietplant gemaak. Daar is baie suikerrietplase in KwaZulu-Natal. Die suikerrietstingels word fyngemaal om die soet vloeistof daaruit te kry. Die vloeistof word gekook en dan gedroog om suiker te maak. Om lekkers te maak word die suiker gesmelt. Dan word kleursel, geure of jellie bygevoeg.
Daar is baie verskillende soorte lekkers, soos stokkielekkers, suiglekkers en jellielekkers.

Soek en vind
Van watter plant kom suiker?

Op my eie
Skryf twee soorte lekkers neer waarvan jy die meeste hou.

126 • WEEK 8 • WOENSDAG — ONAFHANKLIKE LEES

## AANVANGSKENNIS — Regte en verantwoordelikhede by die skool

**Lees en bespreek**

- Lees elke opskrif saam met die leerders en bespreek die prent.
- Vra of watter 'n reg en watter 'n verantwoordelikheid is. Help die leerders om te sien dat iemand se verantwoordelikhede soms ook jou regte is.

**Skryf**

- Die leerders kopieer die stellings onder die korrekte opskrif op die tabel.
- Hulle voeg een reg en een verantwoordelikheid van hul eie by.

bl. 127
30 min


DATUM

Regte en verantwoordelikhede by die skool

**Pas die regte by die verantwoordelikheid. Dink aan nog een reg en nog een verantwoordelikheid. Skryf dit in die tabel.**

- Om gerespekteer te word
- Om foute te maak
- Om só op te tree dat ander daaruit kan leer
- Om na ander se opinies te luister
- Om ander mense te respekteer
- Om uit my foute te leer
- Om my eie opinies te hê
- Om te leer

| My regte | My verantwoordelikhede |
|---|---|
| 1. Om gerespekteer te word | 1. Om ander mense te respekteer |
| 2. | 2. |
| 3. | 3. |
| 4. | 4. |
| 5. | 5. |

WEEK 8 • WOENSDAG • 127

## UITVOERENDE KUNSTE — Standbeelde

30 min

**Verduidelik die aktiwiteit**

- Die leerders beweeg op jou instruksies, bv. hardloop, huppel, hop, kruip, loop op jou tone, ens.
- Wanneer jy "Stop" sê, moet hulle hul liggame in die vorm van 'n pragtige standbeeld verander.
- Enigeen wat beweeg, is uit tot die volgende rondte.

**Doen**

- Die leerders probeer om interessante standbeelde te skep.
- Kies 'n paar standbeelde om vir die klas te wys.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

25 min
MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Bespreek prente

**15 min**



**Pare**
- Die leerders beskryf hul prente.
- **Herinnering:** Die leerders moet hul prente weer die volgende dag bring.

**Neem waar**
- Gebruik jou aantekeningboek om jou waarneming van die aktiwiteit aan te teken.

## KLANKE — Voltooi die sinne

**bl. 128**
**15 min**
**MG bl. 8–13**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.


DATUM ______

Voltooi die sinne

park dans berg wolk hemp wolf

1 Ek dra graag 'n geel hemp.
2 Ons speel in die ______ .
3 Die ______ huil snags vir die maan.
4 Ek ______ as ek gelukkig is.
5 Daar is 'n ______ die lug.
6 Ons klim 'n baie steil ______ .

128 • WEEK 8 • DONDERDAG

## HANDSKRIF — Vaslegging

**bl. 119**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Donderdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.




## GEDEELDE LEES — Taal

**15 min**

**Gedeelde Lees**
- Lees die volgende twee bladsye van die teks saam met die leerders.

**Stel die sinne bekend**
- Skryf die sinne op die bord.
- Die leerders vind die sinne in die teks op bl. 112.

**Werk met die sin**
- Vind die woorde wat vir ons sê:
  - oor **wie** die storie gaan (karakters)
  - **waar** die storie plaasvind (omgewing/agtergrond)
  - **wanneer** die storie plaasgevind het (tyd)
  - **beginwoorde** (*Eendag, lank gelede of iets soortgelyks*)




## SKRYF — Taal

**15 min**

**Skryf**
- Demonstreer hoe om die Gedeelde Lees-sin as 'n patroon te gebruik.
- Skryf 'n nuwe sin met dieselfde patroon op die bord.
- Leerders skryf twee sinne deur die patroon te gebruik.
- Moedig verbeelding aan, bv. 'n vreemde tipe huis, 'n plek ver weg.





## LEES ASSESSERING 1 Individuele Lees (Groep 4)

Gaan voort met die assessering van individuele leerders.

**Sien na:** Sien bl. 109
**Punte:** 10



- **Onafhanklike lees:** *Konfyt*

bl. 129
30 min
MG bl. 24–27



4 DATUM

Konfyt

Konfyt is 'n soet lekkerny. Dit word van vrugte en suiker gemaak. Die vrugte word in klein stukkies gesny en dan met water en suiker gekook. Konfyt word soms in fabrieke gemaak, maar jy kan ook jou eie konfyt by die huis maak. Slegs sekere vrugte kan vir konfyt gebruik word. Lemoene, perskes, appelkose en bessies kan vir konfyt gebruik word. Toebroodjies met konfyt en grondboontjiebotter is lekker om by die skool te geniet.

Soek en vind
Waarvan word konfyt gemaak?

Op my eie
Van watter konfyt hou jy die meeste?

ONAFHANKLIKE LEES WEEK 8 • DONDERDAG • 129



## AANVANGSKENNIS Hersiening van konsep

30 min
MG bl. 45

**KWL-kaart**
- Help die leerders om die laaste ry van die KWL-kaart te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra die vrae.

**respek**
1. Wanneer jy iemand respekteer, is jy beleefd teenoor hulle.
2. Wanneer jy iemand respekteer, luister jy na hul opinies.
3. Wanneer jy ongeskik is teenoor mense, wys jy respek.

**regte**
1. Kinders het geen regte nie.
2. Regte is iets wat jy móét hê.
3. Kinders het die reg tot opvoeding.

**verantantwoordelikhede**
1. Slegs volwassenes het verantwoordelikhede.
2. Kinders het verantwoordelikhede.
3. Kinders het die verantwoordelikheid om so veel moontlik te leer.

**Engels EAT:** *respect*, *rights*, *responsibilities*.



## UITVOERENDE KUNSTE Kunsgalery

30 min



**Stel die aktiwiteit bekend**
- Teken 'n sirkel. Sê vir die leerders dat hul standbeelde in 'n kunsgalery gaan wees.

**Doen die aktiwiteit**
- Gee die tema van die dag vir die kunsgalery, bv. dansers, bome, hip-hop, soldate.
- Roep uit: "Galery, stop!" Laat die leerders in hul posisies inbeweeg.
- Loop rond asof jy in 'n kunsgalery is en lewer hardop kommentaar oor die verskillende standbeelde.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2 Speletjies

25 min



**LW: Neem waar en assesseer een *helfte* van die leerders gedurende hierdie les.**

**Kies 'n speletjies**
- Selekteer 'n speletjie soos kat-en-muis of 'n balspeletjie soos mini-krieket of mini-sokker.

**Verduidelik die aktiwiteit**
- Verduidelik die reëls van die speletjie wat jy gekies het.

**Speel die speletjie**
- Die leerders speel die speletjie.
- Neem waar en assesseer die helfte van die klas.

**Sien na:** Sien bl. 115
**Punte:** 5

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Hersiening van die week

**15 min**

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Watter skoolreëls het jy hierdie week noukeurig gevolg? Was jy hierdie week verantwoordelik? Hoe/waar (huis of skool)?
- **Pare:** Deel met 'n maat.
- **Deel:** Wat kan ons volgende week anders doen?





## KLANKE — Spoedlees woorde

**bl. 130**
**15 min**
**MG bl. 16**

**Lees die woorde vir die leerders**

**Pare lees die woorde**

- Leerders maak beurte om die woorde vir mekaar te lees.
- Elkeen kry 1 minuut om te lees.
- Leerders skryf neer hoeveel woorde hulle kon lees.
- Herhaal om telling te verbeter.

**Gee terugvoering**

- Lees weer die woorde saam met die leerders.
- Leerders omkring die woorde wat hulle verkeerd gelees het, indien enige.


DATUM

Spoedlees woorde

Lees die woorde saam met 'n maat. Merk die woorde wat jy kan lees. Leer die woorde wat jy nie kon lees nie.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| weet | nooi | groet | sneeu | meng |
| hoog | saai | klein | spies | mank |
| kaas | eeu | knik | ster, | self |
| duur | loei | krag | swak | valk |
| sien | blus | kweek | trui | wens |
| goed | broek | ploeg | vloer | munt |
| sout | dreun | proe | vries | land |
| suig | frons | skeef | spreeu | pomp |
| wei | fliek | slim | strik | mark |
| geut | gleuf | smal | skree | wurm |

Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees?
Hoogste telling: ______ woorde
Probeer jou telling verbeter.

130 • WEEK 8 • VRYDAG



## HANDSKRIF ASSESSERING 1

**bl. 119**
**10 min**

**Die leerders skryf**

- Die leerders kopieer die letters van die dag in hul oefenboeke.

**Neem in om na te sien**

**Sien na:** Sien bl. 110
**Punte:** 5






## SKRYF — My prent

**15 min**
**MG bl. 38–41**

- Die leerders skryf· oor hul prente.
- **Let op na:** Paragrafering, interessante waarneming, regverdige peroonlike reaksie.






## LEES ASSESSERING 1 — Individuele Lees (Groep 5)

Gaan voort met die assessering van individuele leerders.

**Sien na:** Sien bl. 109
**Punte:** 10



- **Onafhanklike lees:** *Koekies*

**bl. 131**
**30 min**
**MG bl. 24–27**


5 DATUM

Koekies

Koekies is 'n soet lekkerny. Die meeste koekies word van meel, botter en suiker gemaak. Die bestanddele word goed gemeng, plat uitgerol en dan in 'n oond gebak. Verskillende goed, soos klapper, neute of sjokolade kan by die koekiedeeg gevoeg word. Koekies kan in 'n fabriek of tuis gemaak word. Koekies is gewoonlik soet en bros.

Soek en vind
Waarvan word koekies gemaak?

Op my eie
Van watter soort koekies hou jy die meeste?

ONAFHANKLIKE LEES — WEEK 8 • VRYDAG • 131

## LEES — Sien na en gee terugvoering



15 min

**Lees en beantwoord vrae**
- Lees hierdie week se **Onafhanklike lees**-teks hardop vir die klas.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde by teks A–D en laat die leerders self nasien.

**Bespreek die teks**

**Sien na**
- Parafeer net.

## AANVANGSKENNIS — DBO-werkboektyd

30 min




**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- DBO-werkboek 1 vir Lewensvaardigheid, bl. 28 en 29.
- DBO-werkboek 1 vir Huistaal, bl. 56–57.

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur DBO-Werkboekbladsy van verlede week.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.

## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2 — Speletjies

25 min



**LW: Neem waar en assesseer die ander *helfte* van die leerders gedurende hierdie les.**

**Kies 'n speletjie**
- Selekteer 'n speletjie soos kat-en-Muis of 'n balspeletjie soos mini-krieket of mini-sokker.

**Verduidelik die aktiwiteit**
- Verduidelik die reëls van die speletjie wat jy gekies het.
- Kontroleer of hulle die reëls verstaan deur vrae te vra.
- Voorsien enige apparaat wat hulle mag nodig het.

**Speel die speletjie**
- Die leerders speel die speletjie.
- Neem waar en assesseer die helfte van die klas.

**Sien na:** Sien bl. 115
**Punte:** 5

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem**
- **die werk nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **identifiseer** enige lesse wat ek nie kon voltooi nie
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## OORSIG WEEK 9



# Regte en verantwoordelikhede

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders:**

- Bespreek en skryf klasreëls, leer oor reëls vir die land (die grondwet)
- Werk in groepe om 'n storie te maak vir die beeldhouwerke wat in Week 8 gemaak is
- Luister na 'n tradisionele Europese sprokie
- Versterk die konsep van storiestruktuur deur stories met 'n begin, middel en einde oor te vertel
- Beantwoord vrae oor die elemente van 'n storie en lees oor verskillende plekke in Suid-Afrika
- Skryf twee paragrawe oor 'n skildery deur visuele ontledingstrategieë te gebruik
- Lê handskrif vir die kwartaal vas.
- Leer 10 spelwoorde.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | woud | veranwoordelikheid | reëls | monster | planmakers |
| | *forest* | *responsibility* | *rules* | *ogre* | *problem-solver* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | reël | burger | wet |
| | *rule* | *citizen* | *law* |

### Sin

Eendag, lank gelede was daar 'n seuntjie en 'n dogtertjie Hansie en Grietjie. Hulle het in 'n huis aan die rand van die woud gewoon.
*Once upon a time there were a boy and a girl, called Hansel and Gretel. They lived in a house at the edge of a forest.*

## MATERIALE

- Verf en verfkwassies om knyppotjiete mee te versier.
- Benodighede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite.

## ASSESSERING

**Neem in en sien na:** Onafhanklike skryf (Beskrywing van 'n skildery); Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Oefen vlotheid (Vrydag), Spelling en diktee (Vrydag)

# Rooikappie



Eendag, lank gelede, was daar 'n dogtertjie genaamd Rooikappie. Sy het altyd 'n rooi jassie met 'n rooi kappie gedra. Haar ouma het aan die ander kant van die woud gewoon. Rooikappie se mamma het één reël gehad: "Wanneer jy vir Ouma gaan kuier, loop padlangs. Moenie alleen deur die woud loop nie."

Rooikappie was 'n goedhartige meisie en het daarvan gehou om elke Vrydag vir haar ouma lekkernye te neem. Sy het botterbroodjies, beskuit en konfyt in 'n klein mandjie vir Ouma geneem. Een Vrydag dink sy, "Ek dink ek gaan vandag deur die woud loop. Niks sal met my gebeur nie." Sy het van haar mamma se reël vergeet.

In die woud ontmoet sy vir Wolf. "Waarheen is jy op pad, pragtige meisie?" het hy gevra.

"Ek gaan na my ouma se huis aan die anderkant van die woud. Ek gaan vir haar lekkernye neem."

Die wolf het geweet waar 'n bejaarde ouma op haar eie gewoon het. "Totsiens pragtige meisie,"het hy gesê en hom na Ouma se huis gehaas. O, liewe land … Ouma het nie haar deur gesluit nie! Die wolf het ingegaan. Ouma was vas aan die slaap in haar bed. Toe hy Rooikappie se voetstappe met die paadjie hoor aankom, het wolf die slapende ouma opgetel en in die hangkas gesit. Hy spring toe in ouma se bed en trek die komberse oor hom, net voordat Rooikappie by die deur inloop.

Ek wonder wat volgende gebeur het? Ons sal hierdie week lees oor wat gebeur het.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT **Nuus**

15 min



**Dink-Pare-Deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus?
- **Pare:** Vertel aan jou maat jou nuus. Reageer goedhartig teenoor mekaar.
- **Deel**:
  - 'n Paar leerders deel hulle nuus met die klas.
  - Maak seker dat alle leerders deur die loop van die kwartaal 'n geleentheid kry.
  - Teken waarneming in jou skootboek (dagboek) op.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale geleenthede, ens.*)



## KLANKE **Voltooi die blokkiesraaisel**

bl. 133
15 min
MG bl. 8–13




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Lees die spelwoorde vir die week op bladsy 123 van hierdie gids.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.



## HANDSKRIF **Lopende skrif *j, ja***

bl. 132
10 min
MG bl. 31–37




- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Maandag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.



## LEES **Onderwyser lees hardop**

OG bl. 93
15 min



**Vóór lees**
- Die storie van Rooikappie is 'n feeverhaal/sprokie. Watter ander feeverhale/sprokies ken julle? (Hansie en Grietjie).

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**
- Hoe het die storie begin? Watter woorde het julle gehoor?
- Wat het in die storie gebeur?
- Hoe het die storie geëindig?

## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klanke-leesboekies gebaseer is.



## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** Sinne

bl. 134
30 min
MG
bl. 24–27


DATUM
Lees die sinne
Ek tel 'n skulp op.
Mamma brei 'n serp.
Die son skyn warm.
Ek hou van sing.
Die boot sink.
Wat tel ek op?
134 • WEEK 9 • MAANDAG
ONAFHANKLIKE LEES



## AANVANGSKENNIS Klasreëls

**Lees en bespreek die plakkaat**

- Koppel aan by die leerders se ervaring. Wat is reëls? Wat is ons klasreëls?
- Lees die plakkaat saam. Is hierdie reëls dieselfde as ons reëls of verskil dit?

**Bespreek die tabel**

- Bespreek elke reël en onder watter opskrif dit op die tabel pas, bv. As ons goedhartig teenoor mense is, vir wie respekteer ons?

**Skryf**

- Leerders skryf die reëls onder die geskikte opskrif op die tabel.

**Dink-Pare-Deel**

- Wat sou gebeur het indien ons nie klasreëls gehad het nie?

bl. 135
30 min


DATUM
Klasreëls
Wees bedagsaam
Werk hard
Luister na ander
Moenie laat wees nie
Werk saam
Hou jou skool skoon
Wees veilig
Leer uit jou foute
Pas skooleiendom op
Skryf een reël langs elke opskrif neer.
Respekteer jouself
Respekteer ander
Respekteer jou skool
Wat sou gebeur het as ons nie klasreëls gehad het nie?
WEEK 9 • MAANDAG • 135



## VISUELE KUNS Knyppotjie (vervolg)

**Aktiwiteit**

- Versier die pot met verf.
- Gebruik kleur en vorms om 'n patroon te skep.

**Bêre dit veilig om môre te evalueer.**

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Heelklasaktiwiteit**

25 min
MG
bl. 51–52

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Vertel weer die storie van Rooikappie

15 min



**Maak beurte om die storie oor te vertel**

- Vra een leerder om die begin van storie te vertel.
- ’n Volgende leerder vertel die storie verder.
- Gee nóg leerders kans om die storie verder te vertel.
- Die laaste leerder vertel hoe dit geëindig het.



## KLANKE — Taal: Trappe van vergelyking, Versamelname

bl. 136
10 min
MG bl. 8–13

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 geleer is.
- Onderrig taal.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en sien saam na.



DATUM

Trappe van vergelyking

Byvoeglike naamwoorde het **drie trappe van vergelyking** as ons mense of dinge met mekaar vergelyk.

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| beskryf hoe iets is: normale woord | vergelyk twee mense of dinge met mekaar: -er as | vergelyk meer as twee mense of dinge met mekaar: die -ste |
| stadig | stadig**er as** | **die** stadig**ste** |

**Voltooi die volgende tabel.**

| | | |
|---|---|---|
| vet | | |
| | groter | |
| | | sagste |
| | slimmer | |

Versamelname

’n Versamelnaam is ’n woord wat gebruik word om ’n groot klomp van ’n soort aan te dui, byvoorbeeld: ’n klomp bye = ’n **swerm** bye.

**Voltooi met die regte versamelname.**

bondel trop hoop skool bossie boord span swerm

’n ______ voëls ’n ______ skape
’n ______ visse ’n ______ wortels
’n ______ sand ’n ______ wasgoed
’n ______ spelers ’n ______ vrugtebome

136 • WEEK 9 • DINSDAG



## HANDSKRIF — Lopende skrif *q, qu*

bl. 132
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse.
- Leerders trek die werk vir Dinsdag na. Laat hulle verder in hul oefenboeke oefen.






## GEDEELDE LEES — Vlotheid

bl. 112–117
15 min

**Gedeelde lees**

- Lees die laaste twee bladsye van die storie saam met die leerders.
- Modelleer **vlotheid en uitdrukking**.

**Lees in pare**

- Pare lees beurtelings ’n bladsy en oefen terselfdertyd om vlot en met uitdrukking te lees.



Hansie en Grietjie

Eendag, lank gelede was daar ’n seuntjie en ’n dogtertjie, Hansie en Grietjie. Hulle het saam met hul pa in ’n huis aan die kant van die woud gewoon.

Hul pa het elke dag gaan werk terwyl Hansie en Grietjie by die huis gebly het. Hansie en Grietjie was baie verantwoordelike kinders. Nadat hul pa werk toe is, het hulle die hoenders gevoer, hul skoolwerk gedoen en aandete gemaak. Hul pa was trots op hulle. Hy het net een reël gehad: “Moenie in die woud ingaan nie.”

112 • WEEK 8



## SKRYF — Leesbegrip

bl. 118
15 min

**Lees en bespreek vrae**

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in oefenboeke.

**Kontroleer en korrigeer**



DATUM

Leesbegrip

**Lees Hansie en Grietjie.**

Op my eie

1 Wat is die hoofgedagte van die storie? (Skryf 1 tot 3 sinne.)

Hierdie storie gaan oor ...

Soek en vind

2 Vind die bladsy in die LAB waarop hierdie sinne is:

“Ek sal julle binne toesluit terwyl ek brandhout gaan soek.”

Bladsy ______

Maar hulle was goeie planmakers en het aan ’n plan gedink om te ontsnap.

Bladsy ______

Hansie en Grietjie was baie verantwoordelike kinders.

Bladsy ______

3 Hoe het die kinders weer die pad huis toe gevind?

118 • WEEK 8



## GROEPBEGELEIDE LEES

- **Groeplees:** 2 groepe
- **Onafhanklike lees:** *Knysnawoud*

bl. 137

30 min

MG
bl. 24–27


DATUM ____

Knysnawoud

Woude is plekke met baie plante en bome. Die grootste woud in Suid-Afrika staan bekend as die Knysnawoud. Dit het baie hoë bome, plante, riviere en voëls. Dit is die tuiste vir verskillende soorte diere soos luiperds, ape, skilpaaie en olifante. Daar is tans slegs een olifant in die Knysnawoud oor.

Op my eie

Hoekom, dink jy, is daar slegs een olifant oor? Wat sal gebeur as die olifant doodgaan?

ONAFHANKLIKE LEES — WEEK 9 • DINSDAG • 137



## AANVANGSKENNIS

### Die grondwet

**Bespreek die prent**

- Wat sien julle in die prent?

**Onderrig die woordeskat**

- Gebruik flitskaarte om die volgende woorde te onderrig/ hersien: respek, regte, kinders, vry, wet, regeer.

**Lees en bespreek**

- Lees die teks saam met die leerders en bespreek watter woorde waar ingevul moet word.
- Vra vrae, bv. Waarom is die grondwet belangrik?

**Skryf**

- Leerders vul die ontbrekende woorde in die spasies in.

**Dink-Pare-Deel**

- Wat sou gebeur indien ’n land nie wette gehad het nie?
- Wie maak seker dat ons die wette van die land volg?

bl. 138

30 min


DATUM ____

Die grondwet

Lees oor die grondwet en vul die ontbrekende woorde in.

respekteer vry regte wet regeer kinders

Die grondwet van Suid-Afrika

Die grondwet is ’n baie belangrike dokument. Dit is in 1996 geskryf toe Suid-Afrika ’n ____ land geword het. Dit is die plan vir hoe die regering in Suid-Afrika moet ____. Die grondwet is die hoogste ____ van die land. Elke ander wet moet die grondwet volg en ____. Die grondwet beskerm ons ____ as landsburgers. Dit sluit die regte van ____ in.

1 Wat sal gebeur as ’n land nie wette gehad het nie?
2 Wie maak die wette?
3 Wie maak seker dat ons die wette van die land volg?

138 • WEEK 9 • DINSDAG



## VISUELE KUNSTE

### Knyppotjie (vervolg)

**Paar evaluering**

- Staan die potte sonder om te waggel?
- Is die rante ewe dik?
- Is die rante glad?
- Word die patroon herhaal?

**Vertoon en galery-loop**

30 min



Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en gee raad.

**Koel af**

25 min



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorvertelling van 'n storie

15 min



**Groepe van drie**
